

**'N ONDERSOEK NA DIE POTENSIËLE IMPAK VAN DIE
HERVERDELING VAN GROND OP DIE SOSIO-
EKONOMIESE TOESTANDE IN DIE SOMERSET-OOS EN
CRADOCK DISTRIKTE VAN DIE OOS-KAAP**

Dèborah Nieuwoudt



Werkstuk ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad
Magister in Stads-en Streekbeplanning aan die Universiteit van Stellenbosch.

Studieleier: Dr P. E. Claassen

April 2004

VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie werkstuk vervat, my eie oorspronklike werk is wat ek nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

Handtekening

Datum

OPSOMMING

Grond is 'n kosbare hulpbron wat nie net die basis van welvaart vorm nie, maar ook van sekuriteit, trots en geskiedenis. Die eienaarskap en gebruik van grond het nog altyd 'n belangrike rol gespeel in die politieke, ekonomiese en sosiale prosesse van 'n land. Gevolglik is dit ook 'n sensitiewe kwessie vir alle Suid-Afrikaners. Kolonisasie en die Apartheidsbeleid het die meerderheid Suid-Afrikaners ontnem van die reg om grond te besit of hul grond afgeneem, wat bygedra het tot die grootskaalse armoede van veral die landelike swart bevolking.

Een van die belangrike doeleindes van die eerste demokratiese regering wat in 1994 verkies is, was om grondhervorming in te stel wat 30% van alle landbougrond weer aan die voorheen benadeelde sektor van die bevolking sou teruggee.

Die doel van die werkstuk is om die beleid van die regering, en die teorieë, oor grondhervorming na te gaan en om die potensiële impak van dié beleid op sosio-ekonomiese ontwikkeling van die Cradock en Somerset-Oos distrikte van die Oos-Kaap te bepaal. Die dryfkrag agter die nuwe grondbeleid is die grondhervormingsprogram, wat bestaan uit herverdeling, sekerheid van eienaarskap en restitusie van grond. Grondhervorming behels onder andere die herverspreiding van grond met die hoofdoel om sosio-ekonomiese ontwikkeling te bevorder en armoede te verminder.

Uit die navorsing het dit geblyk dat grondhervorming 'n ingewikkelde kwessie is waarvoor verskeie sterk uiteenlopend standpunte gehuldig word. Selfs die Regering het sy beleid verander sedert 1994, en die Wêreldbank het ook sy beleid verander. Van die brandpunte is: moet grondhervorming hoofsaaklik gaan oor die herverdeling van grond of oor sosio-ekonomiese opheffing; is kommersiële boerdery op groot plase die beste vir herverdeling of kleinskaal boerdery op klein plase; is die kapitalistiese siening met die markmeganisme as dryfveer die beste, of moet 'n meer sosialistiese benadering gevolg word; is kommunale besit van grond die beste of individuele eienaarskap; moet slegs aansoekers met ondervinding in landbou van grond voorsien word, of ook mense met geen ondervinding nie? Al dié standpunte het voor- en teenstanders, en heelwaarskynlik sal 'n middeweg meestal die beste resultate lewer.

Uit die drie gevallestudies, sowel as die literatuur en onderhoude, het dit geblyk dat ondersteuningsdienste vir opkomende boere van kardinale belang is. Mentors, wat hulp aan opkomende boere verleen en hulle help met besigheidsplanne kan 'n positiewe bydrae maak. Hierin behoort bestaande kommersiële boere ook 'n rol speel. Dit het ook geblyk dat dit moeilik is vir groot groepe onverwante begunstigdes om suksesvol op een plaas saam te werk.

Die sukses van hierdie elemente van grondhervorming is afhanklik van meer as blote toegang tot grond – die kwaliteit van lewe en moontlikheid van werksgeleenthede kan slegs verbeter word deur die lewering van ondersteuningsdienste, infrastruktuur en ander ontwikkelingsprogramme, wat voortspruit uit grondhervorming. Dit vereis 'n opbouende vennootskap tussen nasionale-, provinsiale- en plaaslike regerings.

Volgens die sosio-ekonomiese analises blyk dit dat daar groot armoede en werkloosheid in die Somerset-Oos en Cradock distrikte is. Alhoewel die landelike bevolking daal, is daar nog steeds 'n groot swart en bruin landelike bevolking wat kan baat by grondhervorming. Weens die droë klimaat en swak grondgehalte van dié gebied is dit onwaarskynlik dat baie van dié gesinne met grond herverdeling gehelp sal kan word om uit armoede te ontsnap.

Daar was verdeelde opinie by betrokkenes oor die mate waartoe grondhervorming reeds bygedra het tot die bevordering van sosio-ekonomiese ontwikkeling. Dit blyk dat projekte waar 'n mentor opkomende boere bystaan, of waar daar 'n klein aantal lede is wat verwant is aan mekaar, 'n groter kans op sukses het.

Effektiewe grondprogramme kan moontlik direk bydra tot verhoging in produksie en die uitwissing van armoede – mits dit korrek toegepas word. Grond vorm die hoeksteen tot ontwikkeling, maar kan nie die enigste manier wees om armoede te probeer verlig nie.

SUMMARY

Land is a precious resource that forms the basis of our security, pride and history. The ownership and use of land have always played an important role in the shaping of all political, economic and social processes in South Africa. Therefore it is a very sensitive issue for all South Africans. Colonialism and the Apartheid policy deprived the majority of South Africans of the right to own land or took away their land, and this contributed to the large degree of prevailing poverty, especially of the rural black population.

One of the primary purposes of the first democratic government, elected in 1994, was to introduce land reform that would return 30% of all agricultural land to the previously deprived population.

The purpose of this study is to research the government policy, and prevailing theories, on land reform, and the impact of this policy on the socio-economic development of the Cradock and Somerset East districts of the Eastern Cape. The current power behind the new land policy is the land reform programme, which consists of redistribution, security of tenure and land restitution. Land reform means, among other things, the redistribution of land with the main objectives of achieving socio-economic development and reducing poverty.

From the research it transpired that land reform is a complex issue with widely divergent opinions. The Government itself changed its policy since 1994, and the World Bank has also change its policy. Of the burning issues are: must land reform mainly deal with land restitution, or rather with socio-economic development; is commercial farming on large farms better for land restitution, or small scale farming on small farms; is the capitalistic viewpoint driven by the market mechanism the best, or a more socialistic approach; is communal ownership of land better than individual ownership; should only applicants with farming experience be considered or also people with no experience? All these issues have proponents, mostly it seems as if compromises between these viewpoints would yield the best results.

From the case studies, as well as the literature and interviews, it transpired that support services for emerging farmers are of prime importance. Mentors that assist emerging farmers could make a positive contribution. Existing commercial farmers should also be involved as advisers. It also seemed as if it was very difficult for large groups of unrelated beneficiaries to successfully work on one farm.

The success of the policy does not only depend on the mere access to land, as the quality of life and potential job opportunities can only be increased by the provision of support services, infrastructure and other development programmes, which result from land reform. This requires a cooperative partnership between national, provincial and local governments.

The socio-economic analysis revealed that there are large scale poverty and unemployment in the districts of Cradock and Somerset East. Although the rural population is on the decline, there still are large rural black and coloured populations that may benefit from land restitution. However, because of the dry climate and poor soil quality, it is unlikely that many of these households could be helped by means of land restitution to escape from poverty.

Opinions of experts on the degree to which land reform contributed towards socio-economic development, are divided. It seems that projects where upcoming farmers are assisted by a mentor, or where a small number of beneficiaries, related to each other, are farming together, have a greater chance of succeeding.

However, for the land reform programme to meet its objectives, it is important to formulate an adequate land policy to ensure peace, reconciliation and national stability. Without these aspects, economic growth and secure livelihoods cannot be ensured. Effective land programmes can contribute directly to increased production and the reduction of poverty, but only if implemented correctly. Land forms the corner stone of development, but cannot be used or maintained as the only way to decrease or eliminate poverty.

INHOUD

VERKLARING	i
OPSOMMING	ii
SUMMARY	iv
INHOUD	vi
1 INLEIDING	1
1.1 DIE PROBLEEM	1
1.2 DOEL	4
1.3 METODE	4
1.4 BRONNE	5
2 GESKIEDKUNDIGE ONTWIKKELING	6
2.1 DIE DOEL EN NOODSAAKLIKHEID VAN GRONDHERVORMING	6
2.2 SWART BOERE IN DIE VERLEDE	6
2.3 GESKIEDENIS VAN GRONDONTEIENING IN DIE OOS-KAAP	7
2.3.1 Swak grond	12
2.3.2 Polities-gedwonge oorbevolking	12
2.3.3 Tekorte aan arbeid	13
2.3.4 Armoede	13
2.4 BELEID SEDERT 1994	13
2.5 HUIDIGE BELEID	17
2.6 DIE HERVERDELING VAN GROND VIR LANDBOU-ONTWIKKELING	19
2.6.1 Doel van die Program	19
2.6.2 Basiese beginsels van die Program	20
2.6.3 Die tipes projekte wat ingesluit word	20
2.6.4 Geslag en die Program	21
2.6.5 Die werking van die Program	21
2.6.6 Wie kwalifiseer vir die subsidies ingevolge hierdie Program?	22
2.6.7 Kriteria waaraan subsidies onderworpe is	23
2.6.8 Kritiek teen die Program	24
2.6.9 Die uitdagings wat die Program die hoof sal moet bied	26
2.7 'N GEÏNTEGREERDE BENADERING	27
2.8 SAMEVATTING	28

3	TEORETIESE ONDERBOU	30
3.1	INLEIDING	30
3.2	TEORIEË VAN ARMOEDE	30
3.2.1	Modernisasieteorie: Ontwikkeling deur groei	34
3.2.2	Afhanklikheidsteorie van onderontwikkeling	35
3.2.3	Globale interafhanklikheid	35
3.2.4	'n Nuwe Ontwikkeling	36
3.2.5	Die basiese behoeftes benadering	37
3.2.6	Ontwikkeling van onder af – mense eerste	39
3.3	TEORIEË VAN VOLHOUBAARHEID EN ONTWIKKELING	42
3.4	DIE NEO-KLASSIEKE TEORIE VAN ONTWIKKELING	44
3.5	TEORIEË VAN EIENAARSKAP	46
3.5.1	Wetlike positivistiese teorie van eiendomsregte	48
3.5.2	Klassieke liberale teorie van eiendomsregte	48
3.5.3	Nuts-teorie van eiendomsregte	48
3.5.4	Nozick se teorie van geregtigheid van eienaarskap en Rawls se teorie van geregverdigde liberalisme	49
3.6	STRUKTURE VAN EIENAARSKAP	51
3.6.1	Vrye toegang	51
3.6.2	Gemeenskaplike eiendom	52
3.6.3	Privaatbesit	52
3.6.4	Staatsbesit	53
3.7	DIE EKONOMIE VAN EIENDOMSREGTE	53
3.7.1	Eiendomsregte en vervreemding van grond	53
3.7.2	Eiendomsregte en eksternaliteite	54
3.7.3	Eiendomsregte en die gebruik van insette	54
3.8	DIE EKONOMIESE ARGUMENTE VIR GRONDHERVORMING	55
3.9	ANDER SIENINGS OOR GRONDHERVORMING	60
3.9.1	Die voor en nadele van kommunale grondbesit	60
3.9.2	Teorieë oor die invloed van plaasgrootte op grondhervorming	61
3.9.3	'n Markgebaseerde of sosialistiese sisteem?	64
3.9.4	Argumente teen grondhervorming	67
3.10	SAMEVATTING	68

4	SOSIO-EKONOMIESE ANALISE EN DEMOGRAFIE: AGTERGROND OOR DIE SOMERSET-OOS- EN CRADOCK- DISTRIKTE	73
4.1	DIE INVLOED VAN MIV/VIGS	73
4.2	SOSIO-EKONOMIESE ANALISE VAN SOMERSET-OOS EN CRADOCK	74
4.2.1	Inleiding	74
4.2.2	Die bevolking	74
4.2.3	Inkomste	76
4.2.4	Werkstatus en indiensneming	77
4.2.5	Behuising en dienste	79
4.3	GEVOLGTREKKINGS	80
5	GEVALLESTUDIES	81
5.1	INLEIDING	81
5.2	GEVALLESTUDIE 1: TEMENGO BROTHERS BK	81
5.3	GEVALLESTUDIE 2: GRONDHERVORMING VOLGENS DIE OU SISTEEM	82
5.4	GEVALLESTUDIE 3: MENTORSKAP DEUR CHRIS WILKEN	83
6	SINTESE EN GEVOLGTREKKINGS	89
6.1	SINTESE	89
6.2	AFLEIDINGS	91
6.3	TER AFSLUITING	92
	VERWYSINGS	94
	BYLAE	100

TABELLE

2.1	Gemiddelde pryse van grond per hektaar in Suid-Afrika, 1995-2000	16
2.2	Gemiddelde prys van grond per hektaar per Provinsie, 1995-2000	16
2.3	Grondhervormingsprojekte, begunstigdes en aantal hektaar oorgedra, 1994-2001	18
3.1	Bestaansboerdery versus kommersiële boerdery	71
4.1	Die 1996 bevolking van Somerset-Oos en Cradock	74
4.2	Bevolkingsgroei: Cradock en Somerset-Oos: 1960-1996	75
4.3	Persentasie huishoudings wat minder as R1000/maand verdien	76
4.4	Indiensneming volgens bevolkingsgroep – Cradock en Somerset-Oos	77
4.5	Indiensneming van volwassenes – Cradock en Somerset-Oos	78
4.6	Werkloosheidsverhouding	78
4.7	Persentasie van bevolking met riolering- / toiletgeriewe	79
4.8	Persentasie huishoudings met watervoorsiening beskikbaar	80
5.1	Bedryfskoste van plase	87

FIGURE

3.1	Deprivasie Vangnet	33
3.2	Boustene van ontwikkeling	41
3.3	Drie-sektor ring van volhoubare ontwikkeling	43
3.4	Genestelde volhoubare ontwikkeling	42
4.1	Bevolkingsgroei: Cradock en Somerset-Oos: 1980-1996	75
4.2	Verspreiding van inkomste	76
4.3	Persentasie huishoudings wat minder as R1 000/maand verdien	77
4.4	Werkloosheidsverhouding – Cradock en Somerset-Oos	78
4.5	Behuising – Cradock en Somerset-Oos	79

1. INLEIDING

1.1 DIE PROBLEEM

Godden (1977, soos aangehaal in Page, 1982:18) beskryf die belangrikheid van mense se regte om grond te besit, as volg: “Land ownership or land occupation as a land right confers a status of superiority, even though the land in question may not be of any intrinsic monetary value or have any potential for development in economic agricultural terms ... it is usually found that only land owners or persons with a land right are entitled to participate in tribal meetings, expressing their views and participating in any voting. Non-land owners may attend these meetings but, in the majority of cases, are not permitted to express any views on any particular subject relating to the land or the development programmes for the particular area.”

Grond is een van Suid-Afrika se belangrikste hulpbronne, deurdat dit plant- en dierelewe onderhou, mense huise daarop kan bou en hul voedsel daaruit kan produseer. Die land se minerale word hieruit verkry. Grond is dus ’n essensiële hulpbron en bied sekuriteit om in die land se ekonomie te belê. Grond vorm ook die basis van alle Suid-Afrikaners se trots en geskiedenis. Suid-Afrika se politieke, ekonomiese en sosiale prosesse is gevorm deur grond – beide die eienaarskap en die gebruik daarvan.

Daar is onderstrominge van haat en verontregting oor grondonteiening. Die grondkwessie word druk bespreek, en sulke besprekings dek ’n brêe spektrum van menings onder die verskeie betrokke of belangstellende groepe. Die huidige negatiewe gevoelens van verontregte groepe dreig om tot uitbarsting te kom, en kan sosiale- sowel as ekonomiese probleme veroorsaak deur die onwettige besetting van privaat- en openbare grond in beide landelike en stedelike areas.

Die natuurlike omgewing is of word steeds bedreig as gevolg van politieke- en sosio-ekonomiese beleide wat geassosieer is met Apartheid, wat in 1994 beëindig is. Oorbevolking in die voormalige tuislande het gelei tot digte landelike bewoning, oorbeweiding en die afkap van hout vir brandstof. Dit lei tot gronderosie, gronddegradasie, ontbossing en die indringing van ongewenste plante. As gevolg van hul huidige toestand van armoede kan grondeienaars nie bekostig om kapitaal te belê in die nodige boerdery-apparate nie, en is dus vasgevang in die wrede siklus van toenemende armoede. Hierdie probleme is veral prominent in die Oos-Kaap en KwaZulu-Natal (Institute for African Development, 2000).

Volgens die Witskrif op Grondhervorming (Departement Grondsake, 1997:7) het grondbeleide wat in die verlede geformuleer is, veroorsaak dat Suid-Afrika vandag

gekenmerk word deur onsekerheid, onteiening van grond, tekorte aan voldoende behuising, en die groot sosio-ekonomiese probleem: armoede. Ander gevolge van die beleide was oneffektiewe stedelike- sowel as landelike grondgebruikspatrone en 'n gefragmenteerde sisteem van grondadministrasie, wat effektiewe hulpbronbenutting en ontwikkeling, ernstig gekortwiek het.

Indien Suid-Afrika se landbougeskiedenis verder geanaliseer word, is dit duidelik hoe kleinskaalse boerdery deur verskillende beleide en regeringsaksies ingekort was tot op 'n vlak waar dit bitter min bygedra het tot die ekonomie as geheel, of tot die welvaart en selfonderhoud van die landelike bevolking. Tog het wêreldwye navorsing getoon dat kleinboerdery meestal meer doeltreffend is as ander tipes plase omdat hulle oor die potensiaal beskik om werk te verskaf en inkomste geleenthede te skep in die landelike areas (Die Afrikanerbond, 2000:1). Dus is dit 'n belangrike en bereikbare sosio-ekonomiese uitdaging om die moontlikheid van die totstandkoming van 'n lewensvatbare landelike lewensbestaan vir die landelike bevolking wat hierdie tipe bestaan verkies, te ondersoek.

Hierdie sektor se potensiaal om markgeoriënteerd en mededingend te raak, is wel verminder deur byvoorbeeld die klimaat en ander natuurlike faktore (droogtes, vloede en plae). Maar, kleinboere en nuwe opkomende boere makeer telkens die nodige basiese kennis en kundigheid om by te dra tot langtermyn-welvaartskepping.

Van Suid-Afrika se arm bevolking woon 70% in die landelike areas. Hul inkomste word beperk omdat die landelike ekonomie nie lewenskragtig genoeg is om hulle van lonende werksgeleenthede of selfindiensname te verseker nie (Departement Landbou, 2003).

Alhoewel die Oos-Kaap 'n baie groot landelike bevolking het, is dit slegs 'n klein aantal van hierdie mense wat boerdery op 'n lewensvatbare manier beoefen. Daar moet egter ook in aanmerking geneem word dat die grond oor 'n lae drakrag beskik, en dat die gebied deur droogte geteister word. Die grootste deel van die bevolking is ekonomies aktief as plaaswerknemers, maar studies het getoon dat die meeste Suid-Afrikaanse plaaswerknemers in toestande van algehele armoede leef. Indien hul lewenstandaard vergelyk word met dié van stedelike werkers, is hul relatiewe armoede ook duidelik (Vink & Tregurtha, 2002:143).

Die blote besit van landbougrond sal nie noodwendig 'n verbetering in sosio-ekonomiese toestande teweegbring nie. Volgens die Afrikanerbond (2000:2) word die siklus van armoede voortgesit weens die huidige gebrek aan opvoeding, opleiding en ondersteuningsdienste, wat veroorsaak dat meeste van die kleinskaalse landbouaktiwiteite afhanklik is van onpraktiese

bestaansboerdery. Dit lei ook tot degradasie van die natuurlike omgewing. Sommige mense wat ‘boer vir eie gebruik’, wat bekendstaan as die sogenaamde ‘ontwortelde stedelinge’, stel, volgens die Afrikanerbond (2000:4), nie werklik daarin belang om te ontwikkel tot boere in die ware sin van die woord nie. Gevolglik plaas ’n gedeelte van die landelike bevolking ’n lae prioriteit op formele landbou-bedrywighede as ’n manier om hul lewenstandaard te verbeter. Volgens die Afrikanerbond, kan mense wat nie verbind is tot landbou as ’n roeping nie, die bestaande landelike probleme vererger, aangesien hulle byvoorbeeld nie aandag sal skenk aan die bewaring van hulpbronne nie. Volgens die Afrikanerbond (2000:5) toon landelike gemeenskappe ’n baie sterk oorlewingsdrang, en bewerkstellig dus effektiewe benutting van hul beperkte hulpbronne. Hulle hele bestaan wentel om die wil om te oorleef en hul lewensomstandighede op die korttermyn te verbeter. Diesulkes beskou landbou bloot as ’n middel tot ’n doel – bemagtiging – en nie “as ’n doel op sigself nie” (Die Afrikanerbond, 2000:5). Daar moet egter in gedagte gehou word dat bogenoemde siening slegs hierdie organisasie se mening is.

Volgens die Witskrif op Grondhervorming (Departement Grondsake, 1997:11) is die hoofdoel van grondhervorming om die ongeregthede van Apartheid aan te spreek en die verarming wat dit veroorsaak het, uit te wis. Aangesien hierdie program op armoede fokus, moet dit fokus op areas waar die grootste armoede heers. Die armste deel van die bevolking woon in landelike areas, waar huishoudings met vroue aan die hoof, uitermate verarm is. Driekwart van die kinders leef onder die broodlyn. Grondhervorming kan help om die ongelyke verspreiding van inkomste te verminder, en om die groot persentasie verarmde swart bevolking van basiese behoeftes te voorsien (Departement Grondsake, 1997:11). Grondhervorming is nodig om die sloerende ekonomie wakker te skud en om etniese- en rassspanning in die landbousektore te verlig. Dit is egter terselfdertyd belangrik om te onderskei tussen die behoefte van mense om grond te besit, en die aanwending daarvan om welvaart te skep.

Die implementering van ’n effektiewe program vir grondhervorming kan die plunder van grond in Suid-Afrika verhoed. Sonder sterk uitsprake en ferm optrede teen grondplundering word “Suid-Afrika se NEPAD-planne ’n bespottling”, aangesien die res van die ontwikkelde wêreld nie bereid is om onstabiele regerings en halfhartige ontwikkelingsplanne finansiële ondersteun nie (SENWES, 2002).

Omdat grond so ’n sensitiewe kwessie vir alle Suid-Afrikaners is, is dit, volgens die Witskrif op Grondhervorming, belangrik om – ter wille van heropbou en ontwikkeling – ’n

grondbeleid te implementeer wat die volgende aspekte effektief kan aanspreek (Departement Grondsake, 1997:7):

- onregte van rasgebaseerde grondonteiening in die verlede;
- 'n meer gelyke verspreiding van grondeienaarskap;
- armoede en ekonomiese groei;
- sekerheid van eienaarskap; en
- 'n sisteem van grondbestuur wat volhoubare grondgebruikpatrone sal verseker en grond spoedig beskikbaar sal stel .

Programme vir grondhervorming moet gepaardgaan met die voorsiening van infrastruktuur, ondersteuningsdienste en ander ontwikkelingsprogramme, ten einde die kwaliteit van lewe en moontlikheid van werksgeleenthede te verhoog, en sodoende die probleem van armoede aan te spreek. Volgens die Witskrif op Grondhervorming (Departement Grondsake, 1997:7) is Suid-Afrika se visie “a land policy and land reform programme that contributes to reconciliation, stability, growth and development in an equitable and sustainable way.”

1.2 DOEL

Die doel van hierdie werkstuk is om die potensiële impak van grondhervorming en grondherverdeling op die sosio-ekonomiese ontwikkeling, en veral armoede-verligting van die landelike bevolking van twee distrikte in die Oos-Kaap (naamlik Somerset-Oos en Cradock) na te vors. Daar sal spesifiek gekyk word na die huidige beleid in Suid Afrika oor grondherverdeling in die landbou, as een element van grondhervorming; hoe dit in die betrokke studie-areas toegepas word en wat die spesifieke probleme is wat daar voorkom wat die toepassing van die beleid bemoeilik. Daar sal ook gekyk word na hoe die implementering van grondhervorming en grondherverdeling moontlik kan bydra tot, of afbreuk doen aan die sosio-ekonomiese welvaart van die landelike bevolking van die Cradock- en Somerset-Oos-distrikte.

Hierdie werkstuk konsentreer hoofsaaklik op die beleid om 30% van alle landbougrond in die hande van swart boere te plaas. Dit handel nie direk met grondeise wat ingestel is deur mense wie se grond na 1913 onregmatig afgeneem is nie, wat 'n relatief klein persentasie van landbougrond uitmaak.

1.3 METODE

In die uitvoering van dié navorsingsprojek is bestaande literatuur oor grondhervorming eerstens geraadpleeg. Hieronder val regeringstoesprake en beleidskrifte. Aandag is ook gegee aan teorieë wat verband hou met armoede, ontwikkeling en grondhervorming.

Tweedens is onderhoude gevoer met kenners op die gebied van grondhervorming, asook amptenare van die Department Grondsake wat in die Oos-Kaap gestasioneer is. Laasgenoemde is gevra om vraelyste te beantwoord rakende die aantal grondhervormingsprojekte wat reeds aangepak is, hoeveel suksesvol voltooi is, watter addisionele bystand/opleiding/finansiële ondersteuning aan begunstigdes en nuwe boere gegee word en hoe dit sal bydra tot die Oos-Kaap se sosio-ekonomiese ontwikkeling.

Derdens is onderhoude gevoer met boere/grondeienaars, huidige begunstigdes wat reeds aktief is in die landboubedryf asook gewese grondeienaars wat grond moes afstaan onder die grondhervormingsbeleid. Dit is aan die hand van gevallestudies ondersoek. Die doel van die gevallestudies is nie om 'n spesifieke punt te bewys nie, maar dit sal slegs gebruik word om verskillende aspekte en gevolge van grondhervorming en grondherverspreiding te illustreer. Boere wat grond verkoop het, moes aandui of hulle reeds deur die regering daarvoor vergoed is. Daar is aan die begunstigdes vrae gevra – onder andere hoe hulle die grond bekom het, wie in beheer is daarvan, wie die grond fisies bewerk, waar hulle fondse vandaan kry, of hulle enige vorige opleiding het in boerdery en of hulle werklik wil boer, en nie dalk bloot net die grond wou hê vir behuising nie. Indien die grond besig is om agteruit te gaan, is daar aan hulle gevra wat die rede daarvoor is, byvoorbeeld of hulle nie die nodige kennis het nie, of hulle nie die nodige ondersteuning en raad van gevestigde kommersiële boere kry nie en of hulle nie genoeg fondse het om die grond te bemes of opbrengste te verkry nie.

Die 1996-sensusyfers (Statistiek Suid-Afrika 1996) sal gebruik word om die demografies en sosio-ekonomiese toestande in die Oos-Kaap in die algemeen, en die distrikte Cradock en Somerset-Oos spesifiek te bestudeer.

1.4 BRONNE

Daar is gebruikgemaak van koerantartikels, populêre en wetenskaplike tydskrifartikels. Persoonlike onderhoude, met onder andere amptenare van die Landbank, Departement van Grondsake, huidige begunstigdes en grondeienaars, en visuele ervarings het ook 'n groot gedeelte van my studie uitgemaak (sien Bylaes). Die internet was ook 'n groot bron van inligting. 'n Belangrike basis van my studie was die Witskrif op Grondhervorming in Suid-Afrika van April 1997 (Departement Grondsake, 1997), aangesien dit stipuleer hoe grondhervorming veronderstel is om plaas te vind. Heelwat veranderinge het sedert die implementering van hierdie beleid in 1997 ook plaasgevind, wat in hierdie werkstuk bespreek sal word.

2. GESKIEDKUNDIGE ONTWIKKELING

2.1 DIE DOEL EN NOODSAAKLIKHEID VAN GRONDHERVORMING

Volgens Roodt (soos aangehaal in Coetzee, Graaff, Hendricks & Wood, 2001:306) is grondhervorming die proses waardeur 'n land die wyse waarop grond besit word, verander. Dit behels die wegbeweeg van 'n ongelyke grondbesit-sisteem na 'n meer gelyke een. Die doel daarvan is om te verseker dat mense wat nie grond besit nie, grond bekom vir residensiële of landbou-doeleindes, en dat grond meer produktief gebruik word. Die belangrikheid van grondhervorming in Suid-Afrika spruit voort uit die grootskaalse afneem en onteining van grond van die swart bevolking deur die blanke minderheid, reeds in die koloniale tyd sedert 1652.

In die res van hierdie hoofstuk sal gekyk word na die agteruitgang van swart boere se effektiwiteit as landbouers, die stelselmatige ontneming van hulle grond, onderdrukkende beleide oor grondbesit, en laastens beleide sedert 1994 om grondhervorming in te stel.

2.2 SWART BOERE IN DIE VERLEDE

Volgens die Readers Digest Illustrated History of South Africa – The Real Story (1988:227-228) het die meeste swart boere in die 1890s, in veral die Transkei en Zululand, met kleinskaal boerdery 'n bestaan gemaak, en 'n surplus geproduseer om die nodige belasting te kan betaal. Die meeste dele van Transkei het 'n redelike voedselresiduum geproduseer, en produkte soos byvoorbeeld wol, graan, vee en velle na die diamantmyne in Kimberley uitgevoer. Verskeie van hierdie boere het groente, vrugte en suiwel in die plaaslike dorpe verkoop. Dus was dit duidelik, volgens Readers Digest (1988:227), dat hierdie swart bestaansboere onafhanklik was, aangesien hulle grond besit het en kon boer waarmee hulle wou. Die Mfengu, wat in die grens-areas voorgekom het, het skole en paaie gebou van die geld wat hulle gemaak het uit die verkoop van surplus landbouprodukte.

Hierdie tydperk van vooruitgang is egter beëindig in die laat 1890s, met die uitbreek van Runderpes, 'n veesiekte wat grootskaalse veevrektes tot gevolg gehad, en wat veral die swart mense swaar getref het omdat hulle minder mobiel was as die wit mense (Readers Digest, 1988:228).

Die gevolg van hierdie siekte was dat vleis ingevoer moes word, wat die prys van alle goedere verhoog het. In die Transkei het duisende swart kleinboere verarm, en is gedwing om die arbeidsmark te betree (Readers Digest, 1988:228). Sommige swart mense het slegs tydelik

migreer maar ander moes permanent migreer, en dus is hul grond oorgelaat aan 'n onseker toekoms. Droogtes en plaë het ook daartoe bygedra om swart boere se bestaan te vernietig en hulle na die arbeidsmark te dwing (Readers Digest, 1988:228).

2.3 GESKIEDENIS VAN GRONDONTEIENING IN DIE OOS-KAAP

Volgens die Readers Digest (1988:69) het Goewerneur van Plettenberg in 1780 na 'n ooreenkoms (volgens hom) met 'n paar hoofmans van die Gwali-stam van die Xhosas, die Groot Visrivier as grens tussen die Kaapkolonie en Xhosa-gebied ingestel. Hierdie besluit het groot ongelukkigheid onder verskeie ander Xhosa stamme, soos die Gonoqua, veroorsaak, aangesien hulle hulself as eienaars van die gebied ten weste van die Visrivier beskou het, wat hulle na bewering van die Khoisan gekoop het. Die ooreenkoms waarvolgens die grens eintlik die Groot Visrivier en die Boesmansrivier sou wees, het volgens Xhosa-reg ook slegs die betrokke Gwali-hoofmans en hulle stamme gebind.

Volgens Readers Digest (1988:69) is Kommandant van Jaarsveld in Desember 1780 aangesê om die groot getalle Xhosa wat nog ten weste van die "grens" gewoon het, te verwyder, eers deur middel van vreedsame metodes en dan met mag. Toe hulle egter weier om te trek, het hy hulle om die bos gelei en toe onverwags op hulle begin skiet en verskeie mans gedood. Baie Xhosas het toe getrek, maar na 'n paar weke was daar nog verskeie wat nie getrek het nie. Van Jaarsveld en sy kommando het hulle met geweld verjaag. Dit het bekend gestaan as die Eerste Grensoorlog.

Volgens Page (1982:16) was die distrikte Graaff-Reinet, Somerset-Oos en Uitenhage, wat vandag in die Provinsie Oos-Kaap val, reeds na die eerste Grensoorlog tot stand gebring, elk met 'n eie distriksdorp en administratiewe dienste. Alle grond binne hierdie distrikte, buiten onherbergsame areas en bergagtige gebiede, is aan blanke boere toegeken as privaat eiendom. Op 7 Maart 1860 is die Britse Kaffraria, waarbinne die ou Ciskei en Transkei val, tot deel van die Kaapse Kolonie verklaar, en is dieselfde administratiewe sisteem van die Kaap, in hierdie dele van die Oos-Kaap ingestel. Die Oos-Kaap is in twee magistrataatsdistrikte verdeel, naamlik King William's Town en Oos-London.

Reeds sedert die vroeë 1880s was daar swart politieke leiers in die Oos-Kaap, soos John Tengo Jabavu, wat hard gepoog het om swart mense te verander van passiewe toeskouers na aktiewe deelnemers in die Kaapse politieke sisteem. Hy het in 1884 'n weeklikse koerant,

Imvo Zabantsundu Base Afrika, begin, wat vinnig bekend gestaan het as die “mondstuk van modernistiese swart politieke denke in die Oos-Kaap” (Readers Digest, 1988:280).

Volgens Readers Digest (1988:280) was daar, met die beëindiging van die Anglo-boereoorlog in Mei 1902, groot verwagtinge by baie swart mense, wat hulle by die Britse magte geskaar het, dat hulle politiek vergoeding sou kry vir hulle opofferings. Dit was egter spoedig duidelik dat die Engelse nie by hul belofte om grond aan swart boere terug te gee, sou hou nie. Die 1905 verslag van Sir Godfrey Lagdon se “Commission of South African Native Affairs”, wat Lord Milner ingestel het, het politieke gelykheid tussen die rasse verwerp, afsonderlike kieserslyste vir wit en swart mense voorgestel, asook gebiedskeiding tussen die rasse.

Lord Milner het ’n aantal herkonstruksieplanne gehad, waarvan die basis was dat duisende Britse immigrante in Suid-Afrika se groeiende ekonomie geabsorbeer moes word. Die ekonomie kon egter slegs groei indien daar ’n goedkoop arbeidsmag is. Milner het swart mense hiervoor in gedagte gehad, maar daar was nie genoeg swart mense wat bereid was om die Reserwes en blanke plase (waar hulle as kleinboere bestaan het) te verlaat, en vir lae lone in “wit dorpe” te werk nie. Volgens Readers Digest (1988:313) was Milner se oplossing van hierdie probleem baie eenvoudig:– hy het ’n tekort aan grond vir swart mense geskep, om sodoende die landelike swart mense te dwing om in die wit industrieë en in die landbou op “blanke” plase te gaan werk. Hierdie verslag was ’n groot terugslag vir die swart mense en hul politieke leiers soos John Tengo Jabavu.

Reeds na die Jameson Stroomtog in 1895 het meer radikale swart politieke organisasie die “South African Native Congress” (voorloper tot die huidige Africa National Congress) gestig. Na die Anglo-Boereoorlog het die swart leiers van die Congress spoedig begin om hul organisasie in ’n politieke sisteem te omskep, en teen 1903 het dit reeds uit 25 takke bestaan, wat hoofsaaklik in die Kaapprovinsie gesetel was. Deur petisies en koerantberigte het hulle probeer om politieke verandering te kry (Readers Digest, 1988:281).

Met Uniewording in 1910, is bestaande administratiewe sisteme behou. Die Grondwet van 1910 het voorsiening gemaak vir ’n Goewerneur-Generaal, (die Staatspresident in die 1961 Grondwet), om te regeer oor alle swart mense. Die Departement van Naturelle Sake (later “Bantoe Sake” en toe “Samewerking en Ontwikkeling”) is ingestel as die sentrale regeringsdepartement wat verantwoordelik was vir die administrasie en ontwikkeling van Geskeduleerde en Vrygestelde areas.

Die Landbank is in 1912 gestig, wat die hoop van arm boere laat opvlam het, maar, volgens Readers Digest (1988:300), is slegs ryk boere toegelaat om geld te leen, aangesien kleinboere as hoë risiko's geag is. Dit het hulle armoede vererger.

Sedert die Naturellen Grond Wet van 1913 (Wet 27 van 1913, soos aangehaal in Readers Digest, 1988:316), waarvolgens die swart bevolking (67,3% van die land se bevolking) beperk is tot verblyf in slegs 7,5% van die grond in Suid-Afrika, het enige regte om grond te besit, te huur of selfs te deel, berus op 'n persoon se ras. Hierdie Wet het swart grondeienaarskap beperk tot die sogenaamde geskeduleerde areas, en swart mense is verbied om grond te koop, tensy dit gekoop is van ander swart mense, of in die bestaande "tribal Reserves", later die "tuislande" (Readers Digest, 1988:292).

Dit het egter duidelik geword dat bykomende grond vir swart besetting beskikbaar gestel moes word, en die Beaumont Kommissie moes die oppervlakte en ligging van hierdie areas bepaal. Hierdie Kommissie het reeds in 1917 tot stand gekom, maar dit was uiteindelik eers in 1936 wat Eerste Minister Barry Hertzog se Wet op Naturelletrust en -Grond (Wet 18 van 1936) voorsiening gemaak het vir die beskikbaarstel van sommige regeringsgrond en ander 'wit' areas, vir wettige besetting deur die swart mense, asook 'n addisionele kwota grond wat uiteindelik beskikbaar gestel sou word. Altesaam was slegs 13% van Suid-Afrika nou beskikbaar vir besetting deur swart mense. Die 1936 Wet het voorsiening gemaak vir 'n Ontwikkelingstrust, wat 'n belangrike deel van die Departement Naturellesake geword het, wat as agent sou optree vir die aankoop van beskikbare grond en die ontwikkeling daarvan vir swart besetting (Page, 1982:16). Volgens Hendricks (soos aangehaal in Coetzee *et al* 2001:290-291) is swart mense buite die tuislande verhoed om grond te koop en te besit, wat wetlike beperkings op swart verstedeliking geplaas het. Al die maatreëls en beperkings het swart mense die geleentheid ontnem om behoorlike kommersiële boerdery toe te pas, en hulle moes noodgedwonge na stede en "blanke" plase migreer om 'n lewe te maak.

Na die Tweede Wêreldoorlog het modernisme, sosialisme en "social engineering" regeringsbeleid sterk beïnvloed. Dit is reeds weerspieël in die 1944 verslag van die Van Eck-Kommissie, "*Regional and town planning*" (Van Eck 1944), waarin onder andere die ekonomiese ontwikkeling van die "tuislande" voorgestel is as 'n metode om die migrasie van swart mense na die stede te verminder.

Met die verkiesing van die Nasionale Party regering in 1948 het die beleid van "aparte ontwikkeling" die politieke denke van die wit minderheidsregering oorheers. Modernisme en "social engineering" is ingespan om apartheid te bevorder.

Volgens Didiza (2002:4) is swart mense verdeel volgens etnisiteit, en saamgegroepeer. Die “tuislande” is aangewys as die gebied waar swart mense grond kan besit. Dus het Apartheid die tweede vlag gedwonge verskuiwings meegebring, wat gedurende die 1960’s tot 1970’s plaasgevind het.

Die verslag van die Tomlinson-kommissie (Union of South Africa 1955), wat in 1954 gepubliseer is, het ook 'n invloed op regeringsbeleid gehad, veral wat betref die ontwikkeling van die tuislande, die apartheidsbeleid, en die toekenning (en onthouding) van grond aan swart mense. Die Kommissie moes 'n komprehensiewe skema vir die rehabilitasie en ontwikkeling van die “tuislande” voorstel, asook vir 'n sosiale struktuur wat eie is aan die kultuur van die swart mense, gebaseer op effektiewe sosio-ekonomiese beplanning (Readers Digest, 1988:378).

Volgens Readers Digest (1988:313) was die Tomlinson-kommissie se voorstel dat onderskeie en verskillende areas vir wit- en swart mense geskep moes word. Hulle het dit gestel dat daar alreeds 'n basis vir natuurlike skeiding bestaan het, naamlik die “tradisionele tuislande” van die Zoeloes in Natal, die Xhosas in die Oos-Kaap en die Sotho’s in Basotholand, en dat dit effektief sou wees indien hierdie areas deur wetgewing beskerm sou word teen verdere wit oorname.

Die Tomlinson-kommissie se verslag het dit gestel dat Suid-Afrika nooit in 'n algemene, unitêre gemeenskap sou ontwikkel nie, aangesien hulle van mening was dat wit mense nooit sou afsien van hul dominante posisie nie (soos aangehaal in Readers Digest, 1988:378). Verder was hulle van mening dat die Tuislande reeds agteruit gegaan het, en dat dit 'n baie groot kapitaalbelegging sou verg om bloot net hierdie areas te stabiliseer. Daar was ook net genoeg grond in daardie areas om in die behoeftes van 51% van die bevolking van 1951 te voorsien.

Volgens Readers Digest (1988:313) het die Kommissie, in opvolging van Lord Milner, goedkoop arbeid van swart mense gesien as 'n bron vir industriële ontwikkeling. Die Kommissie het dit gestel dat hierdie arbeiders manlik, enkellopend en afkomstig van die Tuislande moes wees, en slegs tydelik in diens geneem mag word in die “wit areas”. Wetgewing het die migrasie van swart mense na “wit” gebiede beperk tot mense wat in diens geneem is.

Die 1936 Wet is opgevolg deur 'n nuwe beleid vir die vestiging van landbou op grond wat reeds beset was. Sodoende is die tradisionele sisteem van grondbesetting geleidelik gestaak en

is 'n nuwe sisteem tot stand gebring wat aanvanklik eers 'n landbou rehabilitasiebeleid, en later 'n stabilisasiebeleid in stand sou hou. Volgens Page (1982:18) moes, volgens dié beleid, grond verdeel word in landbou-eenhede. Die mees gepaste grond moes gekies word vir bewerking-, residensiële- en weidingsdoeleindes, en die hervestiging van mense moes beheer word deur 'n ordelike sisteem van eienaarskap in die nuwe beplande residensiële areas. Volgens Readers Digest (1988:378) was dit egter 'n modernistiese en eurosentriese siening, wat voortspruit uit die aanbevelings van die Tomlinson-kommissie (Union of South Africa, 1955) van 1951.

Verwoerd, wat in 1958 Eerste Minister geword het, se beleid oor die “naturelle” het, volgens Readers Digest (1988:378), 'n sogenaamde “wortel-en-stok” strategie behels. Die wortel het die landbou- en ekonomiese rehabilitasie van die tuislande, asook die plasing van gedesentraliseerde industrieë daarnaas, behels. Die stok was egter om swart mense se mobiliteit tussen landelike en stedelike areas te beperk.

Volgens die destydse Grondwet was elke huiseienaar in die Ciskei geregtig op 'n area bewerkbare grond en 'n woonerf (Hendricks, soos aangehaal in Coetzee *et al*, 2001:290). Landbouplotte was klein en is per hand bewerk. Na oestye het individuele eienaarskap tydelik verval sodat almal se vee gelyktydig daarop kon wei. Elke lid was daarop geregtig om daarvan gebruik te maak, en daar was geen beperking op die aantal vee nie. Die bewerking van grond was die vroue se werk, hulle is nie toegelaat om met die vee te werk nie. Tradisioneel het die hele huishouding dus bygedra tot boerdery-aktiwiteite. In die moderne tyd het hierdie gebruike egter verval as gevolg van die implementering van die ploeg en moes mans nou die bewerking van die grond oorneem, maar mans is meestal afwesig as gevolg van kontrakwerk. Vroue het dus beide die vee en die ploegwerk oorgeneem (Page, 1982:14).

Die meeste mense van die Ciskei het 'n area grond van minder as 1 ha besit, sommiges tot soveel as 6 ha, terwyl ander geen grond besit het nie. Afwesige eienaars het veroorsaak dat grond vir lang tye braak gelê het, omdat sommige grondeienaars afwesig was as gevolg van kontrakwerk op 'n semi-permanente basis, en hulle vroue of families het die grond òf onoordeelkundig, òf glad nie bewerk nie (Page, 1982:131).

Terselfdertyd het die Suid-Afrikaanse Regering aanhou inmeng in die administrasie van grond in die tuislande, waar stamhoofde oor die mag besit het om grond toe te ken (Hendricks, soos aangehaal in Coetzee *et al*, 2001:290). Ongeveer 3,5 miljoen mense is tussen 1960 en 1980 vanuit beide landelike en stedelike areas verskuif. Dit was eers in 1978, met die totstandkoming van die 99-jaar pagsisteem, en in die 1980's, met die beëindiging van

instromingsbeheer, wat die Regering erken het dat swart mense permanente grondregte in stedelike areas behoort te verkry (Departement Grondsake, 1997:11).

Die tekens van degradasie van landbougrond is egter steeds baie ernstig in die voormalige tuislande, en word gekenmerk deur swak grond, polities-gedwonge oorbevolking, arbeidstekorte en hoë vlakke van armoede (Kirsten, 1994:245). Aan die hand van Kirsten (1994:245-246) sal dié probleem verder bespreek word.

2.3.1 Swak grond

Swart mense het oor die algemeen grond van relatiewe swak gehalte verkry in droë areas. Die Fort Hare Verslag (Laker, 1978 soos aangehaal in Page, 1982:159) het daarop gedui dat die landboupotensiaal van spesifiek die Ciskei, gering is. Reënval is wisselvallig en laag, en grond is meestal geskik vir weiding, en nie bewerking nie. In die Cradock en Somerset-Wes distrikte is die reënval nog laer.

Grense van tuislande is afgebaken om hulle uit te sluit van vervoersisteme, industriële gebiede, mineraalhulpbronne en vrugbare grond. Dus was landbou- en ander ondersteuningsdienste, sowel as die nodige infrastruktuur, afwesig. Die Regering se Ciskei Kommissie het reeds so lank terug as die 1980's gemeld dat ongeveer 46% van die grond in Ciskei-tuislande matig tot ernstig in erosie verval het, en dat 39% van alle weiveld oorbeweï was. Verder was daar ernstige tekorte aan grond.

Slegs in twee van die voormalige tuislande het die verhouding ploegbare grond per persoon vir die landelike bevolking 0,2 ha oorskry: KaNgwane met 0,25 ha per persoon, en Bophuthatswana met 0,27 ha per persoon. Van die ander tuislande het vyf slegs 0,1 ha ploegbare grond per persoon. Dit het swak vergelyk met die verhouding in wit landelike areas, wat gewissel het van 1,37 ha per persoon in Natal, tot 2,87 ha in die Kaapprovinsie.

2.3.2 Polities-gedwonge oorbevolking

In 1951 was daar minder as 5 miljoen mense in die voormalige tuislande, wat toegeneem het tot 14 miljoen in 1985, en 13,1 miljoen in 1988. Dit was die gevolg van hervestigingsbeleide wat ingestel is deur die Regering (1960-1983). Apartheid het ongeveer twee derdes van alle swart Suid-Afrikaners gedwing na grond wat ongeveer 13% (volgens die Wet van 1936) van die land uitgemaak het. Die apartheidsbeleid het nie voorsiening gemaak vir voldoende opvoeding, gesondheidsdienste en gesinsbeplanning vir swart mense nie. Dit word geag as die rede waarom die geboortesyfer in die tuislande soveel hoër was as elders in Suid-Afrika.

2.3.3 Tekorte aan arbeid

Daar was min werksgeleenthede in die voormalige tuislande, dus is die grootste persentasie van hul huishoudelike inkomste verkry uit inkomste van trekarbeid en pensioene. Gevolglik was daar min werkers in hul aktiefste jare in die tuislande, en die meerderheid van die arbeidsmag het bestaan uit kinders, siekes, ouer mense en vroue, wat terselfdertyd ook die kinders, bejaardes en siekes moes versorg.

2.3.4 Armoede

In 1985 het 8,4 miljoen swart mense in die tuislande onder die broodlyn, soos vasgestel deur die 'Minimum Living Level' van die Buro vir Marknavorsing van die Universiteit van Suid-Afrika, geleef. Ander skrywers (Bekker *et al*, soos aangehaal in Kirsten, 1994:246) skat hierdie getal op 84% van die bevolking. Die swart landbousektor in die vorige tuislande, kon nie in hul eie bestaansbehoefte voorsien nie, en voedsel moes ingevoer word. Die boere in die tuislande het nie geld gehad om langtermyn beleggings te maak in die bestuur van grond nie. Hulle kon ook nie bekostig om grensdrade op te rig om weiding te beheer, werknemers te huur, of om te belê in die bewaring van grond nie. Dus is die bose kringloop van ekonomiese verarming en vernietiging van die natuurlike omgewing voortgesit.

2.4 BELEID SEDERT 1994

Dit was eers in 1994, met die oorgang na die nuwe demokrasie, wat daar 'n nuwe konstitusionele en wetlike raamwerk vir die implementering van grondhervorming in Suid-Afrika tot stand gekom het. Volgens Hendricks (soos aangehaal in Coetzee *et al*, 2001:292), was dit egter duidelik dat kolonialisme en Apartheid daartoe gelei het dat swart mense beperkte toegang tot grond gehad het, wat onafhanklike landelike produksie deur swart mense, in die kiem gesmoor het. Daar is ooreengekom dat die nuwe Grondwet voorsiening sou maak vir die beskerming en erkenning van mense wat grond besit het, en terselfdertyd nuwe regte sou toeken aan mense sonder eiendom. Die Regering het, deur die Grondwet van 1996 en die Witskrif op Grondhervorming in Suid-Afrika (1997), ooreengekom dat grondhervorming uit drie dele sou bestaan, naamlik grondrestitusie, herverdeling van grond en sekerheid van eienaarskap (Didiza, 2002:4). Dit was duidelik dat grond beskikbaar gestel moes word aan armes en haweloses, ten einde armoede te verminder en by te dra tot mense se sosio-ekonomiese ontwikkeling.

Die behoefte aan grond kan nie genoeg beklemtoon word nie, aangesien die disfunksionele ruimtelike dispensasie en swak landelike ontwikkeling van die verlede, tans besig is om

huidige pogings tot geïntegreerde beplanning en die herverspreiding van hulpbronne, te ondermyn (Roodt, soos aangehaal in Coetzee *et al*, 2001:305). Die grootste rede hiervoor is die ruimtelike probleme wat deur Apartheid veroorsaak is. Volgens De Janvry *et al* (2001:430) het die ongelyke verspreiding van die eienaarskap van grond nie net verminderde produktiwiteit tot gevolg nie, maar ook sosiale onrus en geweld. Volgens Hendricks (aangehaal in Coetzee *et al*, 2001:292) is daar swart mense wat steeds betrokke is by landbouproduksie, en opkomende swart boere wat in die mark kompeteer met groot sukses, maar hulle is min in vergelyking met die hele land. Een van die grootste vrae is dus of die geskiedkundige gebruik van grond nou omgeswaai kan word om landelike ontwikkeling teweeg te bring.

Na 1990 was besprekings oor grond meer gefokus op die afwagting en voorbereiding vir die nuwe demokrasie. Verskeie konferensies is wêreldwyd gehou om 'n gemeenskaplike basis te vind oor hoe om die moeilike, en dikwels emosionele, taak van grondhervorming te benader. Die Beleid op Grondhervorming van die Wêreldbank ondersteun grondhervorming ten volle, as meganisme om effektiwiteit en gelykheid te verhoog. In die verlede was grondhervorming in verskeie lande daarop gemik om sosiale onrus te verhoed en politieke druk te verminder, eerder as om gefokus te wees op die verhoging van produktiwiteit en die vermindering van armoede. Dus was grondhervorming nie deel van 'n langtermyn landelike ontwikkelingstrategie nie, en gevolglik was hierdie besprekings aanvanklik *ad hoc* van aard, en is nie gefokus op plaaslike behoeftes nie, maar na 1992 het dit momentum verkry onder die algemene leiding van die Grond en Landbou Beleidsentrum ('Land and Agricultural Policy Centre').

Volgens Williams (2000:1) het die Wêreldbank in 1993 'n model voorgestel wat die radikale herverdeling van 30% van alle medium- en hoë kwaliteit landbougrond, vanaf grootskaalse kommersiële blanke boere, na 600 000 deelydse swart kleinboere, sou behels. Hierdie model is aanvaar en in die ANC se Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (1993) opgeneem. Mnr. Derek Hanekom, destydse Minister van Grondsake, het hierdie model egter afgemaak as onrealisties, en gevolglik het die model se doelwit verval. Die grondherverdelingsprogram wat gevolglik geïmplementeer is, het begunstigdes in staat gestel om Hervestigingssubsidies van R15 000 per huishouding te eis. Dit is aanvaar dat toegang tot grond die armes in staat sou stel om meer produktief gebruik te maak van gesinsarbeid, volhoubare verbruik en selfs ook om toegang te verkry tot markte.

Die Konferensie op Grondopsies (*'Land Options Conference'*) van Oktober 1993 sowel as verskeie besprekings op grondvlak het daartoe bygedra dat, na die demokratiese verkiesing in April 1994, die regering se Heropbou- en Ontwikkelingsprogram voorsiening gemaak het vir grondhervorming, wat ten doel gestel het dat 30% landbougrond wat aan blankes behoort, binne die eerste vyf jaar van die nuwe demokrasie, herverdeel moes word (Van Zyl *et al*, 1996:V).

Suid-Afrika het in 1994 'n nuwe era van demokrasie binnegegaan, wat geweldige uitdagings gestel het. Ten einde die veelvoudige veranderinge in die ekonomie, politiek en sosiale aspekte aan te kon spreek, moes die negatiewe gevolge van kolonialisme en Apartheid voorkom word (Turner, 2002:1). Grondhervorming is gesien as een van die maniere om die ongelykhede van die verlede aan te spreek en reg te probeer stel in die Nuwe Suid-Afrika (Williams, 2000:1). Die Departement van Grondsake is verantwoordelik vir die teruggee van grond aan diegene wat onregverdiglik van hul grondregte ontnem is sedert 1913, die herverdeling van grond aan diegene wat gelyke toegang daartoe verhinder is deur Apartheid, en die implementering van sekerheid van eienaarskap vir diegene wat in die verlede nie grond kon besit nie (Williams, 2000:1).

Sedert 1994 het die Nasionale Departement Grondsake radikale beleide deurgevoer, wat beide eksterne en interne landboumarkte geliberaliseer het. Volgens Williams (2000:1) het dit die 22 statutêre bemarkingskemas en die statutêre beheer oor die markte vir suiker- en druiweprodukte, wat die kern van die verhouding tussen georganiseerde landbou en die ou regeringstelsel was, beëindig. Die Departement Landbou het, volgens Williams (2000:1) egter nie daarin geslaag om homself te heroriënteer om 'n nuwe groep van kliënte, wie se behoeftes verskil het van dié van wit kommersiële boere, te bedien nie.

Die provinsiale kantoor van die Departement Grondsake in die Oos-Kaap is in 1994 in Port-Elizabeth geopen en in 1998 na Oos-Londen verskuif, met 'n distrikskantoor in Queenstown (Department of Land Affairs, 1998). Kapitale uitgawes op grondhervormingsprojekte het toegeneem van R6,5 miljoen in 1996/7 tot R11,5 miljoen in 1997/8, en daar is verwag dat dié bedrag R35 miljoen in 1998/9 sou bereik. Meeste geld is bestee aan herverdelingsprojekte: landbouproduksie en behuising (Department of Land Affairs, 1998).

Onlangse tendense in die grondmark gee 'n belangrike agtergrond tot die vraag rakende die effek wat die grondhervormingsprogram op die grondmark het. Tabel 2.1 dui op 'n afwaartse neiging in gemiddelde prys per hektaar vanaf 1995 tot 1998, en daarna 'n geleidelike herstel. Uit Tabel 2.2 blyk dit dat grondpryse in die provinsies verskillend verander het.

Tabel 2.1: Gemiddelde pryse van grond per hektaar in Suid-Afrika, 1995-2000

Jaar van aankope	Gemiddelde prys per hektaar	Jaarlikse % verandering	% verandering relatief tot 1995
1995	1204	/	/
1996	1048	-13.0	-13.0
1997	992	-5.3	-17.6
1998	866	-12.7	-28.1
1999	936	8.1	-22.3
2000	1031	10.1	-14.4

Bron: Mokoena, 2001:56.

Tabel 2.2: Gemiddelde prys van grond per hektaar per Provinsie, 1995-2000

Provinsie	1995	1996	1997	1998	1999	2000	% verandering: 1995-2000
Oos-Kaap	735	690	707	483	539	584	-25.8
Vrystaat	832	863	719	641	751	800	-4.1
Gauteng	12245	12645	8574	7300	8127	4735	-158.6
KwaZulu-Natal	2856	2761	2497	2610	2509	2457	-16.3
Limpopo	1123	1048	946	865	946	1163	3.5
Mpumalanga	1055	1163	1195	1074	1278	1563	32.5
Noord-Wes	1689	1401	1538	1568	1673	1749	3.4
Noord-Kaap	222	198	189	167	207	215	-2.9
Wes-Kaap	1826	1431	1726	1089	1442	1735	-5.2

Bron: Mokoena, 2001:57

Verder in Afrika is daar 'n meer radikale siening van grondhervorming. In 1998 het die vergadering van die Suider Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskapslande (Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Zimbabwe, Malawi, Zambië en Mosambiek) herverdeling van grond sterk ondersteun.. Zimbabwe se Minister van Landbou het wetgewing voorgestel wat individue sou belet om meer as een plaas te besit, geen maatskappye grond sou kon besit nie, en grondbesitters sou deur middel van grondbelasting gedwing word om hul grond te verkoop, met die staat wat die eerste opsie het om te koop (Radio Pretoria, 16 April 1998). Die meeste afgevaardigdes was ten gunste van 'n stelsel van kommunale grondbesit, met die klem op huishoudelike-, eerder as nasionale voedselsekureit.

2.5 HUIDIGE BELEID

Volgens Williams (2000:1) was dit duidelik dat die Departement Grondsake nie sy eie doelwitte kon bereik in sy eerste vyf jaar nie, en nog minder die doelwitte wat deur die model van die Wêreldbank gestel is. Die Departement het nie daarin geslaag om die beskeie begroting suksesvol te spandeer nie, en die grootste deel daarvan is gespandeer op die betaal van salarisse, eerder as die aankoop van grond. Suid-Afrika se demokrasie is tans nege jaar oud, maar teen 2002 was skaars 1,3% van landbougrond onder blanke eienaarskap, herverdeel deur middel van grondhervorming. Soos gesien deur die grondloos het grondhervorming gefaal. Die landelike bevolking gaan steeds gebuk onder armoede, en landelike gebiede is steeds onderontwikkeld.

Die subsidies van R16 000 per persoon om grond te bekom was, volgens Lahiff en Rugege (2002, soos aangehaal in Mapadimeng, 2003:28) glad nie suksesvol nie, as gevolg van die hoë pryse van landbougrond (sien Gevallestudie 2, afdeling 5.3). Gevolglik het desperate situasies ontstaan waar aansoekers noodwendig in groot groepe moes aansoek doen om sodoende meer geld te verkry om die grond te kan bekostig. Dus het groepe ontstaan wat vreemd vir mekaar was en geen groepskohesie gehad het nie.

Mnr. Trevor Manuel (Radio Pretoria, 16 April 1998), Minister van Finansies, het dit gestel dat die “versnelling van grondhervorming en veral die afhandel van grondeise, een van die Regering se bestedingsprioriteite oor die volgende drie jaar is.” Gedurende 2002 is ’n bykomende R50 miljoen aan die Grondsake-begrotingspos toegeken om grond restitusie te bespoedig (Fouché 2002).

Die vorige grondhervormingsprogram het, volgens Mapadimeng (2003:31), gefokus op die opheffing van plaaswerkers, tydelike arbeiders, vroue en opkomende boere. Die aanvanklike program van grondherverdeling het egter weer net gefokus op die opkomende boere vanuit histories agtergeblewe gemeenskappe. Dit impliseer egter dat die mees gemarginaliseerde en arm lede van landelike gemeenskappe outomaties uitgesluit word by die herverdelingsprogram en sy potensiële voordele. ’n Aantal landelike nie-regeringsorganisasies het hierteen kapsie gemaak, en die Departement Grondsake daarvan beskuldig dat hy die armstes uitsluit. In 2000 het die nuwe Minister van Grondsake, Thoko Didiza, ’n nuwe beleid vir die herverdeling van grond voorgestel (Williams, 2000:1), naamlik ‘Grondherverdeling vir landbou-ontwikkeling’ (*Land redistribution for agricultural development*). Dié program word in paragraaf 2.6 hier onder verder bespreek.

Volgens die Departement Grondsake (soos aangehaal in Turner, 2002:11) is daar teen die einde van Maart 2002 reeds 56 225 ha grond herverdeel onder ‘Grondherverdeling’, en was daar ’n verdere 2 681 aansoekers wat onderworpe was aan die keuringskriteria. Volgens Mnr. Henk Prinsloo (sien Bylae: Onderhoud met Mnr. Henk Prinsloo: Direkteur van die Departement Grondsake in Port-Elizabeth) kry die Departement Grondsake in Port-Elizabeth ongeveer 250 tot 350 aansoeke per jaar, waarvan ongeveer 100 tot 180 per jaar afgehandel word. Volgens Tabel 2.3 het die aantal projekte en grond oorgedra sedert 2000 aanvanklik sterk toegeneem, maar weer teruggesak in 2001 (Departement Grondsake, soos aangehaal in Turner, 2002:12). Die daling in oordrag van grond in 1999 word toegeskryf aan die Minister se moratorium op die grondherverdelingsprogram, en die toename daarna aan die opheffing van die moratorium (Turner, 2002:12).

Tabel 2.3: Grondhervormingsprojekte, begunstigdes en aantal hektaar wat oorgedra is in Suid-Afrika, vanaf 1994 tot 2001

	Aantal projekte	Aantal huishoudings	Grond wat oorgedra is (ha)
1994	2	565	6 598
1995	17	2 923	18 179
1996	41	4 289	54 448
1997	87	9 846	127 750
1998	183	12 249	238 708
1999	142	18 304	190 916
2000	214	25 964	248 338
2001	214	15 847	199 110
Ongespesifiseerd	31	8 971	19 961
TOTAAL	931	98 958	1 098 008

Bron: Departement Grondsake, soos aangehaal in Turner, 2002:12.

Om toegang tot die landbousektor vir voorheen benadeelde groepe te vergroot, is die Departement van Landbou verantwoordelik daarvoor om die vestiging van swart boere te verseker, die nodige ondersteuningsdienste te voorsien, swart entrepreneurs te ontwikkel en die landbou-industrie meer verteenwoordigend van die totale bevolking te maak. Dit vereis ’n program om nuwe en opkomende boere te ondersteun (Department of Agriculture, 2002:3-4).

2.6 DIE HERVERDELING VAN GROND VIR LANDBOU-ONTWIKKELING

2.6.1 Doel van die Program

Volgens die “*Land redistribution for agricultural development: A sub-programme of the land redistribution programme*” (Department of Land Affairs, 2001:5) is die ‘Herverdeling van grond vir landbouontwikkeling-program’ (hierna die “Program”) ontwerp om swart mense, deur middel van groter subsidies, toegang tot grond te gee spesifiek vir landboudoeleindes. Voorheen benadeelde mense in landelike gebiede kan hierdeur gehelp word om hul lewenstandaard te verhoog deurdat hulle landbougrond kan bekom, hetsy groot of klein. Buiten die geld wat hulle verdien deur hul produkte te verkoop, sal hulle ook meer en beter voedsel vir eie gebruik kan produseer, en dus sal voedselsekuriteit, wat ’n basiese menslike behoefte is, verseker word. Die ander doel van hierdie program, is om diskriminasie op grond van geslag uit te skakel, deur aan vroue die reg te gee om grondeienaars en boere te word.

Ander doelstellings behels dat jongmense in landelike gebiede meer geleenthede moet verkry om landbouproduksie te stimuleer sodat dit die hele land tot voordeel sal strek, en om die volhoubaarheid van landbougrond te bevorder. Dit beteken dat grond en ander landboubates soos weiding, plantasies en waterbronne beskerm moet word sodat dit kan aanhou produseer en aan die nageslag oorgedra kan word (Mnr. Jannie Marais, Cradock Landbank, Onderhoud 2004).

Die program sluit egter ook ’n vestigingskomponent en komponente vir nie-landboudoeleindes in, soos byvoorbeeld eko-toerisme. Dit is ’n uiters ambisieuse onderneming wat beoog om die oordrag van 30% van alle landbougrond oor die volgende 15 jaar te verseker, voeding en inkomste van landelike armes te verbeter, die oorbevolking van die voormalige tuislande te verminder, en om geleenthede vir vroue en jongmense in landelike areas te vermeerder. Dit vereis maksimum toewyding en ’n goed gedefinieerde proses van implementering (Department of Land Affairs, 2001:5).

Volgens Gelderbloem (Die Burger, 2 Desember 2003) moet die regering nie langer praat van die sogenaamde 30% nie, aangesien dit op die uiteinde nie “syfers en persentasies (sal) wees wat landbou sal laat oorleef nie, maar wedersydse vertroue, gesindhede en respek. Dit sal nie daarvoor gaan of 30% van die grond oorgedra is nie, maar of daar stabiliteit in die landbou is.”

Die rasse- en geslagsdiskriminasie van die verlede moet hierdeur uitgewis word, en groei deur middel van landbou moet gestimuleer word. Die program fasiliteer strukturele verandering op die langtermyn, deurdat dit swart mense bystaan, wat klein- of mediumgrootte plaase wil bekom. Die program beoog om sterker skakelings te verkry tussen plaas en nie-plaas

inkomste-genererende aktiwiteite. Dus word begunstigdes bemagtig om hul eie ekonomiese en sosiale welsyn te verbeter. Persone wat alreeds landbougrond in kommunale areas besit, sal in staat gestel word om meer produktief van hul grond gebruik te maak. Laastens is die program daarop gemik om die volhoubaarheid van die omgewing, grond en ander natuurlike hulpbronne te bevorder (Department of Land Affairs, 2001:6).

2.6.2 Basiese beginsels van die Program

Die Program het 'n aantal onderliggende beginsels (Department of Land Affairs, 2001:5):

- dit is eenvormig en buigsaam, en begunstigdes kan daarvan gebruik maak volgens hul eie doelwitte en hulpbronne;
- alle begunstigdes moet 'n eie bydrae lewer volgens hul eie vermoëns, in terme van arbeid of kontant;
- die Program is aanvraag-georiënteerd, wat beteken dat begunstigdes self die grootte en aard van die projek bepaal;
- implementering is gedentraliseer, en amptenare op plaaslike vlak verskaf hul menings en bystand ter voorbereiding van die projekvoorstel;
- inter-departementele samewerking sal in alle sferes van regering plaasvind, met die distrik munisipaliteit wat die hoofrol speel;
- projekte word só onderneem dat dit ooreenstem met distriks- en provinsiale ruimtelike ontwikkelingsplanne;
- projekte word op provinsiale vlak hersien en goedgekeur;
- personeel op plaaslike vlak moet aansoekers bystaan, maar is nie betrokke by die goedkeuring van aansoekers nie;
- *ex-post* oudit en monitor moet 'n tydsame *ex ante* goedkeuringsproses aanvul; en

2.6.3 Die tipes projekte wat ingesluit word

Die Program maak voorsiening vir die volgende tipes projekte, maar is nie hiertoe beperk nie (Department of Land Affairs, 2001:5):

- Projekte moet lei tot voedselsekureit, op individuele- of groepsbasis.
- Gelykheidskemas: Deelnemers lewer die nodige eie bydraes, en verkry dus grond ter waarde van die subsidie, tesame met hul eie bydraes. Aangesien die Program die subsidie beskikbaar stel vir die aktiewe bewerking van landbougrond, word die begunstigdes dus mede-eienaars en werknemers op die plaas, en is almal gelyk.

- Produksie vir markte: Sommige begunstigdes wil deelneem aan die Program sodat hulle betrokke kan raak in kommersiële landbou-aktiwiteite. Hulle kan die subsidie aanvul met banklenings en hul eie bates en kontant.
- Landbou in kommunale areas: Verskeie mense wat in kommunale areas woon, het reeds toegang tot landbougrond, maar het nie die nodige toerusting of geld om produktief van daardie grond gebruik te maak nie. Hierdie mense moet dus aansoek doen vir bystand, sodat hulle produktief kan belê in infrastruktuur of grondverbeteringe.

2.6.4 Geslag en die Program

Die Program is daarop gemik om nie te diskrimineer op grond van geslag by die toekenning van grond nie. Dus word die toekoms van landelike vroue en hul huishoudings verbeter (Department of Land Affairs, 2001:6). Persone kan hulle subsidies individueel of in groepe aanwend vir die aankoop van grond.

Die ideaal is dat daar altesaam ten minste een derde van die begunstigdes vroue moet wees (Department of Land Affairs, 2001:7).

2.6.5 Die werking van die Program

Eerstens kan die aansoeker self die grond wat hy/sy graag wil koop, identifiseer. Die aansoeker nader dan die Departement Grondsake vir 'n toekenning. Opkomende boere kan subsidies, wat wissel tussen R20 000 en R100 000 van die Regering ontvang – hoe meer hulle self bydra in terme van arbeid, landboutoerusting, vee of kontant, hoe groter is die subsidie. Elke begunstigde moet ten minste R5 000 bydra (in geld of waarde), en indien hulle as 'n groep aansoek doen, word hul eie bydraes daarvolgens afgeskaal (Mnr. Jannie Marais, Cradock Landbank, Onderhoud 2004).

Indien mense verkies om as groep aansoek te doen, word die vereiste eie bydraes en die totale subsidie beide opgestoot deur die aantal individue wat die groep verteenwoordig. Die goedkeuring van die subsidies word gebaseer op die lewensvatbaarheid van die voorgestelde projek, wat die totale koste en winste van die projek in aanmerking neem (Department of Land Affairs, 2001:5). Blote residensiële projekte word nie onder hierdie program ondersteun nie, tensy begunstigdes huishoudelike tuine by hul nuwe huise wil skep, of tensy fondse vir die huis elders verkry word, byvoorbeeld by die Departement van Behuising (Department of Land Affairs, 2001:5).

Suksesvolle boere wat hulle boerderybedrywighede wil uitbrei, kan om verdere toekennings aansoek doen, maar die totale bedrag van die toekennings per applikant, mag nie meer as R100 000 beloop nie. Indien die applikant nog bykomende kapitaal benodig om die boerderyprojek te onderneem of uit te brei, moet hy/sy by 'n bank om 'n lening aansoek doen (Mnr. Jannie Marais, Cradock Landbank, Onderhoud 2004).

Volgens die Program vereis die Provinsiale Departemente Grondsake en –Landbou dat applikante opleiding moet ondergaan om seker te maak dat hulle in staat is om 'n sukses van die boerdery-onderneming te maak. Applikante wat vir groot toekennings kwalifiseer en groot boerdery-ondernemings met baie werkers wil begin, sal moontlik ook bestuursopleiding moet deurmaak (Mnr. Jannie Marais, Cradock Landbank, Onderhoud 2004).

Amptenare van die Departemente Grondsake en –Landbou, sal 'n applikant bystaan met die koop van sy/haar grond, en met die verskillende wetlike voorskrifte wat daarmee gepaardgaan. Verder sal hulle raadgee aan die applikante oor die beplanning van hul ondernemings, om te verseker dat dit 'n goeie en regverdigde kans het om te slaag. Mentors sal ook hier 'n belangrike rol speel (Mnr. Jannie Marais, Cradock Landbank, Onderhoud 2004). Sodra die plaas eers in bedryf is, sal voorligtingsbeamptes van die Departement van Landbou beskikbaar wees om die boer raad te gee oor sy/haar boerderybedrywighede.

2.6.6 Wie kwalifiseer vir die subsidies ingevolge hierdie Program?

Hierdie Program is oop vir alle voorheen benadeelde burgers van Suid-Afrika – wat swart mense, bruin mense en Indiërs insluit – en wat bereid is om op of naby die grond te woon en dit te bewerk, en wat daaraan toegewy is om die subsidie te gebruik vir die aankoop of huur van grond vir landbou-aktiwiteite (Department of Land Affairs, 2001:10). Dus sal “afwesige eienaars” wat in 'n dorp of stad woon en die grond bloot wil besit sonder om dit self te bewerk, nie kwalifiseer nie. Mans en vroue verkry gelyke toegang tot alle voordele wat hierdie Program bied, maar veral vroue sal aangemoedig word om aansoek te doen.

Applikante moet 'n eie bydrae lewer om vir 'n subsidie te kwalifiseer (Mnr. Jannie Marais, Cradock Landbank, Onderhoud 2004). Kleinboere kan in groepe aansoek doen vir subsidies om landbougrond te koop, maar boerderyprojekte deur groot groepe word nie aangemoedig nie, aangesien dit nie in die praktyk werk nie (soos byvoorbeeld Gevallestudie 2). Begunstigdes kan vir verdere subsidies aansoek doen om hulle bedrywe te vergroot, met die beperking van 'n maksimum van R100 000 per aansoeker (Department of Land Affairs, 2001:10).

Indien 'n groot grondeienaar 'n gedeelte van sy/haar eiendom as 'n lopende praktyk te koop aanbied aan sy/haar plaaswerkers, kan die werkers hul subsidies gebruik om 'n aandeel in die plaas te koop, en dan voortgaan om as werknemers op hierdie plaas te werk. (Mnr. Jannie Marais, Cradock Landbank, Onderhoud 2004).

Persone wat reeds 'n huis besit, kan om 'n subsidie aansoek doen om nabygeleë grond te koop vir die produksie van huishoudelike voedsel (Mnr. Jannie Marais, Cradock Landbank, Onderhoud 2004).

Deininger *et al* (soos aangehaal in Williams, 2000:4) is ook van mening dat begunstigdes op grond van hul vorige boerderyvaardighede, asook hul vermoë om vir die grond te betaal, gekies moet word. Hulle moet toegelaat word om relatiewe klein porsies grond aan te koop. Onsuksesvolle nuwe boere moet toegelaat word om die grond te verhuur of te verkoop. Die regering moet aan opkomende boere basiese infrastruktuur en verlengingsdienste verskaf. Hierdie siening sluit egter ook die armes uit, aangesien hulle nie oor die nodige boerderyvaardighede en kapitaal beskik om suksesvol te kan wees nie.

2.6.7 Kriteria waaraan subsidies onderworpe is

Die keuse van aansoeke vir subsidies is onderworpe aan primêre en sekondêre kriteria. Primêre kriteria is die volgende (Department of Agriculture, 2002:9-10):

- Die projek moet landbouverwant wees;
- Die projek moet ekonomies lewensvatbaar en op die langtermyn volhoubaar wees;
- Projekte moet gebaseer wees op die aanvraag – eienaarskap deur die gemeenskap en/of toewyding van boere is 'n voorvereiste;
- Die geteikende begunstigdes moet deel wees van die voorheen benadeelde groepe, ten einde armoede uit te wis en ekonomiese groei aan te moedig. Vroue en jongmense kry voorkeur;
- Nasionale en huishoudelike voedselsekuriteit moet bevorder word, dit is, genoeg produksie vir eie gebruik en surplus produksie vir die genereer van inkomste.;
- Projekfinansiering moet met 'n eenmalig subsidie geskied, en nie met die subsidies vir bedryf of onderhoud nie;
- Slegs landbou-aktiwiteite wat aan die vereiste institusionele en tegniese vlak voldoen sal gesubsidieer word, ten einde volhoubaarheid en lewensvatbaarheid te verseker;
- Besigheidsplanne wat voldoen aan die voorgestelde 'Grondherverdeling' riglyne moet ingedien word, en

- Projekte wat werksgeleenthede sal skep, moet voorkeur kry.

2.6.8 Kritiek teen die Program

Die Program: Herverdeling van Grond vir Landbou-Ontwikkeling het egter die nadeel dat dit sekere mense en groepe uitsluit, aangesien daar aanvaar word dat nuwe eienaars reeds oor 'n hulpbron-basis beskik, wat dikwels nie die geval is nie. Die armstes, wat eintlik veronderstel is om by die Program te baat, is uitgesluit. Waar gaan 'n huishouding wat byvoorbeeld minder as R1 500 per maand verdien, genoeg hulpbronne of geld vandaan kry om R5 000 per persoon by te dra? Volgens Mnr. Prinsloo (sien Bylae: Onderhoud met Mnr. Henk Prinsloo: Direkteur van Grondsake, Port-Elizabeth) word die waarde van die persoon se arbeid/betrokkenheid in die projek egter gereken as R5 000, waarvoor hy/sy 'n subsidie van R20 000 kry, en dus hoef persone nie noodwendig geld as sulks by te dra nie.

Verskeie landelike nie-regeringsorganisasies (soos aangehaal in Mapadimeng, 2003:32) is ook van mening dat 'Grondherverdeling' vereis dat begunstigdes grond vir kommersiële boerdery moet aanwend, wat dus die moontlikheid van meervoudige inkomste ondermyn. Volgens Lahiff (2001:5) kan 'Grondherverdeling' wel die behoeftes van 'n minderheid van die swart bevolking bevredig, maar dit sal nie die meerderheid armes en grondloses help nie, en ook nie die skewe verdeling van grondbesit transformeer nie. Volgens hom moet daar nog beleidsveranderinge wees voordat hierdie beleid suksesvol kan wees.

In teenstelling met dié menings, staan mnr Monwabisi Fandeso, Besturende Direkteur van die Landbank, volgens Mkhondo (2002), modernisering van boerderymetodes voor en die verander van bestaansboere na kommersiële boere om die produktiwiteit van Suid-Afrikaanse plase te verhoog, en die sektor meer volhoubaar te maak.

Weens die emosionele aard van grondkwessies en die dringendheid waarvolgens grondhervorming moet plaasvind (Mapadimeng, 2003:22), het die Departement Grondsake 'n distriksgebaseerde grondherverdelingsbenadering geïmplementeer, waarvolgens 'n distrik geprioritiseer word as die fokus vir grondherverdeling. Levin (2000, soos aangehaal in Mapadimeng, 2003:23) is egter van mening dat daar 'n tekort aan openbare deelname in hierdie distriksgebaseerde ontwikkelingsplanne is, wat dit 'n swak reputasie gee.

Volgens Lahiff (2001:5) is beperkings van 'grondherverdeling' dat dit nie verseker dat meer vroue, werkloses en die armstes by herverdeling baat nie. Private konsultante het steeds seggenskap oor die ontwerp van projekte. Verder is daar geen werklike integrasie tussen die

drie dele van grondhervorming (herverdeling, sekerheid van eienaarskap en restituisie) nie, en daar is nie werklik enige verband tussen grondhervorming en landelike ontwikkeling nie.

Turner (2002:13) is van mening dat 'Grondherverdeling' se besliste onderskeid tussen grond vir residensiële doeleindes en produktiewe gebruik, nie daarin slaag om die veelvoudige behoeftes van landelike huishoudings aan te spreek nie, aangesien hul behoeftes dikwels beide tipes grond benodig as deel van hul diverse oorlewingstrategie. Deurdat die program uitsluitlik fokus op die klein minderheid huishoudings wat gewillig en in staat is om hulle toe te spits op voltydse kommersiële boerdery word die realiteit van landelike bestaan in Suid-Afrika geïgnoreer. Volgens Turner (2002:13) het die herverdelingsprogram nie daarin geslaag om die gebrek aan grond en gepaardgaande armoede te verminder nie.

Dit is, volgens Williams (2000:9), duidelik dat daar spanning is tussen die doelwit om hulpbronne aan die landelike armes te verskaf en kommersiële produksie aan te moedig, hetsy dit die opkomende boere is wat deur die Nasionale Departement van Landbou voorgestel word, of die kleinboere wat deur die Wêreldbank se model voorgestel word. Die meeste mense wat grond wil besit, wil dit aanwend vir residensiële gebruik of die aanlê van tuine, waaruit hulle voedsel kan produseer vir eie gebruik of om te verkoop, eerder as vir uitsluitlik landboudoeleindes. Hierdie behoefte word nie werklik ingesluit by die besigheidsplanne wat benodig word vir die aansoek om subsidies nie.

Volgens Williams (2000:9) het die subsidies van die begunstigdes hulle nie in staat gestel om hul landbouproduksie uit te brei nie. Dus blyk dit dat grondhervorming slegs 'n manier is om in mense se welsynsbehoeftes te voorsien, en word gevolglik gesien as 'n uitgawe, wat eerder geminimaliseer moet word, as om in toekomstige produksie te belê. Dus is dit ook nie verrassend dat die regering maar relatief min fondse vir grondhervorming beskikbaar stel nie, en word die grootste deel van die Departement Grondsake se begroting op salarisse spandeer, eerder as om subsidies aan mense te verskaf om grond aan te koop. Volgens Turner (2002:6) het die Departement Grondsake wel groter betrokkeheid vir munisipaliteit geskep, sodat hulle in staat kan wees om grondhervorming in hul areas te ontwerp en te bestuur.

Volgens Turner (2002:7) is die grootste probleem in Suid-Afrika, die kwessie van MIV/VIGS. Die Departement Grondsake skat dat ongeveer 15 tot 35% van alle begunstigdes van grondhervorming, en 20 tot 35% van die personeel wat in grondhervorming agentskappe werk, MIV-positief is. Die Departement Grondsake behoort die beleid aan te pas, om in ag te neem dat baie van die begunstigdes te kort gaan lewe om volhoubare lewens vir hulself en hul

families te skep op die grond wat hulle ontvang het. Turner voel dat VIGS-draers groter voordeel moet trek uit die herverdeling van grond.

2.6.9 Die uitdagings wat die Program die hoof sal moet bied

Matlala (2002:30) beskryf die uitdagings wat 'Grondherverdeling' die hoof sal moet bied:

- **Beplanning en koördinerings**

Die program vereis aktiewe deelname van die begunstigdes. Hul betrokkenheid moet dus nie uitgeskuif word tot by die fase van implementering nie, maar hulle moet betrokke wees by die beplanning en koördinerings van die program.

- **Oordrag van inligting**

Voorsorg moet getref word om te verseker dat die grootste moontlike aantal begunstigdes ten volle ingelig is oor die program. Mense moenie net bloot bewus wees daarvan nie, maar ook weet hoe om toegang tot die program te verkry.

- **Gebrek aan entoesiasme**

Staatsamptenare in Suid-Afrika is nie altyd hulpvaardig nie. Die meerderheid van die begunstigdes is ongeletterd, en benodig baie bystand en ondersteuning. Kleinboere, veral nuwelinge, verkry tans nie die gehalte diens en ondersteuning om hulle te help om te ontwikkel tot die vlak van kommersiële boere nie.

- **Ingewikkelde programme**

Alhoewel dit belangrik is dat daar streng maatreëls moet wees om verantwoording en behoorlike gebruik van openbare fondse te verseker, moet inligting eenvoudig uiteengesit word om te verseker dat dit vir almal verstaanbaar is.

- **Botsings weens politieke oorheersing**

Onsekerheid wat ontstaan weens die ongedefinieerde rol van die tradisionele leiers, kan die program skade berokken, en dus moet daar 'n oplossing voor gevind word.

- **Onregverdige kompetisie**

Dit sou geen doel dien om toekennings aan boere te gee, en hulle dan oor te laat aan die gevolge van onregverdige en ongelyke kompetisie nie. Meer markte moet vir boere geskep word, en bestaansboerdery moet beoefen word uit vrye keuse, en nie as gevolg van materiële hindernisse nie.

2.7 'N GEÏNTEGREERDE BENADERING

Professor Eckart Kassier (2002:12) bepleid die integrasie van kommersiële boerdery, bestaansboerdery en ander bedrywe wat met boerdery gepaardgaan. Kommersiële boere is die beste toegerus om nuwe boere in kommersiële boerderye te help vestig. Hy is bekommerd oor die “mislukking van sogenaamde kleinboerinvesting”, en met die regering se praktyk om mense sonder ondersteuning op plase te vestig. Onderskeid moet getref word tussen “mense wat wil boer, dié wat net kombuistuine wil aanlê en dié wat net ‘n huis wil bou.” 'n Fout van huidige beleid is die aanname dat almal wil gaan boer, aangesien ‘n groot deel van Suid-Afrika se plattelandse bevolking nie meer landelik is nie, maar stede-landelik. Kassier (2002:12) meen dat die meerderheid vroue sou verkies om in ‘n ander sektor van die ekonomie te werk, maar dat hulle in die landbousektor bly omdat hulle nie ander alternatiewe het nie. Mnr. Slabbert (Onderhoud: 2003) maak die stelling dat daar gefokus moet word op die verwerking van landbouprodukte, eerder as op boerdery self.

'n Suksesvolle landelike hervorming hang van die ontwikkeling van ‘n sterk middelklas in die landbou af, wat, volgens Kassier (2002:12-13), slegs kan gebeur deur:

- nuwe boere as kommersiële boere te vestig, maar nie noodwendig as individue nie, aangesien individue nie die kritieke massa ten opsigte van hoeveelhede geproduseer of nuwe tegnologie-oordrag het nie. Daar moet gekyk word na ondernemingsvorme soos maatskappye en beslote korporasies;
- meer klem te lê op voorwaartse en terugwaartse skakeling in die landbou – nie net op primêre landbou nie. Landboubemagtiging behels ook die betrokkenheid by die lewer van vervoer-, verwerkings- of verpakkingsdienste aan die landbou, en.
- te help dat nuwe boere deel word van tegnologiese landbou en modernisasie.

Plaaswerknemers word gesien as die beste kandidate om as nuwe boere gevestig te word, aangesien hulle reeds oor die nodige boerdery- en produksiekennis beskik, maar nie “kantoorkennis” nie (Kassier 2002:13). Volgens Ebedes (2002:10) moet spesiale aandag geskenk word aan die oordra van besigheidsvaardighede – ‘n proses waar tydens mense geleer word om te dink en inisiatief te gebruik. ‘n Belangrike deel daarvan is om eerstens lewensvatbare markte te identifiseer, en dan produksie daarby aan te pas.

Hierdie integrerende beeld word gesteun deur mnr. Peele (2002). Volgens hom moet daar geen apartheid in landbou wees nie, aangesien almal (in die landbou) boere is wat voedsel vir die land moet produseer. Mense met ervaring en kennis moet dit met ander deel, en die enigste rol wat politiek hierin moet speel, is om landbouproduksie te verbeter.

2.8 SAMEVATTING

Dit is duidelik dat beleide wat in die verlede geformuleer is, bygedra het tot die huidige toestand van armoede onder die grootste gedeelte van die swart bevolking. Huidige eienaarskap van grond en patrone rakende die ontwikkeling van grond, weerspieël die politieke en ekonomiese toestande van Apartheid. Die nuwe Regering, wat in 1994 aan bewind gekom het, het beloftes van grondhervorming gemaak waarvolgens die voorheen benadeeldes opgehef sou word en hul sosio-ekonomiese probleme verminder sou word. Nuwe wetgewing het bepaal dat grond meer gelyk versprei moet word in terme van eienaarskap en toegang. Dus sou die ongerymdhede van Apartheid aangespreek word, nasionale stabiliteit gehandhaaf word, ekonomiese groei gestimuleer word en huishoudelike welstand verhoog en armoede verlaag word. Dit vind egter te stadig plaas. 'n Voldoende grondbeleid is 'n voorvereiste vir die verkryging van vrede, stabiliteit en versoening, daarsonder kan ekonomiese groei en onafhanklike bestaan nie bereik word nie. Ondervinding dui daarop dat die vorige grondherverdelingsprogram nie effektief daartoe bygedra het om landelike armoede te verminder nie (Turner, 2002:13).

Die Regering se huidige beleid oor grondherverdeling, naamlik *Grondherverdeling vir die Ontwikkeling van Landboudoeleindes*, is daarop gemik om landelike armoede te verminder, deur die skewe verdeling van grondeienaarskap te transformeer. Dit skep egter die probleem dat die armes steeds uitgesluit word, omdat hulle nie die aanvanklike R5 000 kan bydra nie. Volgens Lahiff (2001:5-6) kan slegs die Staat hierdie projek lei, maar dit moet geskied op 'n manier wat nie ander belangrike rolspelers uitsluit nie. Die vryemark alleen kan nie hierdie verantwoordelikheid oorneem nie. Grondhervorming moet gemik wees op diegene wat dit die nodigste het, dus die armstes, en nuwe beleide moet hulle nie uitsluit nie. 'n Moontlike oplossing sou wees om die Geïntegreerde Volhoubare Landelike Ontwikkelingstrategie ("Integrated Sustainable Rural Development Strategy"), wat die rol van die munisipaliteite in dienslewering beklemtoon, met grondhervorming en grondherverdeling te integreer.

Alhoewel die Wêreldbank voorstel dat kleinskaalse boerdery meer doeltreffend sal wees as grootskaalse kommersiële boerdery, is dit nodig om te kyk na die spesifieke area of distrik waar grondherverdeling gaan plaasvind. Kleinskaalse boerdery sou byvoorbeeld meer doeltreffend in die Wes-Kaap wees, aangesien die grond meer vrugbaar is en klein eenhede voldoende sou wees vir families om hulself te onderhou. In die Somerset-Oos- en Cradock-distrikte sou hierdie opsie nie lewensvatbaar wees nie, aangesien die area deur droogtes geteister word, en die drakrag van die grond baie laag is, wat dus groot eenhede regverdig.

Begunstigdes moet aan kriteria voldoen, soos vorige ondervinding in landbou, anders is die kans op sukses laag (sien Gevallestudie 2). 'n Gefokusde doelwit kan wees om buitengewoon belowende opkomende boere van “een vlak na 'n volgende” (Williams, 2000:12) te laat vorder, dus vanaf bestaansboerdery na kommersiële boerdery. Vir kommersiële boere met groter plase is landbou 'n voltydse beroep. Daarteenoor is bestaansboere se plase kleiner, en hulle beskou landbou as 'n ondersteuning vir die onderhoud van hul huishouding. Dit blyk egter meer suksesvol te wees om die skaal van landbou-eenhede te vergroot, insette en uitsette te kommersialiseer, en om begunstigdes toe te spits op voltydse boerdery. Hierteenoor stel Kassier 'n meer geïntegreerde benadering voor wat steun op bestaande kommersiële boere.

Die groot probleem van MIV/VIGS moet ook in aanmerking geneem word by die herverdeling van grond. Volgens die Departement Grondsake (soos aangehaal in Turner, 2002:7) moet diegene met VIGS groter voordeel trek uit die herverdeling van grond.

3. TEORETIESE ONDERBOU

3.1 INLEIDING

Van der Veen het in Die Burger van 24 Mei 2003 'n goeie beskrywing gegee van die verskillende benaderings tot grondhervorming in Suid-Afrika. Volgens hom kan Suid-Afrika se probleme nie meer bloot verklaar word deur “slegs te verwys na dekolonisering en die jare daarna nie”. Dit is belangrik om die outentieke elemente van Afrika, en veral Suid-Afrika, te ondersoek om die situasie waarin die land tans verkeer, te begryp. Die sogenaamde swart gat waarin die meeste Afrika-lande sedert onafhanklikwording geval het, is “die gevolg van ‘n politieke, kulturele en ekonomiese benadering wat eie aan Afrika is” (Van der Veen, 2003).

Europese kolonisering het wel 'n moontlike negatiewe rol gespeel deurdat dit eeue oue Afrika-tradisies versteur het, maar die invloed kwyn, sodat dit op die ou end maar net 'n episode in die geskiedenis van Suid-Afrika sal wees. President Thabo Mbeki stel die sogenaamde Afrika-renaissance voor, maar dit behels 'n sentrale paradoks deurdat hy verwys na die mitologiese verlede van Afrika, terwyl hy 'n toekoms illustreer wat “naatloos by die ideale van die Europese Verligting aansluit” (Van der Veen, 2003). Die vraag ontstaan of hierdie ideale van demokrasie, maatskaplike regverdigheid en welvaart verwesenlik kan word op grond van Afrika-tradisies en waardes. Indien wel, watter tradisies en waardes is dit, en wat moet daarvan behoue bly en wat moet verander?

In hierdie hoofstuk word daar gekyk na teorieë oor wat die ontwikkelingsproses in Suid-Afrika in die verlede beïnvloed het, en nog steeds beïnvloed.

3.2 TEORIEë VAN ARMOEDE

Burkey (1993:3) stel dit dat basiese behoeftes enigiets behels wat 'n individu benodig om te oorleef as 'n menslike wese. Armoede kan dus gedefinieer word in terme van basiese behoeftes. Statistiek Suid-Afrika (2000:54) definieer armoede as “*the denial of opportunities and choices basic to human development to lead a long, healthy, creative life and enjoy a decent standard of living, freedom, dignity, self-esteem and respect from others*”. Dus kan armoede, in die konteks van grondhervorming, beskou word as die wantoewysing van hulpbronne (grond), wat mense se standaard van lewe beïnvloed.

Dit is duidelik dat beleide wat in die verlede geformuleer is, gelei het tot die ongelyke verspreiding van hulpbronne en ekonomiese geleentheid, wat tot grootskaalse armoede onder die swart bevolking gelei het. Dus moet die uitwissing van armoede die eerste prioriteit van die Regering wees, asook die hoofdoel van die Oos-Kaapse Provinsiale Groei- en

Ontwikkelingsplan, wat op 26 Junie 2003 vrygestel is (Eastern Cape Economic Update 2003), waar armoede nie bloot gesien moet word in terme van gebrek aan inkomste nie, maar ook as 'n gebrek aan toegang tot geleenthede vir volhoubare lewe, naamlik vaardighede, kennis, selfvertroue en toegang tot besluitneming (Eastern Cape Economic Update, 2003:5).

Die Oos-Kaap se landboupotensiaal is hoogs onontgin – slegs 20% selfonderhoudend – en die samelewing word gekenmerk deur die vinnige styging in die aantal mense met HIV/VIGS (Eastern Cape Economic Update, 2003:4). Dit is slegs moontlik om armoede te verminder indien die onderliggende strukturele oorsake van armoede aangespreek word deur die volgende (Eastern Cape Economic Update, 2003:5):

- Arm mense moet groter beheer hê oor besluite en toegang tot besluitnemingsprosesse;
- Inisiatiewe om armoede te verminder moet die inkomste, bates en vaardighede van die armes aanspreek; en
- Skakeling tussen die makro- en mikrovlakke van inmenging, soos hulpverskaffing, moet gemeenskaplik versterkend wees.

Om arm te wees, behels egter veel meer as blote lae inkomste. Dit beteken ook om arm te wees in terme van gesondheid, opvoeding en toegang tot goedere en dienste (World Bank, 2003). Armoede lei tot geweld en misdaad, politieke onstabiliteit, en 'n algemene lae lewenstandaard. Ten einde armoede te verlig, moet mense se toegang tot daardie faktore wat kwaliteit van lewe verhoog, vermeerder word – dit behels meer as net inkomste. Burkey (1993:6-10) en ander teoretici soos onder andere Deininger (2000) en Hirschman (1958 soos aangehaal deur Trainer 2002:54), identifiseer vyf hoofredes waarom daar armoede ontstaan, veral in Ontwikkelende lande:

- **Tekort aan moderne tegnologie:** Armoede kan moontlik ontstaan omdat mense nie toegang het tot moderne tegnologie nie. Boere kan hier dien as goeie voorbeeld, deurdat hulle nie slegs moderne toerusting, plaagdoders en verbeterde sade benodig nie, maar ook die nodige kennis om die nuwe tegnieke suksesvol toe te pas. Volgens Deininger *et al* (soos aangehaal in De Janvry *et al*, 2001:412) is dit belangrik dat boere oor bestuursvaardighede moet beskik, sodat hulle groter plaas-eenhede kan beheer.
- **Fisiese beperkings:** Verskeie gebiede in Ontwikkelende lande is onderworpe aan droogtes, vloed, swak grond en ander natuurlike rampe, asook die gemeenskappe se onvermoë om effektief te reageer op hierdie rampe. Armes kan nie bekostig om risiko's te neem nie. Hierdie beperkings word verder vererger deur armoede en die steeds groeiende

bevolking. Ontbossing kom byvoorbeeld voor deurdat bome gebruik word om vuur te maak of skuilings te bou. Dit veroorsaak gronderosie, wat die impak van vloede en klimaatsveranderinge vererger.

- **Gebrek aan 'n moderne uitkyk op die lewe:** Dit is in die verlede algemeen aanvaar dat arm gemeenskappe verandering en modernisering teenstaan omdat hulle te tradisioneel, onkundig en suspisius is. Hulle toon tekorte aan innovasie en kan nie die voordele van modernisasie insien nie. Die groot probleem van arm gemeenskappe is dat hulle nie genoeg ambisie het nie, en dus ook nie hul omstandighede wil verbeter nie. Hirschman (1958 soos aangehaal in Trainer, 2002:54) stel dit dat die tekort aan entrepreneuriese vaardighede dikwels ontwikkeling strem.


Volgens Trainer (2002:67) is daar egter wel in die Ontwikkelende lande gevalle waar groepe spontaan saamstaan om hul lewensomstandighede te verbeter, deurdat hulle poog om plaaslik saam te werk en selfonderhoudende ekonomieë te skep. Hulle wil nie noodwendig die lewenstandaard van Ontwikkelde lande behaal nie, aangesien dit nie vir hulle belangrik is om hul rykdom te meet aan hul vermoë om goedere te koop nie. Hulle kies om onmiddellike probleme te identifiseer en aan te spreek, en gebruik beskikbare hulpbronne en tradisionele tegnologie om goedkoop, eenvoudige en effektiewe oplossings te ontwikkel, wat plaaslik beheer word en onafhanklik is van die nasionale markgebaseerde sisteem.

Bernstein (2003:1) plaas groot klem op bestaansboerdery (*'peasantry'*), waar eenvoudige huishoudelike boerdery in hul eie behoeftes voorsien. Dit sluit aan by die konsep van die gemeenskap, dit is toewyding tot 'n lewenswyse wat bevorderlik is vir huishoudings sowel as die gemeenskap. Hierdie tipe bestaansboerdery is in direkte teenstelling met markgebaseerde en entrepreneuriese boere (Bernstein, 2003:1).

- **Afhanklikheid van Ontwikkelde lande:** Ontwikkelende lande is afhanklik van die Ontwikkelde lande vir kapitaal, tegnologie en markte. Die Ontwikkelde lande bepaal saam die rentekoerse, voorwaardes vir handel en tariewe vir invoere. Hulle verleen ook dikwels hulp aan die armer lande, wat laasgenoemde in 'n voortdurende posisie van ondergeskiktheid en afhanklikheid plaas, en veroorsaak dat Ontwikkelende lande altyd in die skuld bly by die Ontwikkelde lande. Soos reeds hierbo genoem, poog verskeie arm groepe in die Ontwikkelende lande om hulself te help deur onafhanklik van die nasionale markgebaseerde sisteem te bestaan (Trainer, 2002:67).

- **Uitbuiting van arm gemeenskappe:** Arm gemeenskappe is afhanklik van die plaaslike elite, naamlik grondeienaars, geldvoorskieters of selfs amptenare. Volgens Deininger *et al* en De Soto (soos aangehaal in De Janvry *et al*, 2001:410) is eiendomsregte nie net belangrik vir ekonomiese groei nie, maar ook vir die armes, anders kry hulle 'n oorgeskikte aandeel in ekonomiese geleenthede.

Dikwels is die produkte wat arm gemeenskappe koop, van 'n swak gehalte en dan nog boonop baie duurder. Konvensionele ontwikkeling bevorder die ontwikkeling van dit wat die rykes begeer. Aandag word nie gegee aan die toewysing van hulpbronne aan sosiale en ekologiese prioriteite nie (Trainer, 2002:55). Dit dra by tot die sogenaamde 'Deprivasie Vangnet' van Chambers (1983:56 soos aangehaal in Burkey, 1993:11), wat beteken dat armes in 'n siklus van armoede vasgevang word, waaruit hulle selde kan ontsnap:



Figuur 3.1: Deprivasie Vangnet

(Bron: Chambers, 1983:56 soos aangehaal in Burkey, 1993:11)

Die proses van ontwikkeling is multi-dimensioneel en geïntegreerd, en bestaan uit vyf geïntegreerde elemente (Theron, 2001):

- Deelname;
- Sosiale leer;
- Kapasiteitsbou;
- Bemagtiging; en
- Volhoubare ontwikkeling.

Hierdie elemente het op hul eie geen funksie nie, maar sodra hulle verbind en geïntegreer word binne die konteks van die bevrediging van basiese behoeftes, vorm hulle die kern van die ontwikkelingsproses.

Deininger *et al* (soos aangehaal in De Janvry *et al*, 2001:409) stel dit dat armes bemagtig kan word deur sekerheid van eienaarskap. Hulle gebruik die voorbeeld van Ghana, waar sekerheid van eienaarskap daartoe gelei het dat mense bome geplant het, en belê het in riolering en besproeiing. Hulpbronne is beter benut en beskerm. In Indië (Deininger *et al*, soos aangehaal in De Janvry *et al*, 2001:409) het individuele eiendomsregte, selfs al was dit van tydelike aard, individue gemotiveer om harder te werk, met verhoogde produktiwiteit. Die teendeel is dat armes dikwels nie die risiko van eienaarskap kan bekostig nie, en moet grond huur. (Die voor en nadele van kommunale grondbesit en die saam boer van families word verder bespreek in 3.9.1 hier onder.)

Burkey (1993:27-32) en ander teoretici het die verskeie teorieë oor armoede en ontwikkeling beskryf, wat elk kortliks bespreek sal word.

3.2.1 Modernisasieteorie: Ontwikkeling deur groei

Alhoewel daar verskeie teorieë rondom ontwikkeling bestaan (Trainer, 2002:54), beskou die meeste teorieë ontwikkeling as groei. Ontwikkeling en ekonomiese groei kan volgens die modernisasieteorie gesien word as sinonieme vir vooruitgang en hoër vlakke van beskaafdheid binne die samelewing. Volgens Trainer (2002:54) word daar algemeen aanvaar dat ekonomiese groei òf ontwikkeling teweeg bring, òf gesien word as die nodige faktor vir ontwikkeling. Trainer (2002:54) stel dit ook dat ontwikkeling gewoonlik as modernisering beskou word, wat impliseer dat die samelewing 'n markgebaseerde sisteem moet aanhang.

Groei is gesien as 'n natuurlike proses wat onderhou kon word deur die toepassing van korrekte en gereelde insette. Om ontwikkeling te verkry, moet bruto vlakke van besparings en beleggings verhoog word totdat die ekonomie selfonderhoudende ontwikkel. Om dit te bereik moet bevolkingsgroei afneem en gesondheidstoestande verbeter..

Daar is egter 'n komplekse verhouding tussen outonomie en interafhanklikheid. Outonomie verwys na die kapasiteit van individue, gemeenskappe en volke om onafhanklike besluite te neem. Die stygende vlakke van sosiale-, ekonomiese- en politieke interafhanklikheid is egter besig om outonomie teen te werk, maar sonder genoegsame beduidende outonomie kan daar geen werklike gelyke groei plaasvind nie.

Die ondergeskikte rol van landelike vroue in ontwikkeling is tans 'n groot bekommernis, wat reggestel moet word voor landelike armoede kan afneem. Gelyke regte vir vroue moet die fokus van die Regering se beleid wees (Lahiff, 2001:5).

3.2.2 Afhanklikheidsteorie van onderontwikkeling

Volgens Trainer (2002:55) het afhanklikheidsteoretici gefokus op strukturele faktore wat ontwikkeling strem. Die periferie (landelike dele) stagneer deurdat die surplus afstaan word aan die kern. Prebisch (1984 soos aangehaal in Trainer, 2002:55) het klem geplaas op ongelyke ruilhandel. Dit is algemeen aanvaar dat die kern oor die mag beskik het om die mate van ontwikkeling in die periferie te bepaal. Die afhanklikheidsteorie van onderontwikkeling bevraagteken die veronderstelde gemeenskaplike voordele van internasionale handel en ontwikkeling, soos deur die voorstanders van die modernisasie teorie beskryf.

Die afhanklikheidsteorie stel dit dat net die sentrale lande voordeel trek uit handel, terwyl die perifere lande benadeel word. Die sentrale argument van hierdie teorie is dat sosio-ekonomiese afhanklikheid van die periferie van die kern, werkloosheid en onderontwikkeling skep. Die oplossing is om Onderontwikkelde lande los te maak van die internasionale ekonomie (Trainer, 2002:55), aangesien globalisering lei tot die hulpbronnoodrag vanaf Onderontwikkelde lande na Ontwikkelde lande deur transnasionale korporasies, waartydens die armes benadeel en die ekologie vernietig word (Trainer, 2002:58). Marx (soos aangehaal in Trainer, 2002:55) het ontwikkeling ook gesien as 'n proses van modernisering, en het geglo dat ontwikkeling sekere vlakke van tegnologie en produksie moes bereik.

Warren (soos aangehaal in Trainer, 2002:55) het egter die afhanklikheidsteorie se stelling, dat kapitalisme die Onderontwikkelde lande laat stagneer, verwerp. Hy het geglo dat normale kapitalistiese ontwikkeling wel besig was om plaas te vind in Onderontwikkelde lande, en dat dit nodig en verkieslik was, aangesien dit 'n voorvereiste vir vooruitgang is.

Die hoofkritiek teen hierdie teorie is die feit dat industrialisasie, deur middel van invoersubstitusie, nie maklik haalbaar is nie, aangesien interne markte te klein is en die behoefte om tegnologie en ander faktore van produksie in te voer, groot buitelandse handel behels.

3.2.3 Globale interafhanklikheid

Met die kwyn van steun vir die afhanklikheidsteorie, het 'n teorie wat globale interafhanklikheid ontstaan, 'n meer universele benadering tot ontwikkeling, wat die

komplekse verhoudings tussen beide sentrale en perifere ontwikkeling insluit. Die konvensionele ontwikkelingstrategie stel dit dat 'n styging in 'n land se bruto binnelandse produk, sal lei tot ekonomiese groei en ontwikkeling (Trainer, 2002:55).

Tog is dit nie die geval nie. Die bruto binnelandse produk sal nie noodwendig almal se inkomste laat styg nie, en die 'trickle-down' effek, waar rykdom in een sektor noodwendig ander sektore sou bevoordeel, is ook verkeerd bewys. Volgens Chussodowsky (1997 soos aangehaal in Trainer, 2002:56) is dit duidelik dat die armes nie altyd voordeel getrek het uit ontwikkelings nie. Die feit dat hierdie deursypeling onsuksesvol was, het gelei tot die behoefte aan herverdeling, en gevolglik het die Brundtland-Verslag (Brundtland, 1987 soos aangehaal in Trainer, 2002:56) 'n die beroep gedoen dat daar na die armes omgesien moet word, en die Wêreldbank (1994, soos aangehaal in Trainer, 2002:56) het begin melding maak van "groeï deur middel van herverdeling".

Regerings is besig om markgebaseerde sisteme se vryheid te verhoog, wat tot gevolg het dat daar minder stremming geplaas word op korporasies. Die Wêreldhandelsorganisasie (soos aangehaal in Trainer, 2002:59) is besig om ekonomiese in Ontwikkelende lande te ontgin sodat hul markte, arbeid en hulpbronne meer toeganklik is vir korporasies, en sodoende die besigheidsomset verhoog.

Die vryemark-gebaseerde sisteem is egter nie altyd wenslik nie. Trainer (2002:65) stel dit ook dat armoede gesien moet word as 'n onvermydelike gevolg van die huidige globale ekonomiese sisteem. Indien 'n ekonomie gefokus is op daardie sektore wat die mees winsgewend sal wees, sal dit noodwendig die sektore ignoreer wat nie winsgewend is nie. Wêreldwyd is ten minste een derde van alle mense irrelevant vir die markeconomie (Trainer, 2002:65). Die ekonomie het hulle nie nodig nie, en gevolglik kan hulle nie kompeteer om 'n gelyke aandeel in werksgeleenthede of handel nie. Dus vergroot die vryemark-sisteem bestaande ongelykhede.

3.2.4 Die normatiewe benadering

Paulo Freire (soos aangehaal in Burkey 1993:30) het dit gestel dat om te bepaal of 'n samelewing aan die ontwikkel is, moet daar verder gekyk word as die kriteria, wat gebaseer is op indikatore van per kapita en bruto inkomste, aangesien die belangrikste kriteria behels of die samelewing 'n "*being for itself*" is, dit is, of die politieke-, kulturele- en ekonomiese besluitnemingsmag binne die samelewing self gesetel is.

In die vroeë 1970's het teoretiese debatte gelei tot die verskuiwing in denkwyse, naamlik hoe ontwikkeling *veronderstel* is om plaas te vind, eerder as om besprekings te beperk oor hoe ontwikkeling 'tans' plaasvind. Hierdie benadering het bekend gestaan as die normatiewe benadering, wat in kontras was met die positivistiese benaderings soos voorgestel in die modernisasie- en afhanklikheidsteorieë (Burkey, 1993:30).

Die normatiewe benadering verklaar dat groeiprosesse wat nie tot die bevrediging van basiese behoeftes gelei het nie, 'n vermomming van ontwikkeling was, aangesien dit gelyk het asof ontwikkeling teweeg gebring is, maar in werklikheid was dit nie die geval nie. Werklike ontwikkeling behels meer as net basiese behoeftes, en sluit ander konsepte, soos vryheid van spraak en self-aktualisering in werksituasies, in. Alhoewel die normatiewe teorie die gevaar loop om onrealisties en utopies te wees, is dit tog waardevol, aangesien die huidige beleide en aksies beïnvloed word deur ons idees van hoe ons wil hê ontwikkeling moet plaasvind (Burkey, 1993:30).

'Ander ontwikkeling' teoretici glo verder dat ontwikkeling georiënteerd moet wees op behoeftes, beide materiëel en nie-materiëel, asook endogeen (voortspruitend vanuit die hart van die samelewing), selfonderhoudend (impliseer dat elke samelewing primêr op sy eie krag en hulpbronne staatmaak), ekologies effektief (benut die hulpbronne van die biosfeer rationeel) en struktureel getransformeerde (die samelewing as geheel) (Burkey, 1993:31).

3.2.5 Die basiese behoeftes benadering

Verskeie waarnemers het teen 1970 besef dat ekonomiese groei in die algemeen, nie noodwendig tot die vermindering van armoede gelei het nie. Gevolglik is die basiese behoeftes benadering geformuleer, wat in 1976 deur die Internasionale Arbeidsorganisasie ("International Labour Organisation") aanvaar is. Die bevrediging van die basiese behoeftes van armes, het die belangrikste element in verskeie ontwikkelingstudies geword. Die Internasionale Arbeidsorganisasie het dit gestel dat basiese behoeftes die volgende insluit: Eerstens, die minimum vereistes van families vir basiese verbruik, naamlik genoegsame voedsel, skooling en klere, asook sekere huishoudelike toerusting, en tweedens, essensiële dienste wat deur en vir die groter gemeenskap voorsien word, byvoorbeeld drinkwater, sanitasie, openbare vervoer, gesondheid en opvoedkundige fasiliteite (Burkey, 1993:31).

Volgens Trainer (2002:56) is dit nou slegs belangrik om te fokus op watter veranderinge plaasgevind het in die lewenskwaliteit van die armstes, en verbeteringe van ekosisteme. Die situasie gedurende die middel 1990's is omvat in die Menslike Ontwikkelingsverslag

(‘Human Development Report’), wat deur die Verenigde Nasies (1996, soos aangehaal in Trainer, 2002:56) gepubliseer is. Daarvolgens het die armste derde van die wêreld se bevolking ’n langtermyn afname in hul lewenstandaarde ondervind.

Volgens Slater (1993:106 soos aangehaal in Trainer, 2002:57) het probleme soos werkloosheid, gebrek aan behuising, gebrek aan menseregte, armoede en grondloosheid kommerwekkend toegeneem. Volgens Rist (1997:218 soos aangehaal in Trainer, 2002:57) het ekonomiese groei wel plaasgevind, maar dit het nie vir almal ’n beter lewe verseker nie, dit het slegs toenemende ongelikhede en uitsluiting teweeg gebring.

Die probleem is egter dat daar nie genoegsame metodes is om juis hierdie basiese behoeftes te bevredig nie. Die konsep van voedselsekuriteit sluit by hierdie teorie van basiese behoeftes aan, deurdat voedselsekuriteit gedefinieer kan word (Departement van Landbou en Grondsake, 1997:4) as die “proses waartydens alle mense, te alle tye, fisiese en ekonomiese toegang het tot voldoende, gesonde en voedsame voedsel, wat hul dieetbehoefte en voedselvoorkeure bevredig en bydra tot ’n aktiewe en gesonde lewe.”

Die realiteit is egter dat baie mense nie voedselsekuriteit het nie. Die voorlopige Internasionale Kode van Optrede van die Mensereg tot Voldoende Voedsel (*‘International Code of Conduct on the Human Right to Adequate Food’*) van 1997 (Departement Landbou en Grondsake, 1997:4) het aangedui dat daar nog 800 miljoen mense regoor die wêreld is wat aan hongersnood ly, en dat ’n verdere 1,2 biljoen mense wat ondervoed is.

Dit was veral onder die leiding van McNamara dat die Wêreldbank tussen 1972 en 1980 aandag geskenk het aan landbou in die algemeen, en veral aan grondhervorming en landelike armoede. Volgens McNamara kon die ontwikkeling van landbou nie landelike armoede ten volle oplos indien grondeienaarskap baie ongelijk is nie (Riad El-Ghonemy, 1990:59).

In die 1970’s het ongeveer 55% van die totale bedrag wat die Wêreldbank vir landbou-doeleindes voorgeskiet het, aan armoede- en ontwikkelingsprojekte gegaan (Riad El-Ghonemy, 1990:60). Namate Amerika se beleid oor finansiële hulp aan Onderontwikkelde lande verander het, het die Wêreldbank se klem op gelyke landbou-ontwikkeling teen die 1980’s verdwyn. Die Bank se persepsie van ontwikkeling het skielik verander, en gevolglik het lenings aan Onderontwikkelde lande afgeneem.

Die Wêreldbank se nuwe beleid in die 1980’s was gebaseer op ’n markmeganisme wat vry is van inmenging deur die regering en beplanning vir ontwikkeling (Riad El-Ghonemy, 1990:61). Dit moet egter in gedagte gehou word dat hierdie beleid na 1990 in sekere opsigte

aangepas is. Dit het tot gevolg dat hulpbronne meer doeltreffend deur die private sektor gebruik word. Indien die verdeling van grondeienaarskap en geleentede baie ongelyk is, bevoordeel die markmeganisme groot- en medium-skaal boere en multinasionale maatskappye, terwyl dit arm bestaansboere benadeel (Riad El-Ghonemy, 1990:61). Landelike armes was die sosio-ekonomiese groep wat die swaarste getref is deur die Wêreldbank se post-1980 beleid, omdat bestaansboere nie kon voordeel trek uit die markmeganisme nie, en hulle nie sekerheid van eienaarskap, of toegang tot grond en krediet het nie (Riad El-Ghonemy, 1990:61).

Riad El Ghonemy (1990:61) maak die gevolgtrekking dat lae produktiwiteit en ondervoeding van 'n groot deel van die landbou-arbeidsmag nie in die tekort aan hulpbronne van landbou gesetel is nie, maar eerder in die manier hoe hierdie bates besit en gebruik word onder bestaande institusionele maatreëls.

Artikel 25 van die 1948 Universele Verklaring van Menseregte (*'Universal Declaration of Human Rights'*) het dit gestel dat alle mense die reg tot daardie standaard van lewe het, wat voldoende is vir hul gesondheid en algemene welsyn (Windfuhr, 2000). Indien mense hul reg tot voedsel ten volle wil geniet, benodig hulle, volgens Windfuhr (2000), toegang tot gesondheidsdienste en opvoeding, respek vir hul kulturele waardes, die reg om eiendom te besit en die reg om hulself ekonomies en polities te organiseer. Die onteiening van grondregte gedurende kolonialisering en Apartheid, het daartoe bygedra dat swart mense nie die nodige toegang tot grond het om die produktiwiteit daarvan te verhoog, en dus vir hul huishoudings voedselsekuriteit te verseker nie.

3.2.6 Ontwikkeling van onder af – mense eerste

Ontwikkeling behels die gebruik van fisiese en finansiële hulpbronne om die mens se lewe te verbeter. Die gebruik van hulpbronne sal afhang van wie die beskikbare hulpbronne beheer, en hoe besluitneming die gebruik daarvan sal affekteer. Die Dar Es Salaam Verklaring (1989:234 soos aangehaal in Trainer, 2002:69) fokus ook op die bevrediging van basiese behoeftes en ontwikkeling van onder af. Burkey (1993:35) beskryf die fundamentele aspekte van dié teorie.

- **Menslike (persoonlike) ontwikkeling**

Enige sinvolle ontwikkeling moet begin met, en binne, die individu. Pogings om verandering te bevorder, sal nie volhoubaar wees indien die individu nie van binne gemotiveer is nie, en die individu onder die mag van ander bly nie. Menslike ontwikkeling

is die proses waartydens 'n individu selfrespek ontwikkel, en meer selfstandig en verdraagsaam teenoor ander word, deurdat hy/sy bewus raak van sy/haar tekortkominge asook sy/haar potensiaal om ten goede te verander. Deur interaksie met ander, vermeerder 'n persoon se vaardighede en kennis, en raak hy/sy aktief betrokke by die ekonomiese-, sosiale- en politieke ontwikkeling binne die gemeenskap (sien Bylae: onderhoud met Mnr. Henk Prinsloo: Direkteur van Departement Grondsake in Port-Elizabeth).

- **Ekonomiese ontwikkeling**

Enige produktiewe ekonomiese aktiwiteit behels die mobilisering van 'n kombinasie van meeste of al die faktore van produksie, naamlik grond, rou materiale, arbeid, kapitaal, energie, masjinerie, bestuur en entrepreneurskap. Entrepreneurskap verteenwoordig die bereidwilligheid en inisiatief wat benodig word om geleenthede te identifiseer, kapitaal te investeer en om die risiko te loop van sukses of mislukking. Vir ekonomiese aktiwiteite om tot ontwikkeling gaan lei, moet dit op volhoubare wyse uitgevoer word. Dit behels ook dat die uitkoms van die aktiwiteit groter moet wees as die koste daaraan verbonde – dit moet winsgewend wees.

- **Politiese ontwikkeling**

Elke individu leef binne een of ander vorm van politieke struktuur – hetsy formeel of informeel. Vir ontwikkeling om werklik die mense te bevoordeel, moet die politieke struktuur hul behoeftes en begeertes aanspreek, sowel as hul regte en eiendom beskerm.

- **Sosiale ontwikkeling**

Sosiale ontwikkeling verwys na daardie beleggings en dienste wat deur 'n gemeenskap gelewer of verskaf word, tot die gemeenskaplike voordeel van die mense van daardie gemeenskap, hetsy dit 'n dorp, distrik of land is. Voorbeelde van hierdie dienste is, onder andere, gesondheidsdienste, opvoeding, watervoorsiening, kommunikasiesisteme, energie en vervoer.


Hulpbronne moet gemobiliseer word deur middel van belasting en openbare kontrakte om bedryfskoste te dek en bedryfskapitaal te verskaf. Bestuurs- en boekhousteme moet in plek wees, effektief werk, en korrupsie voorkom. Sosiale ontwikkeling is afhanklik van parallelle en genoegsame ekonomiese ontwikkeling om die hulpbronbasis te vorm waarvandaan beleggingskapitaal en bedryfskoste toegeken word. Geen sosiale ontwikkelingsaktiwiteit is

sonder koste nie, dus sal sosiale beleggings ineenstort indien daar geen ekonomiese basis is om kostes te dek nie.

Figuur 3.2 dui simbolies aan hoe menslike ontwikkeling skakel met sosiale ontwikkeling deur ekonomiese en politieke ontwikkeling. Sosiale ontwikkeling kan ook omskryf word as 'n proses van geleidelike verandering, waartydens mense hul bewustheid van hul eie vermoëns en gemeenskaplike belange vermeerder, en hierdie kennis gebruik om hul bepaalde behoeftes te analiseer, oplossings te vind, hulself te organiseer tot samewerking, en hul eie menslike, finansiële en natuurlike hulpbronne te mobiliseer

Die sosiale, ekonomiese en politieke aspekte van armoede is onlosmaaklik deel van mekaar, en armoede moet in al drie aspekte aangespreek word. Armes moet toegang hê tot wetlike aspekte en sekuriteit of veiligheidsnette, om hul in staat te stel om skokke en stres te hanteer.

Die Provinsiale Groei- en Ontwikkelingsplan (soos aangehaal in Eastern Cape Economic Update, 2003:5) het aangedui dat die Oos-Kaap 'n voortdurend toenemende geïntegreerde benadering tot die uitwissing van armoede aanvaar het, wat meganismes implementeer om die risiko's te verminder wat deur die mees weerlose groepe van die samelewing ervaar word, en fokus dus op die sosiale aspekte van armoede.




Figuur 3.2: Boustene van ontwikkeling

(Bron: Burkey, 1993:35)


3.3 TEORIEË VAN VOLHOUBAARHEID EN ONTWIKKELING

Lewenstandaarde en vlakke van produksie en verbruik in Ontwikkelde lande is nie volhoubaar ten opsigte van hulpbronne en die natuurlike omgewing nie (Swilling, 2003). Die ekonomiese en ekologiese krisis van die afgelope dekades het 'n groeiende bewustheid van die belangrikheid van die mens se verhouding met die natuurlike omgewing teweeg gebring. Voorbeelde hiervan is die gat in die osoonlaag en die kweekhuis-effek. Volgens Trainer (2002:57) is die kwaliteit van ekosisteme in Ontwikkelende lande ook drasties aan die afneem, veral omdat armoede oorbeweiding en ontbossing meebring.

Volgens Giddings et al (2002:187) word volhoubare ontwikkeling meestal voorgestel as die interaksie tussen die natuurlike omgewing, gemeenskappe en die ekonomie, gesien as afsonderlike, maar gebonde entiteite, wat gefragmenteerd, veelvlakkig en op verskillende ruimtelike vlakke beskou kan word. Die ekonomie kry meestal voorkeur in beleide, tog is hierdie drie faktore onderling verbind – die ekonomie is afhanklik van die gemeenskap, en saam is hulle afhanklik van die natuurlike omgewing. Die Brundtland Verslag (WCED, 1987 soos aangehaal in Giddings *et al*, 2002:188) definieer volhoubare ontwikkeling as “*meeting the needs of the present without compromising the ability of future generations to meet their needs*”. Die definisie word soms as te vaag beskryf, en sommige stel voor dat die woorde “sustainable development” vervang word met “sustainability” (Workshop on Urban Sustainability, 2000; O'Connor, 1994 soos aangehaal in Giddings et al, 2002:188).



Figuur 3.3 stel die interafhanklike verband tussen die elemente van volhoubare ontwikkeling, die ekonomie, omgewing en die samelewing, voor (Hardi & Zdan, 1997, en Du Plessis, 2000 soos aangehaal in Giddings *et al*, 2002:189). Die model beklemtoon nie die interafhanklikheid van die elemente nie, veral nie die afhanklikheid van die samelewing en die ekonomie van die natuurlike omgewing nie. Die neiging is om te veel klem op die ekonomie te plaas, vir politieke redes en eiebelang (Neumayer, 1999; Lovelock, 1988 soos aangehaal in Giddings *et al*, 2002:189-191; Rees, 1995).



Figuur 3.4: Genestelde volhoubare ontwikkeling
(Bron: Giddings et al, 2002:192)

Die interafhanklikheid van die elemente word moontlik beter voorgestel deur die konsentriese sirkel model soos in Figuur 3.4 uitgebeeld. Indien voorgegee word dat die ekonomie en die samelewing elk 'n verenigde geheel is, word diversiteit geïgnoreer, en voorkeur gegee aan die dominante dele (Jacobs, 1965 soos aangehaal in Giddings *et al*, 2002:192). Die menslike samelewing is afhanklik van die omgewing, terwyl die omgewing kan voortbestaan sonder die samelewing (Lovelock, 1988 soos aangehaal in Giddings *et al*, 2002:191). Die ekonomie is afhanklik van die samelewing en die omgewing, alhoewel die samelewing, vir baie mense, steeds bestaan sonder die ekonomie.

Eko-ontwikkeling is 'n nuwe benadering tot ontwikkeling wat beklemtoon dat ongebonde ekonomiese groei nie volhoubaar is nie weens die beperkings van die natuurlike omgewing. Die teorie staan volhoubare gebruik van die natuurlike- en menslike hulpbronne voor, terwyl in die minimum behoeftes van die gemeenskap voorsien word (Burkey, 1993:32).

3.4 DIE NEO-KLASSIEKE TEORIE VAN ONTWIKKELING

Martinez en Garcia (2004) sit die hoofpunte van die neo-liberale siening van ontwikkeling as volg uit:

- Beheer deur die mark en liberalisasie van alle reëls word ingestel deur regerings, ongeag die hoeveelheid skade wat daardeur berokken word, aangesien hulle glo dat ekonomiese ontwikkeling gaan lei na die deursypeling van ontwikkeling;
- Openbare uitgawes vir welsynsdienste soos onderwys en gesondheidsdienste word besnoei;
- Aspekte soos omgewingsbeheer en werkersveiligheid word gedereguleer;
- Alle organisasies wat in staatsbesit is, soos byvoorbeeld TELKOM, SASOL, skole, hospitale en watervoorsiening, word geprivatiseer; en
- Konsepte van “in die openbare belang” en “gemeenskap” word vervang met “individuele verantwoordelikheid”.

Volgens Trainer (2002:59) fokus die neo-klassieke teorie van ontwikkeling op die belangrikheid van die vryemark-stelsel. Dit behels slegs monitêre transaksies. Groei kan slegs gefasiliteer word indien daar die vryheid is om te kan belê en handel te dryf. Dit is in direkte teenstelling met die teorieë van verskeie ontwikkelingsteoretici, wat glo dat die oormatige toewyding aan groei en die vryemarksisteem die oorsaak is van die swak ontwikkeling van die Ontwikkelende lande.

Trainer (2002:60) se redes vir kritiek teen die neo-klassieke teorie van ontwikkeling behels eerstens dat markte geneig is om skaars hulpbronne en produkte aan die rykes toe te wys, en sodoende die armes van hulpbronne te ontnem. Goedere gaan aan diegene wat die meeste daarvoor kan betaal, dus die élite. Gevolglik is kragte in die mark verantwoordelik vir meer diskriminasie, menslike lyding en ekologiese vernietiging.

Tweedens is markgebaseerde ekonomieë geneig tot ontwikkeling wat nie die behoeftes van die armes of die omgewing bevredig nie. Beleggings word gemaak in daardie areas wat die grootste wins sal verseker, en nie daardie areas wat mense se behoeftes sal bevredig nie. Dit is duidelik dat ontwikkeling in die tipiese Ontwikkelende lande geen betrekking het op die behoeftes van armes nie – dit onttrek eerder hulpbronne vanaf die armes. Volgens Rainbow Ark (1992:9, soos aangehaal in Trainer, 2002:60) is byvoorbeeld die helfte van die kinders in Ghana ondervoed, maar meer as die helfte van hul landbougrond word gebruik vir die kweek van kakao vir die maak van sjokolade vir Ontwikkelde lande.

Derdens, indien ekonomiese groei die enigste doel van ontwikkeling is, word ontwikkeling uiteindelik ondergeskik daaraan. Goedere word verkoop aan diegene wat die meeste daarvoor kan betaal, wat sal bydra tot die nasionale inkomste, maar produksie en ontwikkeling sal nie

meer fokus op die verskaffing van daardie items wat noodsaaklik is vir armes of die omgewing nie.

Die vierde punt van kritiek teen hierdie teorie, kan ook dien as kritiek teen die suiwer ekonomiese argumente vir grondhervorming, deurdat die meeste ekonome die basiese beginsels van sosiologie ignoreer. Sosioloë is van mening dat die kragte in die mark sosiale kohesie vernietig en sosiale verhoudings beskadig. 'n Samelewing bestaan uit baie meer as bloot die ekonomie – dit sluit ook 'n politieke sisteem, morele waardes, tradisies, sosiale verhoudings en die ekologie in. Geen samelewing kan voortbestaan, tensy daar 'n aanvaarbare vlak van omgee en kommer oor mekaar se welsyn is nie.

Die basis van die neo-klassieke ekonomiese teorie is dat die samelewing daarby sal baat indien individue eiebelang in die marksisteem ontgin. Daar is nie plek vir sosiale aspekte in die mark nie, aangesien dit 'n area van groot kompetisie is, waar elkeen optree vir sy eie gewin. Dit is in direkte teenstelling met Bernstein (2003:1) se siening dat klem geplaas moet word op bestaansboerdery, en waar daar opgetree moet word in belang van huishoudings en die gemeenskap. Modernisme is besig om hierdie konsep van bestaansboerdery te vernietig.

3.5 TEORIEË VAN EIENAARSKAP

Ten einde die betekenis van grondhervorming ten volle te verstaan, is dit nodig om die skakeling tussen die instellings van eiendomsregte van grond, en die gesag van die regering te verstaan. Bromley (1992, soos aangehaal in Bonti-Ankomah *et al*, 2000:246) het eiendom gedefinieer as 'n “sosiale verhouding wat bestaan uit voordele, mense wat oor sekere regte beskik, en mense wat sekere pligte moet dra”. Randall (1987, soos aangehaal in Bonti-Ankomah *et al*, 2000:246) sluit hierby aan en definieer eiendomsregte as die “behoorlike verhoudings tussen mense en die gebruik van hulpbronne, asook die straf verbonde aan die benadeling van daardie behoorlike verhoudings”.

Die ekonomiese debat sedert Pigou (1920) en Coase (1960, beide soos aangehaal in Bonti-Ankomah *et al*, 2000:245) oor of die regering beter vaar met die toewysing van hulpbronne as die vryemark, gaan steeds voort. Pigou (*ibidem*) was van mening dat inmenging deur die regering nodig is om eksternaliteite aan te spreek, terwyl Coase (*ibidem*) weer oortuig was dat die bestaan van 'n eksternaliteit nie noodwendig geïmpliseer het dat inmenging deur die regering nodig is nie.

Volgens Riad El-Ghonemy (1990:82) vorm die instelling van eiendomsregte die kern van enige sisteem van grondeienaarskap. Die instelling van private eiendomsregte is die basis van

kapitalisme, en word as noodsaaklik geag vir demokrasie. By sosialisme, daarenteen, vorm die afskaffing van private eiendomsregte 'n integrale deel van die totale ekonomiese sisteem, ten einde landelike ontwikkeling teweeg te bring via sentrale beplanning en kollektiewe bestuur. Riad El Ghonemy (1990:82) stel dit verder dat daar geen rede is waarom 'n familieplaas wat privaat besit word, of 'n gemeenskaplike besit, kollektiewe plaas nie landelike ontwikkeling teweeg kan bring nie. Onder beide situasies moet die staat – tot verskillende grade – die instelling van eiendomsregte van grond aanpas, deur eiendomsregte toe te wys sodat dit tot voordeel van die grootste deel van die samelewing strek.

Volgens Galbraith (soos aangehaal in Riad El-Ghonemy, 1990:83) sien sosialiste eiendom as die enigste bron van mag, en solank as wat dit in private besit bly, kan niemand anders mag verkry nie. In teenstelling hiermee, ag nie-sosialiste private besit as die belangrikste bron van private mag, en glo dat dit nie in die hande van die regering gekonsentreer kan wees nie, tog moet die staat hierdie private besit beskerm. Dit laat die vraag ontstaan oor of die regering moet inmeng of nie wanneer dit kom by die toewysing van eiendomsregte. Indien inmenging deur die staat nodig is, wat is die aard en omvang daarvan?

Toenemende grondloosheid, kroniese skuld van bestaansboere en die geregtelike ontneming van die grond van huurders, kan politieke stabiliteit bedreig. Indien die balans van mag oorhel na die belange van arm bestaansboere en grondlose werkers, meng die regering in om die instelling van eiendom, asook die ekonomiese vryheid van landbou entrepreneurs tot 'n sekere mate, te beheer (Riad El-Ghonemy, 1990:84). Dus word die afleiding gemaak dat die regering, in 'n kapitalistiese sisteem, nie private grondbesit afskaf nie, maar eerder regte van eienaarskap reguleer en belangrike bates van die landelike ekonomie verbeter.

Daarenteen, by sosialistiese ekonomieë, is die nasionalisering van grond en ander metodes van produksie in landbou met sentrale beplanning gekombineer (Riad El-Ghonemy, 1990:84). Hierdie kombinasie verminder die rol van die mark om die verdeling van inkomste in die totale ekonomie te bepaal, drasties. Die alternatief tot die mark, is die verdeling van rykdom en inkomste deur 'n hoogs gespesialiseerde regeringsstelsel wat produksie beheer, en ruil en verdeling wat plaasvind deur 'n komprehensiewe beplanningsstelsel (Riad El-Ghonemy, 1990:84). Hierdie stelsel verskaf nie algehele gelykheid nie, maar poog wel om minimum ongelykheid te verseker.

Dit was ook veral Grunebaum (1987, soos aangehaal in Bonti-Ankomah *et al*, 2000:245) wat die belangrikheid van eiendomsregte beklemtoon het, en wat van mening was dat verskillende tipes van eienaarskap die samelewing se ekonomiese organisering verskillend sal beïnvloed.

Die bestaande sisteem van eienaarskap bepaal hoe die samelewing homself oordra en behou. Eiendomsregte en eienaarskap is al vanuit verskillende perspektiewe beskryf. Bonti-Ankomah *et al* (2000:246-248) beskryf drie teorieë van eiendomsreg wat in die politieke-ekonomiese sfeer bestaan, en die bespreking daarvan is belangrik, aangesien die gevolg van enige ekonomiese analise van grondeienaarskap en –regulasie, bepaal word deur die teorie van eiendomsreg wat geïmplementeer word.

3.5.1 Wetlike positivistiese teorie van eiendomsregte

Wetlike positivistiese stel dit dat eiendomsregte ontstaan uit bestaande wetgewing, en dat dit bestaan uit 'n aantal regte wat verander soos wette verander. Dus bestaan eiendomsregte wanneer wetgewing bestaan wat die verskillende pligte aandui, en bind dit individue tot die uitvoer van daardie pligte. Respek vir individuele regte en die nodige wetgewing wat moet verseker dat daardie regte gerespekteer word, onderskei die wetlike positivistiese van die klassieke liberale teoretici en die nuts-teoretici.

3.5.2 Klassieke liberale teorie van eiendomsregte

Klassieke liberaliste is oortuig dat 'n eiendomsreg 'n onaantasbare reg tot die gebruik en die oordrag van 'n besitting is. Volgens Rothbard (1977, soos aangehaal in Bonti-Ankomah *et al*, 2000:246) glo hulle dat sosiale welsyn slegs bereik kan word deur middel van die proses van 'n gewillige ruiltransaksie. Die individue se eiendomsreg, beïnvloed die ekonomiese besluite wat hulle moet neem. Fox (1994, soos aangehaal in Bonti-Ankomah *et al*, 2000:247) beklemtoon 'n belangrike element van eienaarskap as “die mag om ander mense uit te sluit” uit die gebruik van vaste eiendom. Eienaarskap word gelyk gestel aan die reg om te verbruik.

Anders as die wetlike positivistiese en die nuts-teoretici, is klassieke liberaliste oortuig dat regte nie oordraagbaar is nie, en stel dit dat geen wetgewing nodig is vir die toewysing van regte nie. Hulle is van mening dat, indien 'n individu eiendom besit, hy/sy die reg het om onaantasbare en onbeperkte regte op daardie eiendom uit te oefen.

3.5.3 Nuts-teorie van eiendomsregte

Nuts-teoretici beskou eiendomsregte as 'n sisteem waar “etikette 'n individu se reg bepaal om eiendom te besit, gebruik of verkoop” (Ivy *et al*, soos aangehaal in Bonti-Ankomah *et al*, 2000:247). Eiendomsregte word beskou as instrumente waarvolgens die regte tussen betrokke partye verdeel word, sodat dit kan lei tot die maksimum benutting van daardie regte. Dale

(1968, soos aangehaal in Bonti-Ankomah *et al*, 2000:247) definieer eiendomsregte as 'n "aantal potensiële dienste wat op verskillende maniere benut kan word".

Nuts-teoretici glo dat die regering in staat is om effektiewe voordeel-koste berekeninge te maak, en sodoende regte toe te wys, sodat die algehele welvaart van die samelewing gemaksimeer word. Hierdie teoretici verskil van die wetlike positiviste in die sin dat dit die toewysing van regte, wat sal lei tot sosiale doeltreffendheid, oorweeg, terwyl wetlike positiviste slegs bekommerd is oor hoe individuele regte beoefen word, en of daar nodige wetgewing bestaan om hierdie regte te respekteer. Die nuts-teorie verskil van die klassieke liberale teorie deurdat die nuts-teorie regte beskou as 'n instrument tot die bereiking van sosiale doeltreffendheid, terwyl die klassieke liberale teorie regte as onvervreembaar beskou.

3.5.4 Nozick se teorie van geregtigheid van eienaarskap en Rawls se teorie van geregverdigde liberalisme

Nozick se teorie van geregtigheid van eienaarskap is gebaseer op die idee dat slegs vryemark-ruilhandel mense as gelyk respekteer. Selfs indien die vryemark nie algehele welvaart produseer nie, sal die vryemarksisteem steeds geregverdig wees (Johnson, 2003). Volgens Nozick (Kilcullen, 1996) bestaan daar drie stelle reëls of beginsels van geregtigheid, naamlik die beginsels van **oordrag** (eiendom word vrywillig verkry van ander wat dit regverdig bekom het), **aanskaffing** (individue is geregtig op eiendom wat hulle aanvanklik aangeskaf het op 'n regverdig manier) en **restitusie** (indien enige van bogenoemde geskend word, sal eiendom aan hul oorspronklike en wettige eienaars teruggegee word). Indien individue se huidige eiendom regverdig aangeskaf is, sal die beginsel van oordrag alleen bepaal of daaropvolgende verdelings geregverdig is (Johnson, 2003).

Nozick argumenteer dat mense as doelwitte ("ends") in hulself beskou moet word, wat impliseer dat indien ons onself geheel en al besit, ons ook alles wat ons produseer, geheel en al besit (Johnson, 2003). Die vraag ontstaan nou of algehele self-eienaarskap werklik algehele eienaarskap oor die produk van jou talente impliseer. Volgens Johnson (2003) is die antwoord hierop, negatief, aangesien die vryemark meer insluit as bloot onself en ons talente of vermoëns. Elke kommoditeit, behalwe arbeid, is die resultaat van ten minste twee faktore – menslike krag en natuurlike hulpbronne.

Indien ons vryelik oor 'n hulpbron onderhandel met iemand wat algehele regte besit, is dit moontlik dat ons dan algehele regte daarop kan verkry. Dus hang die wettigheid van my aangeskafde eiendom af van die wettigheid van die vorige eenaar se eienaarskap (Johnson,

2003). Nozick stel dit dus dat regerings enige eiendom, wat deur middel van dwang of geweld verkry is, mag konfiskeer en herverdeel, en dit aan die regmatige eienaars teruggee (Johnson, 2003). Dit sou impliseer dat die regering grond wat swart mense verloor het as gevolg van Apartheid, mag konfiskeer en aan hulle teruggee.

Maar wat van die heel eerste individu wat 'n betrokke hulpbron bekom het, in vergelyking met 'n individu wat 'n ander individu gedwing het om dit op te gee? Wat maak die aanvanklike aanskaffing van die eiendom wettig? Indien die aanvanklike aanskaffing wettig was, sal alle daaropvolgende vrye ruilhandel ook wettig wees, en is die huidige eenaar geregtig op sy/haar eiendom. Indien die aanvanklike aanskaffing egter nie wettig was nie, is die huidige eenaar nie geregtig op sy/haar eiendom nie. Nozick (volgens Johnson, 2003) stel dit dus dat individue nie net bloot eiendom moet aanskaf nie, maar dat hulle algehele regte daarop moet verkry, slegs dan kan hierdie eiendomsregte vryelik oorgedra word.

'n Ander belangrike vraag is wat bepaal of die aanvanklike aanskaffing wettig is. Nozick het hom beroep op die sogenaamde "Lockean Proviso", waarvolgens natuurlike hulpbronne, soos grond, wettig besit word deur die eerste persoon wat daarop beslag lê, mits hy/sy 'genoeg' oorlaat vir ander. Dit is egter nie moontlik in realiteit nie, aangesien dit onmoontlik is om relatief genoeg vir ander oor te laat (Johnson, 2003). Dus het Nozick sy proviso so verander dat, indien die aanvanklike aanskaffing niemand, wat die betrokke hulpbron vantevore gebruik het, te na gekom het nie, daardie hulpbron regverdig aangeskaf is (Johnson, 2003).

Volgens Nozick se teorie sou die manier waarop die grond ten weste van die Groot Visrivier in 1780 deur Goewerneur van Plettenberg weggeneem is van die Xhosa besitters daarvan, dus ook nie wettig of geregverdig wees nie.

Nozick se teorie verskil daadwerklik van dié van Rawls se liberalisme, wat bestaan uit twee beginsels van geregtigheid. Die eerste beginsel is gelyke basiese vryhede of voorregte, wat aanpasbaar is met dieselfde mate van vryheid van ander individue (Treanor, 2003). Dit is die algemene beginsel van regte-gebaseerde liberalisme, wat die huidige dominante politieke liberalisme is. Dit is egter nie moontlik nie, aangesien daar geen waarborg is vir regverdigheid nie: miljoene mense sterf daagliks van die honger, terwyl ander in oorfloed lewe.

Volgens Rawls se siening van liberalisme, sou die huidige eienaarskapspatroon in Suid-Afrika nie as regmatig of billik ("just") beskou kan word nie, aangesien die swart bevolking nie gelyke basiese regte en voorregte gehad het nie. Hulle kon byvoorbeeld vir 'n baie lang tydperk nie sekere eiendom koop of besit nie.

Die tweede beginsel is een van verdeling, wat voortspruit uit die idee dat die ongelykhede in die samelewing die gevolg is van vrye kompetisie. Individue se talente en vermoëns moet volgens hom só gerangskik word dat diegene aan die onderpunt van die leer ten minste 'n mate van voordeel kry uit die ongelykhede. Hierdie idee van kompeteer met talente is 'n voorbeeld van die liberale siening dat die proses die uitkoms regverdig (Treanor, 2003), maar ondervinding het egter getoon dat dit meestal die meer bevoorregte individue is wat meer talente blyk te hê. Rawls stel dit dat die minimum-voordeel vereiste die belangrikste faktor in sy teorie van geregtigheid is, maar dit is op sigself 'n onregverdige beginsel, aangesien daar geen minimum vereiste bestaan waaraan hierdie sogenaamde minimum-voordele gemeet kan word nie (Treanor, 2003). Ander kritiek teen Rawls se teorie is dat hy glo aan die sogenaamde “trickle-down” effek, wat behels dat die rykes ryker moet word, sodat meer van hul rykdom kan deursypel na die armes (Treanor, 2003). Dit sluit aan by die neo-liberale teorie, wat beleide formuleer ten einde die entrepreneuriese klas te bevorder en beskerm, aangesien hierdie klas rykdom blyk te genereer. Dit word gestel dat regerings gewoonlik entrepreneurs fasiliteer, sodat ongelykhede in inkomste onvermydelik is.

3.6 STRUKTURE VAN EIENAARSKAP

Dit is baie belangrik om die verskillende strukture van eienaarskap duidelik te definieer, ten einde hul ekonomiese implikasies en relatiewe doeltreffendheid te bepaal. Daar bestaan basies vier tipes sisteme van eienaarskap, naamlik vrye toegang, gemeenskaplike eiendom, privaatsbesit en staatsbesit. Dit sal aan die hand van Demsetz (1967, soos aangehaal in Bonti-Ankomah *et al*, 2000:248-251) en ander verder bespreek word.

3.6.1 Vrye toegang

By vrye toegang het niemand die mag om ander uit te sluit van die gebruik van hulpbronne (soos vaste eiendom) nie, al behoort die hulpbron aan die party wat die hulpbron eerste begin benut het. Demsetz (1967, soos aangehaal in Bonti-Ankomah *et al*, 2000:249) het dit gestel dat, indien 'n hulpbron volop is, kan verskeie pogings om dit te benut, plaasvind sonder enige konflik, en bate-eenhede kan groot wees. Namate die bate-eenhede toeneem in grootte, word dit moeiliker om eiendomsregte toe te wys, as gevolg van die feit dat groter bate-eenhede gepaardgaan met hoër instandhoudingskoste. Dus kan vrye toegang tot gevolg hê dat die instandhouding van eiendomsregte onmoontlik of duur word.

3.6.2 Gemeenskaplike eiendom

By gemeenskaplike eiendom berus die mag om ander uit te sluit by die groep, waar lidmaatskap totaal vrywillig is (Bromley, 1992 soos aangehaal in Bonti-Ankomah *et al*, 2000:249). Bishop (1975, soos aangehaal in Bonti-Ankomah *et al*, 2000:249) het na gemeenskaplike eiendom verwys as die verdeling van besitreg op hulpbronne, waartydens verskeie eienaars die reg deel om die betrokke hulpbronne te gebruik. Hierdie groepe is sosiale eenhede wat oor definitiewe lidmaatskap en grense beskik. Elke sosiale eenheid het sekere gemeenskaplike belange en interaksie tussen die lede, met gemeenskaplike kulturele norme en hul eie gesagsstelsel (Bromley, 1991 soos aangehaal in Bonti-Ankomah *et al*, 2000:249).

Dus is 'n gemeenskaplike hulpbron nie aan die hele publiek beskikbaar soos by vrye toegang nie. Gemeenskaplike eiendom stem ooreen met privaatbesit, deurdat buitestaanders uitgesluit word van besluitneming en gebruik van hulpbronne. Volgens Bishop (1975, soos aangehaal in Bonti-Ankomah *et al*, 2000:249) is daar 'n ander belangrike verskil tussen vrye toegang en gemeenskaplike eiendom. By vrye toegang word 'n betrokke hulpbron dikwels gebruik sonder dat die toekomstige gevolge in ag geneem word. By gemeenskaplike eiendom bestaan daar 'n goedgedefinieerde groep met beperkte lidmaatskap, waar hulpbronne gebruik word tot voordeel van die hele groep.

Grondtransaksies is moeiliker (duurder) by gemeenskaplike eiendom omdat die groep moet saamstem, teenoor net 'n individu by privaatbesit (Ivy *et al*, 1996 soos aangehaal in Bonti-Ankomah *et al*, 2000:250).

3.6.3 Privaatbesit

Privaatbesit behels eienaarskap deur slegs een individu, wat die reg het om nie-eienaars van die gebruik van hulpbronne uit te sluit. Die belangrikste verskil tussen privaatbesit en gemeenskaplike eiendom, is dat daar gewoonlik slegs een eienaar by privaatbesit bestaan, maar meer as een eienaar by gemeenskaplike eienaarskap. Klassieke liberaliste is van mening dat die regte rakende die stelsel van privaatbesit, die ekonomiese besluite van individue beïnvloed (Barnett, 1992 soos aangehaal in Bonti-Ankomah *et al*, 2000:250).

As in ekonomieë wat hoofsaaklik uit landbou bestaan, grond privaat besit word, en water vir besproeiing of krediet gemonopoliseer is, sal grondlose arbeiders en bestaansboere waarskynlik arm wees, en hul kans op eie sosio-ekonomiese opheffing, klein (Riad El-Ghony, 1990:86)..

3.6.4 Staatsbesit

By staatsbesit berus die mag om ander uit of in te sluit, by die staat. Volgens Fox (1992, soos aangehaal in Bonti-Ankomah *et al*, 2000:250) beperk politieke hindernisse soms die staat se uitoefening van eiendomsreg.

3.7 DIE EKONOMIE VAN EIENDOMSREGTE

Teorieë oor die verband tussen die ekonomie en eiendomsregte is van belang vir hierdie werkstuk omdat eiendomsreg 'n invloed op die herverdeling van grond het. Die klassieke liberale teorie van eiendomsregte word mees algemeen gebruik om die verhoudings tussen strukture van eienaarskap en die ruilproses, eksternaliteite, insette en ekonomiese groei te verduidelik. Bonti-Ankomah *et al* (2000:253) het ondersoek ingestel na die vraag of eiendomsregte belangrik is by die toewysing van hulpbronne. Drie aspekte is van belang by eiendomsregte: die vervreemding van eiendom, eksternaliteite en insette van die Staat.

Volgens De Janvry *et al* (2001:408) is eienaarskap belangrik vir die Wêreldbank, aangesien dit die dubbele doel van ekonomiese groei en armoede-vermindering wil verwesenlik. Daarvoor word 'n raamwerk van deursigtige en afdwingbare eiendomsregte benodig. Die Wêreldbank erken egter, volgens Williams (2000:5) dat daar spanning bestaan tussen die behoefte om welsynsdoelwitte aan te spreek deur middel van die herverdeling van grond, en die behoefte om die produktiewe gebruik van landbougrond te bevorder.

3.7.1 Eiendomsregte en vervreemding van grond

Klassieke liberaliste is van mening dat die samelewing slegs kan floreer in 'n sisteem van vrywillige oordrag van eiendom, deur regmatige eienaars (Fox *et al*, 1996 soos aangehaal in Bonti-Ankomah *et al*, 2000:254). Eienaars moet die onvervreembare reg hê om hul eiendom te gebruik en te verkoop. Volgens Rothbard (1977, soos aangehaal in Bonti-Ankomah *et al*, 2000:254) sal enige sisteem wat die vrye handel in grond beperk, ondoeltreffendheid wees. Die klassieke liberalis argumenteer verder dat enige regeringsaksie wat 'n individu se reg skend om eiendom te besit, gebruik of ruil, ondoeltreffend sal wees, en so ook as daar vrye toegang tot privaatgrond is.

Die mark is die instelling waarbinne individue of groepe eiendom ruil. Die neo-klassieke ekonomiese teorie van doeltreffendheid fokus op 'n perfekte kompeterende balans (Cordato, 1992 soos aangehaal in Bonti-Ankomah *et al*, 2000:254).

3.7.2 Eiendomsregte en eksternaliteite

Die gebruik van grond bring eksternaliteite mee, soos byvoorbeeld besoedeling, wat ander in die omgewing raak, of selfs die waarde van die betrokke grond in die toekoms. Die vraag is in hoe 'n mate sulke eksternaliteite beheer moet word vir die beskerming van ander in die omgewing en vir die beskerming van toekomstige geslagte.

Dit was veral 'n debat in die 1960's toe teoretici soos Demsetz (1967) en Dales (1968, albei aangehaal in Bonti-Ankomah et al, 2000:255), aan die einde van die modernisties/sosialistiese era, daaroor gedebatteer het. In die eko-sosialistiese tyd van die laat 20ste eeu, met die klem op die bewaring van die natuurlike omgewing, het die debat weer na vore getree. Streng beheer oor eiendomsregte om negatiewe eksternaliteite (ekologiese agteruitgang) te beperk, word sterk deur eko-sosialiste aangehang (Claassen 2002:7).

3.7.3 Eiendomsregte en die gebruik van insette

Die staat kan eksternaliteite internaliseer deur verliese te verplaas en inwoners te belas. Die staat kan dus besluit om meer of minder van 'n betrokke hulpbron, relatief tot die optimale vlak, te gebruik (Hardin, 1968 soos aangehaal in Bonti-Ankomah *et al*, 2000:256). Vrye toegang word gekenmerk deur oorbevolking, aangesien geen rente of belasting betaal word nie, en firmas dus verskeie insette aan enige eiendom, wat vir hulle die hoogste produk per eenheid sal lewer, sal maak. Dit skep probleme, aangesien dit lei tot verhoogde gebruik sonder perke in 'n wêreld wat beperk is. Privaatbesit verminder die kanse van oorbevolking of oorbelading.

Die vraag ontstaan nou oor hoekom dit belangrik is dat grondgebruike geregleer moet word. Dit word algemeen aanvaar dat die regering die gebruik van privaatgrond reguleer, en dit sluit in beleide om landbougrond te beskerm (Bonti-Ankomah et al, 2000:258). Daar bestaan verskeie eksternaliteite in die grondmark wat die optimale toewysing van grondhulpbronne kan belemmer, of nie. Coase (1960, soos aangehaal in Bonti-Ankomah et al, 2000:258) stel dit egter dat die bestaan van eksternaliteite nie noodwendig regeringsregulasies benodig nie. Hy is van mening dat indien transaksiekostes afwesig is, eksternaliteite geïnternaliseer word, ongeag die aanvanklike toewysing van eiendomsregte. Onderhandelinge tussen betrokke partye sal lei tot die maksimering van rykdom, ongeag die aanvanklike toewysing van regte. Aanhangers van Pigou stem egter nie hiermee saam nie, en stel dit dat die regering moet inmeng om enige eksternaliteite of probleme reg te stel.

Beplanning moet getransformeer en relevant gemaak word vir Suid-Afrika in die 21ste eeu. Daar moet duidelik onderskei word wat presies die behoefte van die meerderheid Suid-Afrikaners is, en sodra die ‘wat’ en ‘waarom’ bekend is, sal beplanning logies die ‘waar’ en ‘wanneer’ kan hanteer (Odoro, 2002). So byvoorbeeld het navorsing deur die Oos-Kaapse Ontwikkelings-korporasie drie geleenthede vir gelyke groei en ontwikkeling geïdentifiseer (Eastern Cape Economic Update, 26 Junie 2003:4):

- Die ontwikkeling van natuurlike hulpbronne in die voormalige tuislande: ten minste 32 000 hektaar van huidige onderbenutte riviervlaktes kan besproei word, en op 120 000 hektaar kan bosbou ontwikkel word;
- Industriële diversifikasie – die natuurlike hulpbronne in die voormalige tuislande verskaf geleenthede vir groei deur fabriek wat landbouprodukte verwerk, asook die ontwikkeling van toerisme, en
- Die Provinsiale Groei- en Ontwikkelingsplan stel ’n strategiese benadering voor vir groei en ontwikkeling, en identifiseer prioriteite van verskillende sektore, gebaseer op hul potensiaal om armoede te verminder en om by te dra tot groei en ontwikkeling.

Die grootste uitdaging vir die hervorming van die Provinsiale Regering is aan die een kant die behoefte om beplanning vir provinsiale sosio-ekonomiese ontwikkeling te versterk en integreer, en aan die ander kant die prosesse om dienslewering te desentraliseer na distriks- en plaaslike regerings (Eastern Cape Economic Update, 26 Junie 2003:5).

3.8 DIE EKONOMIESE ARGUMENTE VIR GRONDHERVORMING

Daar is baie kritiek teen die toepassing van neo-klassieke teorie (paragraaf 3.4) op grondhervorming. Lahiff en Rugege (soos aangehaal in Mapadimeng, 2003:28) stel die probleme van ’n markgebaseerde benadering as volg:

- dit neem lank om beskikbare grond te identifiseer en daar is onsekerheid oor die feit dat befondsing beskikbaar sal wees vir die aankoop van grond, wat tot gevolg het dat huidige eienaars dikwels onttrek en transaksies verval;
- applikante het nie toegang tot geleenthede soos grondveulings nie, waar hulle grond teen ’n redelike prys kan aankoop nie, weens die sisteem waar die koop van grond eers aan die einde van die siklus van projekbeplanning kan plaasvind, en
- daar is geen korrelasie tussen die behoeftes van die begunstigdes en die projekte waarbinne hulle dikwels eindig nie, wat gepaardgaan met tekorte aan werkskapitaal.

Gevolgtlik sien Dithlake (1998, soos aangehaal in Mapadimeng, 2003:29) grondhervdeling as die enigste manier om grondhervorming vinniger te laat plaasvind, deur middel van die kombinasie van metodes soos nasionalisering, gedwonge grondaankope onder markwaarde, afneem van onderbenutte grond, hervdeling van staatsgrond, en die instelling van grondbelasting.

Die proses van grondhervorming word verder bemoeilik deurdat daar verskillende gewigte aan verskillende aspekte daarvan gekoppel word, soos byvoorbeeld sosiale-, politieke- en ekonomiese aspekte. Is dit moontlik om 'n breë beleid te formuleer wat grondhervorming bevorder? Hierdie vraag sal ondersoek word deur die bespreking van die onderskeie argumente wat grondhervorming begunstig.

Dit is belangrik om die moontlike ekonomiese impak van grondhervorming en grondhervdeling te ondersoek, asook om tussen die nasionale ekonomie en die begunstigde huishoudings te onderskei, aangesien die uiteindelijke doel van landbouhervorming sosiale transformasie, groei in landbou en ekonomiese ontwikkeling is. Sommige kenners veronderstel dat landbouhervorming 'n kumulatiewe impak op die nasionale ekonomie, eerder as op begunstigde huishoudings, sal hê (Sobhan, 1993:76). Volgens Sobhan (1993:76) sou dit verkeerd wees om te aanvaar dat grondloses se sosio-ekonomiese toestand sal verbeter, indien hulle bloot grond bekom. Begunstigdes moet eers byvoorbeeld toegang tot krediet, insette, water en ondersteuningsdienste verkry voor hulle kan begin om 'n verbetering te toon. Die opbrengs van die grond moet gemeet word aan die finansiële voordeel van die begunstigde uit sy arbeid. Indien die opbrengs van die grond onvoldoende is om arbeid lonend te maak sal die ekonomiese voordele van grondhervorming nie dadelik sigbaar wees aan 'n begunstigde nie.

Die ekonomiese argument vir grondhervorming spruit voort uit die feit dat dit ekonomiese groei effektief kan bevorder. Dit volg uit die stelling van Rashid (2000) dat kleiner plase meer produktief is as groter plase. Maar die vraag ontstaan waarom grondeienaars nie groter eenhede opbreek of onderverdeel in kleiner eenhede nie. Moontlik omdat Rashid verkeerd is, of omdat dit teen regeringsbeleid is (of was) om plase in kleiner dele te verdeel (Wet op die Onderverdeling van Landbougrond Wet 70 van 1970). Gevolgtlik word meeste grondeienaars gesien as ryk grondbaronne, en poog die regering om grondeienaars van hul grond te laat afsien deur middel van hoë eiendomsbelasting, wat tans nog nie in Suid-Afrika van toepassing is nie. Hierdie argument loop uit op die verdediging van grondhervorming as 'n politieke of sosiale gebeurtenis, wat wel waarde dra, aangesien politieke en sosiale doelwitte dikwels belangriker as ekonomiese doelwitte geag word (Rashid 2000).

Hier teenoor is mnr. Louis Slabbert van Aberdeen (Onderhoud, 2003) van mening dat boerdery in landelike gebiede ekonomiese onafhanklikheid ten doel het, en dus is die ontwikkeling van vaardighede en bekwaamhede, en die oordrag van kennis noodsaaklik.

Grondhervorming is 'n belangrike sleutel tot landelike ontwikkeling. Dit behoort dus deel van 'n breër, integrerende benadering te wees wat gebaseer is op die skep van welvaart deur byvoorbeeld die ontwikkeling van vaardighede en bemagtiging van gemeenskappe (Landbouweekblad, 13 Desember 2002:24). Natuurlike hulpbronne moet ten volle benut word deur middel van maksimum volhoubare ekonomiese produksie, sodat dit voedselsekuriteit en die verbetering van lewensgehalte kan meebring. Volgens die Witskrif op Grondhervorming (Departement Grondsake, 1997:13-14) het grondhervorming, buiten as 'n moontlike manier om foute van die verlede reg te stel en versoening en vrede te bewerkstellig, ook 'n aantal ander belangrike ekonomiese voordele vir die samelewing:

- **Meer huishoudings kan gereeld toegang tot genoegsame voedsel verkry.** Die gebrek aan huishoudelike voedselsekuriteit het vernietigende gevolge, veral op die fisiese en verstandelike ontwikkeling van kinders. Toegang tot produktiewe grond sal aan armes die geleentheid gee om genoegsame voedsel aan gesinne te voorsien, asook moontlike geld oor te hou om ander voedselsoorte aan te koop;
- **Geleentede vir produksie op kleinskaal.** Internasionale navorsing het daarop gedui dat kleiner landbou-eenhede gewoonlik meer intensief bedryf word, en dat dit meer arbeid absorbeer. Grondhervorming het die potensiaal tot meer intensiewe besproeiingsboerdery, boerdery op kontrak, asook die potensiaal om landbouproduksie te verhoog in areas van hoë landboupotensiaal;
- **Grondhervorming kan 'n groot bydrae lewer om werkloosheid te verminder – veral in landelike areas en klein dorpie.** Die vlak van werkloosheid in landelike areas wissel vanaf 40% onder arm huishoudings, tot 58% onder die armstes. Aangesien werkskepping duur is in stedelike areas, word innoverende strategieë benodig om landelike mense te help om werk te vind waar hulle woon. Ervaring op internasionale vlak dui daarop dat 'n area met 'n hoë potensiaal vir bewerking, aansienlik meer bestaansmiddele kan produseer, veral as dit verdeel word in klein familie-bewerkbare plase;
- **Grondhervorming kan 'n besigheids- en entrepreneuriese kultuur ondersteun.** Eiendomsreg is kritiek ten einde toegang te verkry tot kapitaal vir beleggings in entrepreneuriese aktiwiteite; en

- **Grondhervorming kan belangrike gunstige omgewingsimpakte in beide stedelike en landelike areas hê.** Sekuriteit van eiendomsreg is 'n voorvereiste vir mense om in grondverbeteringe te belê, en moedig omgewingsvolhoubare grondgebruikpatrone aan.

Hierteenoor het studies in die Filippyne (Sobhan, 1993:77) geen noemenswaardige bewyse gelewer oor die onmiddellike impak van grondhervorming nie, alhoewel sommige studies korttermyn toename in huishoudelike inkomste waargeneem het. Ander studies het egter getoon dat grondhervorming nie eers oor die langtermyn 'n verbetering in huishoudelike inkomste teweeg gebring het nie (Mangahas *et al*, 1976 soos aangehaal in Sobhan, 1993:77).

Herverdelende grondhervorming kan nie op sigself nasionale ekonomiese ontwikkeling verseker nie, maar is 'n nodige middel tot 'n veiliger en meer gebalanseerde samelewing (Departement Grondsake, 1997:14). Grondhervorming sal egter, selfs indien dit grootskaals toegepas word, nie die probleem van Suid-Afrika se oorbevolking kan oplos nie. Volgens Rashid (2000) is die ekonomiese argument verder dat, indien grondhervorming slegs suksesvol is as dit geïntegreer word met 'n ekonomiese ontwikkelingsprogram, die regering eerder direk moet handel met ekonomiese ontwikkeling en grondhervorming sy natuurlike gang moet laat gaan. Die oordrag van grond moet op die basis van gewillige kopers en gewillige verkopers plaasvind.

Die potensiële begunstigdes moet eers geëvalueer word, en indien hulle nie suksesvol boer nie, moet die grond onmiddellik aan iemand anders gegee word. Landbougrond is nie te duur vir suksesvolle grondhervorming nie, aangesien grondpryse vanaf 1995 tot 1999 met 25% gedaal het. Ongeveer 300 plase word weekliks geadverteer, en 30 000 transportaktes is in 2000 en 2001 oorgedra in Suid-Afrika (Landbouweekblad, 13 Desember 2002:24). Volgens Mnr. Henk Prinsloo, Department van Grondsake in Port-Elizabeth (sien Bylae: Onderhoud met Mnr. Henk Prinsloo) word ongeveer 250 na 300 aansoeke vir herverdeling per jaar ingedien, waarvan ongeveer 100 na 180 afgehandel word. Die grondhervormingsprogram kan nie van elke aansoeker 'n landbouprodusent maak nie. Daar moet kritieke, moeilike en emosionele keuses gemaak word oor die keuse van begunstigdes en die fokus van die program (Van Zyl *et al*, 1996:13).

Volgens mnr. Louis Smit (soos aangehaal in Landbouweekblad, 20 Desember 2002:13) kan die totale bevolking van Suid-Afrika slegs baat vind by grondhervorming indien grond wat tans in staatsbesit is, aan ontwikkelingsboere oorgedra word, en eers daarna "blanke" plase, en dan op 'n basis van gewillige kopers en gewillige verkopers. Grondhervorming moet met

die nodige kundigheid en 'n behoorlike bestuursplan aangepak word nie. Mense sal hul gesindheid ook moet hervorm, deurdat boere die behoorlike lone volgens die Wet op Arbeidsverhoudinge moet betaal, en werksverhoudinge tussen wit en swart moet verbeter. Nuwe boere behoort ook nie net uit swart mense te bestaan nie, maar jong wit mense moet ook op dieselfde wyse gehelp word om plase te bekom en opgelei te word (Bothma, soos aangehaal in Landbouweekblad, 20 Desember 2002:14). Grondkwessies kan in sekere gevalle wel maatskaplik of ekonomies wees, maar hulle is egter in wese politieke, en juis daarom is daar geen plaasvervanger vir 'n behoorlike politieke oplossing nie, en kan die potensiaal vir konflik slegs deur politici ontlont word (SEWES 2002).

Daar kan verwag word dat die werklike impak van grondhervorming op huishoudelike inkomste grootliks sal varieer tussen gemeenskappe en huishoudings. Volgens Sobhan (1993:78) sal die mate waartoe die regering homself verbind tot die regulering van markte vir kapitaal, insette en uitsette, terwyl hy in infrastruktuur belê om begunstigdes van grondhervorming by te staan, 'n beduidende impak op huishoudings hê. Sekere verbeteringe en veranderinge van huishoudelike inkomste sal nie noodwendig direk van grondhervorming of grondherverdeling afhang nie, maar sal voortspruit uit 'n beleidsomgewing wat bevorderlik is vir verbeteringe in sosio-ekonomiese toestande, waar landbouhervorming moontlik die belangrikste, maar die nie enigste, invloed is nie (Sobhan, 1993:78).

Grondhervorming, volgens Rashid (2000), moenie gesien word as 'n doel op sigself nie, maar moet ondergeskik wees aan die groter doel, naamlik ekonomiese ontwikkeling.

Rashid (2000) vat die argumente vir en teen grondhervorming as volg saam. Die ekonomiese argumente ten gunste van grondhervorming is gebaseer op bewerings van die verhouding tussen grootte en produktiwiteit, asook verskeie voordelige eksternaliteite, byvoorbeeld politiek en demografiese aspekte. Ekonomiese argumente teen grondhervorming is gebaseer op gerugte dat die ekonomiese argumente wat wel ten gunste is van grondhervorming, 'n tonnelvisie het en nie landbou insluit by die industrie nie. Verandering bring sy eie dinamiese oneffektiwiteite by eienaarskap, plaasgroottes en tegnologie teweeg.

Politieke-ekonomiese argumente ten gunste van grondhervorming is gebaseer op die idee dat bestaande eienaarskap onbillik is en dat demokrasieë egalitarisme benodig, aangesien stabiliteit en vrede slegs deur hervorming en transformasie verseker kan word. Politieke-ekonomiese argumente teen grondhervorming is gebaseer op die idee dat die ongelykhede van die verlede te gekompliseerd is om te hanteer en op te los, en dat geen demokrasie daardie

soort grondhervorming kan voorsien wat benodig word vir stabiliteit en vrede nie. Die huidige tendens van grondhervorming, spesifiek in demokrasieë, eindig as oneffektief en ontstigend.

'n Verdere kenmerk is Suid-Afrika se statiese wêreldbeskouing waar daar nie gefokus word op modernisering nie, maar op die behoud van die huidige situasie. Tog streef armes nie altyd na modernisasie, soos wat dit voorkom in Ontwikkelde lande, nie. Die fokus val nou op die herverdeling van beskikbare middele, eerder as die belegging daarvan, dus waar dit belangriker is om te verbruik, eerder as te produseer. Volgens Van der Veen (2003) kan die gevolgtrekking gemaak word dat “eksterne faktore soos dekolonisering nie deurslaggewend was in die gebrek aan ontwikkeling in Afrika nie”.

3.9 ANDER SIENINGS OOR GRONDHERVORMING

Met die verkiesing van die Mbeki regering in 1999 was daar reeds verskeie uiteenlopende sieninge van hoe grondhervorming tot op daardie tyd gevaar het, en hoe dit in die toekoms toegepas moet word. Die sienings het gewissel van links sosialisties tot regs kapitalisties. Hier word paar van dié standpunte gegee.

3.9.1 Die voor en nadele van kommunale grondbesit

Heath (1992, soos aangehaal in De Janvry *et al*, 2001:419) beweer dat kommunale sisteme van grondbesit suksesvol kan wees mits dit effektief beheer word. Volgens Page (1982:168) verhinder die tradisionele sisteem van grondeienaarskap egter ekonomiese vooruitgang in die moderne era van hoë bevolkingsdigtheid aan die een kant, en aan die ander kant waar permanente plase noodsaaklik geword het vir die bewerking van kontantoeste. Indien boere gebruik maak van 'n kommunale sisteem, waar geen afgebakende grense bestaan nie, is daar geen dryfkrag vir boere om hul vee deur middel van selektiewe teling te verbeter, of hul vee van besmetting of siektes te beskerm nie. Page se standpunt word ondersteun in die Wêreldbank se Beleid oor Grondhervorming (*'Land Reform Policy Paper'*) van 1975 (soos aangehaal in De Janvry *et al*, 2001:413). Dit stel dat kommunale grondbesit nie 'n effektiewe en volhoubare manier van produksie is nie, aangesien lede nie die volle voordeel trek uit hulle insette nie: sommiges sal altyd voel hulle werk harder as die ander, vir dieselfde voordele. Ander probleme behels dat lede nie gemotiveerd is om in kommunale grond te belê nie, aangesien hulle sal verloor as hulle lidmaatskap verval. Derdens is daar die neiging om geleidelik die groot aantal lede te verminder, wat ook gepaard gaan met die vermindering van die subsidies wat hulle van die regering ontvang. Gevolglik genereer kollektiewe grondbesit minder werksgeleenthede as wat klein, of selfs groot, plase sou. Dit blyk duidelik uit gevalle

van kommunale grondbesit in lande soos Peru, Viëtnam, Ethiopië, Kuba en China (Deininger *et al*, soos aangehaal in De Janvry *et al*, 2001:413).

Von Blankenburg (1994:10) meld ook die negatiewe aspekte van kollektiewe plase. Hulle het dikwels ekonomies misluk in verskeie Ontwikkelende lande. Die hoofredes hiervoor is dat kollektiewe grondbesit lei tot probleme met leierskap (sien byvoorbeeld Gevallestudie 2). Kommunale grondbesit in Afrika bestaan nog, en verskaf 'n groot mate van sekuriteit vir die lede van die groep, maar dit beperk die individuele boer se vryheid om die grond te verkoop (Von Blankenburg, 1994:11). 'n Ander nadeel van kommunale grondbesit is dat hierdie groepe probleme het om banklenings te verkry, omdat hulle nie eienaars oor hul grond is nie. Elders in Afrika was herverdeling van kommunale grond meer suksesvol waar begunstigdes boer op klein- of mediumgrootte plase (Von Blankenburg, 1994:11).

Tog is dit voordelig om families aan te moedig om saam te boer. Dit is nie dieselfde as kommunale grondbesit, waar 'n klomp vreemdelinge saam boer nie. Volgens Deininger *et al* (soos aangehaal in De Janvry *et al*, 2001:413) werk families beter saam en is meer gemotiveerd om hard te werk en gesamentlike voordeel uit die plaas te trek. Hulle deel die risiko's, en staan in diens sonder om addisionele kostes aan te gaan om ander mense te huur om te help (sien byvoorbeeld Bylae: Gevallestudie 1).

3.9.2 Teorieë oor die invloed van plaasgrootte op grondhervorming

Daar is baie uiteenlopende sienings oor die invloed van plaasgroottes op sosio-ekonomiese ontwikkeling en hoe dit die herverdeling van grond moet raak. Berry en Cline (1979, soos aangehaal in Sobhan, 1993:79,115) is van mening dat kleinskaalse boerdery grond meer en beter benut as grootskaalse boerdery. Circa 1993 was dit ook die siening van die Wêreldbank (Williams, 2000:1) en die ANC se Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (1993), soos in paragraaf 2.4 hierbo bespreek. Daar is ook die siening van Williams (2000:9) dat baie landelike armes grond wil hê vir residensiële gebruik en die aanlê van tuine, eerder as vir kommersiële boerdery, soos bespreek in paragraaf 2.6.8. Dit is veral die Marxistiese politieke ekonomiese en sosialistiese politici wat groot, kommersiële plase gekritiseer het (Von Blankenburg, 1994:3).

Volgens Kirsten en Sartorius (2002:503) is landbouproduksie besig om te verander vanaf 'n industrie wat gedomineer word deur kleinskaalse familieplase, na 'n industrie van groter plase wat meer kompak oor die produksie- en verdelingspektrum versprei is. Hierdie markgeoriënteerde hervormings het gelei tot die toenemende integrasie van wêreldmarkte.

Dus is boere in die ontwikkelende lande nou nog meer afhanklik van verbruikers en besighede in die ontwikkelde lande. Hierdie industrialisasie van landbou benodig hoër vlakke van beheerde koördinerings. Dit lei tot kommer oor die vermoë van klein plase om oor die medium termyn te oorleef, alhoewel daar steeds verskeie geleenthede bestaan om organiese produkte en ander nismarkte te ontgin.

Daar is eers onlangs begin met navorsing oor die potensiaal van Suid-Afrikaanse kleinboere om ekonomiese groei te stimuleer, werk te skep en armoede in die swart, landelike areas te verminder (Ngqangweni *et al*, 1999:585). Hierdie navorsing het getoon dat die inkomste van kleinboere wel bygedra het tot 'n betekenisvolle groei in landelike inkomste. Volgens Ngqangweni *et al* (1999:585) vereis dit egter 'n doelbewuste beleidsfokus om hierdie landboutransformasie te lei, sodat dit kleinboere rig na daardie aktiwiteite waarin hulle 'n vergelykende voordeel kan verkry.

Volgens ander navorsing oor kleinboere (Van Zyl, 1996 soos aangehaal in Ngqangweni *et al*, 1999:585), het dit geblyk dat kleiner plase wel die potensiaal het om by te dra tot die vermindering van landelike armoede en ongelykhede, omdat kleiner plase meer arbeidsintensief is, en ook meer doeltreffend gebruik maak van skaars hulpbronne. Volgens De Klerk (1996, soos aangehaal in Ngqangweni *et al*, 1999:585) verskaf hierdie bevindinge 'n alternatiewe persepsie op die pessimistiese en negatiewe siening dat kleiner plase nie lewensvatbaar is nie. Die siening word ook gesteun deur Hans Binswanger en Klaus Deininger van die Wêreldbank (soos aangehaal in Williams, 2000:3).

Ander navorsing in Afrika en Asië (Hazell *et al*, 1987 soos aangehaal in Ngqangweni *et al*, 1999:586) het getoon dat die verhoging van kleinskaalse landbouproduksie, deur middel van landbou intensifisering, werkskepping kan verbeter, deurdat dit 'n mark skep vir plaaslike goedere, wat andersins slegs plaaslik verkoop sou kon word, as gevolg van hoë transaksiekostes. Die deursypel-effekte ("spin-off") van groei in landelike handelsware was opmerklik. Dus is dit noodsaaklik dat regerings moet belê in ondersteuningsdienste vir kleinboere, byvoorbeeld opleiding, krediet, infrastruktuur, navorsing en inligting (Ngqangweni *et al*, 1999:592).

Volgens Riad El-Ghonemy (1990:35) kan beleggings in besproeiing, verskaffing van tegniese kennis en navorsing nie van die privaatsektor verwag word nie, maar regerings is hiervoor verantwoordelik. Die hoofrede hiervoor is omdat kleinboere dikwels nie oor die kapasiteit of krediet beskik om te belê in besproeiing en dreinerings nie, selfs al wil hulle hul produktiwiteit verhoog. Volgens Riad El-Ghonemy (1990:36) maak kleinboere 'n groot deel van

voedselprodusente uit, en kan hulle voedselproduksie betekenisvol verhoog indien hulle nie deur institusionele hindernisse, soos byvoorbeeld duur krediet en ongeletterdheid, teruggehou word nie.

Indien kleinboere egter nie oor hul eie kapitaal beskik om die volle bedrag op die grondwaarde te betaal nie, sal hulle nie in staat wees om lewensvatbare plase en hul verbeterde lewenstandaarde vol te hou nie. Dus sou 'n vryemarksisteem alleen nie in staat wees om grond oor te dra na kleinskaalse en armer boere nie, tensy laasgenoemde ook voorsien word van 'n addisionele subsidie.

Deininger *et al* (soos aangehaal in Williams, 2000:4) het egter ook besef dat suksesvolle oordrag van grootskaalse, gemeganiseerde kommersiële plase na begunstigdes moeilik is, aangesien daar nie genoeg van hierdie families is wat oor boerderyvaardighede en voldoende implemente beskik nie, en hulle kan dus nie kapitaal-intensiewe plase effektief bewerk nie (soos byvoorbeeld Gevallestudie 2), aangesien kleinskaalse plase hoofsaaklik staatmaak op laekoste arbeid van familieledede.

Dus kan die afleiding gemaak word dat deur grondherverdeling te laat fokus op die opheffing van kleinboere, sou meer voorheen benadeelde mense daaruit voordeel kon trek. Dit is egter nie altyd in die distrikte van Somerset-Oos en Cradock moontlik nie, aangesien die drakrag van die grond laag, en meestal slegs geskik is vir veeboerdery, wat groot plase verg.

Hierteenoor beweer Rashid (2000) dat kleiner plase nie noodwendig meer produktief as groter plase is nie, alhoewel kleinskaalse boerdery, wat deur grondhervorming aangedryf word, soos byvoorbeeld in Mexico, Bolivia en Kenia (Sobhan, 1993:115), meer waarskynlik voedselproduksie en voedselsekureit sal verseker. Tog lewer groot plase groter opbrengste as gevolg van groter belegging in gemeganiseerde landbou (Khan, 1981 soos aangehaal in Sobhan, 1993:116).

Grootskaalse boerdery op groot plase is 'n belangrike verskaffer van voedsel aan die land. Volgens Von Blankenburg (1994:2) is dit makliker vir groot plase as klein plase om voedsel en produkte van 'n hoër en meer konstante standaard te verskaf, en dus is landbou-industrieë en uitvoermarkte meer geneë om hul produkte aan te koop. 'n Probleem wat hieruit vloei, is dat groot plase egter baie weerloos is teen skielike veranderinge in nasionale of internasionale markte se aanvraag.

In Ontwikkelende lande word groot plase dikwels gekritiseer op grond van die feit dat hulle blykbaar 'n te sterk politieke invloed het of diskrimineer teen hul arbeiders en ander armes.

Kommersiële boere word beny vir hul klaarblyklike rykdom (Von Blankenburg, 1994:3), en dus is hulle meestal die teiken vir grondhervorming. Die ekonomiese doelwitte van grondhervorming is hoofsaaklik gefokus op doeltreffendheid, waar landbouproduksie verhoog moet word. Indien daar 'n dualistiese struktuur van landbou bestaan, beide groot plase en klein plase, word aanbeveel dat veranderinge aangebring word om 'n meer gebalanseerde struktuur van klein-, medium- en groot eenhede te verkry (Von Blankenburg, 1994:8). Hierdie hervorming sal hopelik landelike armoede verlaag, deurdat 'n reeks moontlikhede geskep word vir mense wat voorheen geen of min grond besit het.

Volgens Von Blankenburg (1994:8) is daar egter gevare hieraan verbonde, aangesien geen arm land groot veranderinge in sy landboustruktuur kan bekostig nie. Navorsing van Binswanger en Elgin (1990, soos aangehaal in Von Blankenburg, 1994:8) het aan die lig gebring dat daar nie baie ekonomiese suksesverhale van grondhervorming bestaan nie. In sommige lande soos Iran en Kenia het die herverdeling van groot plase aanvanklik gelei tot verbeteringe in die lewenstandaard van die landelike begunstigdes (Von Blankenburg, 1994:9). Aan die ander kant het produksie verminder in hierdie lande, hoewel arm families se voedselverbruik toegeneem het.

Boerdery op klein skaal kan meer effektief wees, maar dit is duidelik dat dit nie altyd in die Oos-Kaap moontlik of ekonomies lewensvatbaar kan wees nie. Die gebied word dikwels getreiter deur droogtes, en die drakrag van die grond is laag. Dit is duurder om insette soos gifstowwe en saad op kleinskaal te bekom, as wanneer dit op grootskaal gekoop word, wat kleinskaal boerdery onekonomies maak (mnr. Louis Slabbert van Aberdeen, Onderhoud 2003). Dit is egter nie in alle gevalle waar nie, aangesien daar wel areas is waar besproeiing beskikbaar is, en dus moet verdere ondersoeke hieroor gedoen word.

3.9.3 'n Markgebaseerde of sosialistiese sisteem?

Volgens Muller (2003, persoonlike klasnotas) bestaan daar nie werklik iets soos 'n perfekte vryemark of 'n perfek beplande/beheerde ekonomie nie (laasgenoemde het baie in gemeen met 'n sosialistiese en/of kommunistiese siening) – albei is teoretiese konstrukte. Volgens Mohr (2000:41) gebruik mense gewoonlik die woord vryemark-ekonomie om te verwys na 'n kapitalistiese mark-ekonomie – dus 'n ekonomie wat gekenmerk is deur beide die private eienaarskap van die verskillende produksiefaktore (natuurlike hulpbronne soos grond, en kapitaal), asook die feit dat die mark die hoofkoördinerende meganisme is wat bepaal wat, waar, hoe en hoeveel geproduseer moet word, wat die hoeveelhede geproduseerde dienste en

goedere allokering tussen private en openbare verbruik of investering (spaar) daarvan, en wat die materiële voordele daarvan tussen die lede van die gemeenskap versprei.

Die teenoorgestelde van 'n kapitalistiese mark ekonomie is 'n sentraal beplande sosialistiese ekonomie, waar die regering die koördinerende meganisme is, aangesien hulle alle besluite neem in plaas van die mark, en waar die produksiefaktore ook deur hulle namens die produk besit word (byvoorbeeld kollektiewe plase). Tussenin is daar 'n gemengde mark ekonomie, 'n gemengde kapitalistiese ekonomie en markgebaseerde sosialisme.

Daar is dus 'n kontinuum van posisies tussen die twee verskillende pole, en volgens Muller (2003) lê die werklike oplossing nie in 'n oordrewe fokus op die teoretiese konsep van 'n suiwer vrye mark nie (soos die neo-liberaliste probeer doen). Volgens Mohr (2000:48) het die suiwer marksisteem 'n aantal ernstige defekte, byvoorbeeld 'n tendens om ongelykhede en onstabiele te bevorder. Die oplossing in so 'n geval, veral aangesien die fiktiewe vryemark sekere aannames maak (byvoorbeeld dat daar perfekte kompetisie en perfekte inligting is), is om in te meng in die mark en sodoende te probeer regstel waar die mark gefaal het. Ongelukkig is die mark 'n baie komplekse sisteem en lei inmenging soms tot die teenoorgestelde van wat beoog is. 'n Goeie voorbeeld hiervan is waar die huidige regering probeer inmeng het om plaaswerkers meer regte te gee, maar dit is waarskynlik een van die redes waarom so baie van die plaaswerkers tans sonder werk sit.

Dithlake (soos aangehaal in Mapadimeng, 2003:24) is van mening dat 'n markgebaseerde benadering tot grondhervorming nie doeltreffend is nie, weens die ongelykhede in inkomste wat voortspruit uit die Apartheidsisteem, asook die algemene styging in grondpryse. Teoretici soos Levin en Weiner (1993, soos aangehaal in Mapadimeng, 2003:25) verwerp die markgebaseerde benadering omdat dit, volgens hulle te konserwatief was en ook nie die potensiaal het om die grondkwessie suksesvol en volhoubaar aan te spreek nie.

Dithlake (soos aangehaal in Mapadimeng, 2003:28) is van mening dat die post-apartheid grondbeleid grootliks beïnvloed en gevorm is deur die neo-liberale-, vryemark benadering. Hy stel dit dat die stadige vordering met grondherverdeling aan die inherente beperkings te wyte is waar grondhervorming op die marksisteem gebaseer is.

Volgens die vergadering van die Suider Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskapslande (Radio Pretoria, 16 April 1998) moet grondpryse afwaarts gedwing word ten einde grondhervorming meer koste-effektief en bekostigbaar te maak. Die intensiewe aanwending van onderbenutte

grond moet gestimuleer word, en gelyke grondbesit moet bevorder word. Sosiale gelykheid en basiese behoeftes moet nagestreef word, eerder as vryemarkbeginsels.

Volgens die Wêreldbank (World Bank, 1994 soos aangehaal in Van Zyl *et al*, 1996:5) het die regering 'n toename in plaasgroottes en meganisasie, asook oormatige vermorsing van arbeid, aangemoedig. Alhoewel hierdie besluite privaat winsgewend en tegnies effektief was, het dit ekonomiese effektiwiteit verlaag (Van Zyl *et al*, 1996:5). Volgens Deininger *et al* (soos aangehaal in De Janvry *et al*, 2001:407) het die Wêreldbank besef dat die vorige benadering, waar klein inmengings in individuele areas geïmplementeer is, nie daarin geslaag het om grond suksesvol te herversprei nie. Die Bank is ook van mening dat die lewensvatbaarheid van voorgestelde benaderings eers op klein skaal gedemonstreer moet word, voordat beleidmakers dit plaaslik op groot skaal kan implementeer. Die Wêreldbank het in 'n onlangse studie erken dat groei oor die laaste twee dekades die grootste was in lande wat nie geliberaliseer was nie, maar wat verskeie en idiosinkratiese beleide vir groei ontgin het (Panos Institute, 2002:15).

Sobhan (1993:80) stel dit dat dit aanvaar kan word dat 'n regeringsstelsel, wat sensitief is vir die behoeftes van arm kleinboere, landbouhervorming sal ondersteun deur krediet, insette en ondersteuningsdienste beskikbaar te stel. Wanneer daar gekyk word na die lang lys van items wat benodig word vir suksesvolle grondhervorming, is dit 'n volledige spyskaart vir ekonomiese ontwikkeling. Daarom kan dit moontlik beter wees om meer uitdruklik op ekonomiese ontwikkeling te fokus, en indien sulke ontwikkeling grondhervorming verg, eers dan optree om die kwessie te hanteer.

Daar word algemeen aanvaar dat gelykheid die belangrikste beginsel in die politieke en sosiale sfere in die nuwe Suid-Afrika behoort te wees, asook gelykheid van geleentheid in die ekonomiese sfeer. Kommersiële landbou in Suid-Afrika word vandag algemeen gesien as hoogs gesofistikeerd en suksesvol, alhoewel die Wêreldbank in 1994 van mening was dat die Suid-Afrikaanse kommersiële landbousektor misleidend is, en dat Suid-Afrika bloot die boodskap van effektiwiteit suksesvol oordra (World Bank, 1994 soos aangehaal in Van Zyl *et al*, 1996:5).

Soos bespreek in paragraaf 2.7 hierbo is daar 'n sterk gevoel (byvoorbeeld Kassier 2002:12) dat 'n markgerigte stelsel die enigste is wat op die langtermyn volhoubaar sosiale en ekonomiese verbetering sal teweegbring, ook vir die armes.

3.9.4 Argumente teen grondhervorming

Daar is verskeie mense en organisasies wat glad nie positief oor grondhervorming en grondherverdeling, of oor die wyse waarop dit toegepas word, is nie, aangesien hulle van mening is dat dit nie die ideale oplossing is vir landbou- en industriële groei in Suid-Afrika nie (SABC2 Nuus, 14 Junie 2002). Mnr. Andre Louw, hoofbestuurder van ABSA AgriBusiness, stel dit dat die eienaarskap van grond nie noodwendig rykdom impliseer nie, maar selfs tot 'n ander vorm van armoede kan lei. Hy het bygevoeg dat grondhervorming en grondherverdeling dikwels daartoe lei dat grond aan mense toegestaan word wat nie oor die nodige boerdery vaardighede beskik nie, soos wat tans in Zimbabwe aan die gebeur is, wat daartoe lei dat grondhervorming nie ekonomies haalbaar is nie en ook nie die beste benutting van grond en hulpbronne teweeg bring nie (SABC2 Nuus, 14 Junie 2002).

'n Berig op Radio Pretoria (16 April 1998) bevraagteken die effek van die enorme omvang van die Regering se beleid. Die Departement Grondsake was van mening dat ongeveer ses miljoen swart huishoudings in toestande van onseker besit leef, en wou gevolglik tussen 600 000 en 900 000 mense tussen 1998 en 2008 deur middel van grondhervorming akkommodeer. Die Departement het beplan om binne daardie tydperk aan 'n addisionele 500 000 huishoudings grond te gee deur middel van die herverdelingsprogram, en nog 500 000 deur middel van restitusie. Dus moet ongeveer twee miljoen huishoudings elkeen 'n stuk grond kry, en die gemiddelde grootte van die grond wat deur dié mense geëis word, is (volgens die berig), 13 ha elk, dus word ongeveer 26 miljoen ha grond benodig. Die vraag ontstaan oor hoe en waar hierdie grond verkry sal word. Die gevreesde eiendomsbelasting op plase kan een van die instrumente wees om grond te bekom.

Volgens Hendricks (soos aangehaal in Coetzee *et al*, 2001:295) word ongeveer 12,5 miljoen ha van Suid-Afrika se grond deur die staat besit, maar die staat het geen duidelike voorskrifte gehad oor watter staatsgrond van watter regeringsdepartement vir herverdeling beskikbaar gestel sou word nie, en staatsdepartemente het beslis ook nie hul grond aangebied vir herverdeling nie.

Mnr. Werner Weber, soos aangehaal in Landbouweekblad (Weber, 2002:99), is van mening dat die blanke boer nie “een sentimeter grond aan enigiemand” skuld nie, aangesien hulle nie alles besit nie, en daarom nie alles kan verloor nie. Indien daar na die geskiedenis gekyk word, is dit duidelik dat die Britte destyds die grond van Suid-Afrika onder wit en swart verdeel het. Botswana en Lesotho was ook deel van hierdie herverdeling. Indien die grond

van die voormalige tuislande dus bygetel word, besit die swart mense tans meer as 50% van die grond wat oorspronklik Suid-Afrika was (alhoewel hulle 80% van die bevolking uitmaak).

Mnr. Willie Lewies, soos aangehaal in Landbouweekblad (Lewies, 2002:99), meen dat kommersiële boere wel opkomende boere wil help om ekonomies te boer, maar dat hulle onder geen verpligting daartoe staan nie. “Grond kan vervorm of verdeel word, maar dit kan nie hervorm word nie.” Lewies stel dit dat grondhervorming in Suid-Afrika niks anders is as grondroof nie, want as jy moet onderhandel oor iets wat jy reeds besit, verloor jy. Dus is die strategiese landbouplan van die Regering bloot politiek van aard, en die wese van hierdie plan is die vervreemding van eiendomsreg. Blanke boere word daardeur gebind sodat hul hele voortbestaan bedreig word. Hulle moet die middele en kennis, asook die grondmedium voorsien. Die herverdeling van grond moet binne die vryemark en ekonomiese omgewing plaasvind, maar die landbousektor is nie alleen daarvoor verantwoordelik nie.

Baie Suid-Afrikaanse boere is tans onrustig na die onlangse laag grondbesettings in Zimbabwe. Boere twyfel of die regering sterk genoeg standpunt sal inneem wanneer grondbesettings hier sou kopuitsteek. Indien grondplundering in Suid-Afrika toegelaat sou word, sal Afrika sy laaste geloofwaardigheid verloor. “Sonder sterk uitsprake en ferm optrede teen grondplundering word Suid-Afrika se NEPAD-planne ’n bespotting. Die wêreld is net nie meer bereid om onstabiele regerings en halfhartige of doodgebore ontwikkelingsplanne finansiële te ondersteun nie.” (SENWES 2002). Minister Thoko Didiza (soos aangehaal in Turner, 2002:4) het dit egter duidelik gestel dat die grondhervormingsbeleide in Suid-Afrika op volhoubare hervorming fokus, en dat Suid-Afrika se sisteem van Zimbabwe s’n verskil, deurdat ons beleid voorsiening maak vir die onderhandeling oor grond.

3.10 SAMEVATTING

Dit is duidelik dat daar verskeie verskillende menings en teorieë is rakende armoede, eienaarskap van grond en ontwikkeling, maar dat meeste van hierdie teorieë gefokus het op ontwikkeling as ekonomiese groei. Die verlede het egter bewys dat ekonomiese groei alleen, wat gemeet word aan ’n styging in die Bruto Binnelandse Produk, nie noodwendig tot ontwikkeling of die vermindering van armoede gelei het nie. Ekonomiese groei moet gepaardgaan met sosiale ontwikkeling, menslike ontwikkeling en die bewaring van die natuurlike omgewing, ten einde volhoubare ontwikkeling teweeg te bring. Mense se basiese behoeftes moet aangespreek word, nie net hul lae vlakke van inkomste nie.

Die verhouding tussen eiendomsregte en doeltreffendheid is ondersoek, en dit is duidelik dat duidelik gedefinieerde eiendomsregte noodsaaklik is vir die doeltreffende toewysing van hulpbronne, in hierdie geval, grond. 'n Sisteem van eiendomsregte wat nie goed gedefinieer is nie, word gekenmerk deur hoë eksterne- en transaksiekostes, wat die ruilproses kan bemoeilik. Eksternaliteite kan in die grondmark bestaan, maar met goed gedefinieerde eiendomsregte en onderhandelinge tussen betrokke partye, kan verskeie van hierdie eksternaliteite geïnternaliseer word.

Volgens Hendricks (soos aangehaal in Coetzee *et al*, 2001:301) is grondhervorming tans nie suksesvol in Suid-Afrika nie, aangesien dit moeilik is om te implementeer, en om grond onder die armes te herverdeel en gelyktydig ekonomiese groei te stimuleer. Dithlake (soos aangehaal in Mapadimeng, 2003:28) is van mening dat dit te wyte is aan die feit dat daar inherente beperkings bestaan indien grondhervorming markgebaseer is. Die meerderheid van Suid-Afrika se landelike bevolking leef steeds in toestande van algehele armoede, en dit bly steeds 'n belangrike sosio-ekonomiese probleem, aangesien dit parallel loop met duidelik sigbare rykdom. Dus moet grond, as 'n ekonomiese bate, ontgin word tot voordeel van die armes.

Die neo-klassieke teorie van ontwikkeling stel dit dat grondhervorming volgens die beginsels van die vryemark moet plaasvind, en dat dit slegs kan gebeur indien grondhervorming markgebaseer is. Hierteenoor is daar ander wat beweer dat indien grondhervorming slegs deur ekonomiese groei volgens die vryemark-beginsels plaasvind, die behoeftes van die armes geïgnoreer sal word, asook die bewaring van die natuurlike omgewing. Dit lei tot materiële en kulturele uitbuiting (Rist 1997:243, soos aangehaal in Trainer, 2002:64).

Alle mense het die reg tot 'n sekere standaard van lewe, wat voldoende en bevorderlik is vir hul gesondheid en algemene welsyn. Daarvoor benodig hulle toegang tot gesondheidsdienste en opvoeding, respek vir hul onderskeie kulturele waardes, die reg om eiendom te besit en die reg om hulself ekonomies en polities te organiseer. Gevolglik moet die regering grondherverdeling sò implementeer dat dit potensieel kan bydra tot die vermindering van armoede en die verkryging van voedselsekureit. Dit sluit aan by die ekonomiese argument vir grondhervorming wat voortspruit uit die feit dat dit ekonomiese groei effektief kan bevorder, en dus armoede kan verminder, alhoewel slegs ekonomiese groei nie geblyk het suksesvol te wees in die vermindering van armoede nie.

Dus moet 'n oplossing gevind word wat daarop gefokus is om mense te voorsien van 'n hoë kwaliteit van lewe en voldoende materiële aspekte, deur minder gebruik te maak van baie hoë

produksie en verbruik, soos wat dit algemeen vandag voorkom. Aandag moet gegee word aan die versekering van voedselsekuriteit vir landelike armes. Die probleem van armoede kan nie opgelos word sonder veranderinge in denke oor ontwikkeling nie, en radikale aksie om armoede te verminder. Die Dar Es Salaam Verklaring (1989:234 soos aangehaal in Trainer, 2002:69) stel dit dat ontwikkeling in Afrika daarop moet fokus om homself los te maak van internasionale kapitalisme, en streef om voedselsekuriteit, bevrediging van basiese behoeftes en ontwikkeling van onder af, te bevorder.

Dit sou ook logies wees om tot die gevolgtrekking te kom dat waar die instelling van eiendom – privaat of gemeenskaplik – motivering en toegang tot geleenthede belemmer, die regering op verskillende maniere moet ingryp, selfs al verskil verskeie ander teorieë daarmee. Teoretici, soos byvoorbeeld Nozick, gee prioriteit aan die vryheid van keuse van alle betrokkenes (ongeach hul botsende belange en ongelykhede) oor die instelling van eiendomsregte. In sy teorie van geregtigheid, maak Nozick geen voorsiening vir 'n sentrale meganisme waartydens die regering grond herverdeel nie. Volgens hom is grondhervorming onnodig, aangesien eiendom regverdig en wettig besit word indien dit aangeskaf word deur middel van vrywillige ruil (verkoop, aangekoop of geërf) en wettige prosedures. Dit moet egter in gedagte gehou word dat die boer van die verlede nie volgens 'n vryemarkstelsel geboer het nie, maar dat nuwe opkomende boere nou moet kompeteer teen boere wat in 'n beskermde omgewing “kommersiële” boere geword het. Volgens Muller (2003) kan die markmeganisme dus nie heeltemal uitgegooi word sodat ons na 'n sosialistiese stelsel beweeg nie, maar behoort daar moontlik sekere beskermingsmaatreëls soos subsidies vir opkomende boere te wees, totdat hulle op 'n gelyke vlak kan kompeteer met die hedendaagse kommersiële boere wat verskeie generasies voorsprong het weens die beskermingsmaatreëls van die verlede.

Nozick se teorie beskou wetlike aspekte en die vryemark as die belangrikste determinante vir die aanskaffing van grond, maar die teorie maak nie voorsiening vir die gevolge van hierdie wettige grondeienaarskap, wat kan lei tot uiterste ongelykhede in die verspreiding van inkomste, armoede as gevolg van grondloosheid, en uitbuiting van die armes deur diegene met 'n monopolie op grondeienaarskap en ander metodes van produksie, nie. Dit spreek ook nie die probleem aan of bestaande groot erwe/plase, wat in die verlede deur middel van subsidies (deur koloniale leiers vir politieke gerief) verkry en geboer is, eties regverdig was, selfs al blyk dit dat dit wettig was (Apartheidswetgewing). Dit verwys na veral die wit kommersiële boere wat deur die regering se beskermingsmeganismes in die verlede verryk en

bevoordeel is. Dit is belangrik om die presiese oorsprong van groot erwe/plase na te speur, hoe hulle oorspronklik aangeskaf is voor dit deur die regering wettig verklaar is. Daaruit sou dit duidelik wees of die betrokke grond afgeneem is, of toegestaan is op grond van status, en dat dit nie aangeskaf of gekoop is in die vryemark nie.

Tabel 3.1: Bestaansboerdery versus kommersiële boerdery

VOORDELE	NADELE
BESTAANSBOERDERY EN KLEINBOERE	
Meer mense het 'n inkomste en kan gereeld toegang tot genoegsame voedsel verkry.	On-ekonomiese benutting van grond
Beter as hongersnood en algehele armoede	Duurder om insette individueel te bekom as vir kommersiële boere - maar kan saamstaan om koöperasies te stig om te beding vir goedkoper insette
Bestaansboerdery kan dalk 'n wegspringplek vir kleinboere oppad na 'n meer kommersiële boerdery wees	Bestaansboerdery en kleinboere skep nie kapasiteit vir besparing en belegging in infrastruktuur nie
Arbeids-intensief eerder as kapitaal-intensief	
Skep mark vir plaaslike goedere	
KOMMERSIËLE BOERDERY	
Produseer groter opbrengste en dus addisionele voedsel vir die res van die land	Groter beleggings in georganiseerde landbou en dus kapitaal-intensief eerder as arbeids-intensief
	Dikwels afhanklik van ingevoerde tegnologie
	Min mense kry 'n groot inkomste en die meeste ander het geen heenkome
Meer ekonomiese benutting van grond	Bevorder ongelykhede
Lewer voedsel en produkte van hoë en meer konstante standaard	Maar dikwels ten koste van die omgewing (gif, kunsmis, grond se drakrag neem af)
Voedsel kan uitgevoer word na oorsese markte om buitelandse valuta te bekom	Weerloos teen skielike veranderinge in die nasionale/internasionale markte

Rawls se teorie van regverdiging is 'n utopiese teorie wat gebaseer is op vrye kompetisie en private besit van die metodes van produksie (wat nie in die verlede in Suid-Afrika bestaan het nie), sonder dat die regering enige aktiewe rol daarin speel. Daarvolgens is elke lid van die samelewing 'n rasonale individu (hetsy 'n grondlose arbeider, huurder, grondeienaar of handelaar), wat saamwerk vir die welsyn van alle lede van daardie samelewing. Die aanname word gemaak dat die verskillende behoeftes van hierdie individue nie in konflik is nie. Die teorie het egter die voordeel dat dit voorsiening maak vir benadeelde groepe. Daarvolgens is

instellings slegs regverdig indien dit voordele vir alle lede van die samelewing verskaf, en dan veral vir die mees benadeelde groepe van die samelewing. Ongelukkig stop hy sy teorie hier, en daar word nie voorsiening gemaak vir maatstawwe waaraan voordele gemeet kan word nie.

Die voor- en nadele van bestaansboerdery en kommersiële boerdery word in **Tabel 3.1** opgesom.

Dit blyk dus dat om ongelykhede te probeer oplos, daar wel 'n rol is vir die toelating van bestaansboerdery, wat dan oor tyd bygestaan kan word om op te gradeer na 'n meer kommersiële boerdery.

-----Page Break-----

4. SOSIO-EKONOMIESE ANALISE EN DEMOGRAFIE: AGTERGROND OOR DIE SOMERSET-OOS EN CRADOCK DISTRIKTE

Die Oos-Kaap beslaan 'n area van 169 580 km², en het 'n bevolking, volgens die 1996-sensus, van 6 301 900, in vergelyking met Suid-Afrika se totale bevolking van 40,7 miljoen. Dus maak die Oos-Kaap 15,5% van Suid-Afrika se bevolking uit. Van die Oos-Kaap se bevolking is 36,6% verstedelik.

Die Provinsie het 'n betreklike lae vlak van opvoeding, aangesien die matriek slaagsyfer slegs 40,2% is. Dit vergelyk egter nie te sleg met Suid-Afrika se totale matriek slaagsyfer van 48,9% nie. Die vlak van ongeletterdheid vir volwassenes (bo die ouderdom van 20 jaar) is 42% (Winter & Oelofse, 2001:2). Van die totale bevolking van die Oos-Kaap, verdien 31,5% minder as R500 per maand, met 10,9% mense wat in informele nedersettings bly. Ongeveer 52,2% van hierdie mense het geen elektrisiteit nie, en slegs 24,4% het lopende water in hul huise (Winter & Oelofse, 2001:2).

4.1 DIE INVLOED VAN MIV/VIGS

Mullens (2001) het die omvang van MIV/VIGS en die impak daarvan op ontwikkeling en op grondhervorming deeglik ontleed en beskryf. Die impak daarvan sal tradisionele sisteme van grondregte en pogings tot die eienaarskap daarvan beïnvloed. Volgens hom is dit veral erg in die Oos-Kaap (Mullens, 2001:1). Ongeveer 15% tot 25% van volwassenes in Suidelike Afrika, tussen die ouderdomme van 15 en 49 jaar, is MIV-positief. Ongeveer 15 tot 35% volwassenes wat by grondhervorming sou kon baat vind, is alreeds MIV-positief is, alhoewel die meeste van hulle dit nie eens weet nie (Mullins, 2001:7). Baie van hierdie mense is onbewus daarvan dat hulle die virus onder lede het, en meeste van hulle sal binne die volgende vyf tot tien jaar chronies siek raak (Mullens, 2001:2). Die ernstige impak sal dus eers in die toekoms duidelik word, veral omdat hoofsaaklik die produktiewe ouderdomsgroep geraak sal word (Mullens, 2001:3). In enige program vir grondhervorming sal die bekamping van MIV/VIGS 'n kardinale deel moet uitmaak, anders is die langtermyn vooruitsigte duister (Mullens, 2001:8).

Mullins (2001:7,8) is van mening dat 'n doelgerigte gesondheidsprogram nodig is om die verspreiding van MIV/VIGS en ander siektes te voorkom, anders sal die program van grondhervorming min bydra om armoede oor die langtermyn te verminder.

4.2 SOSIO-EKONOMIESE ANALISE VAN SOMERSET-OOS EN CRADOCK

4.2.1 Inleiding

Somerset-Oos is geleë op die 'Blue Crane Route', wat op die R63 nasionale pad vanaf Pearston na Somerset-Oos en tot by Cookhouse strek. Dié sonderlinge dorpie is geleë aan die voet van die Bosberge, en is bekend vir sy natuurlike skoonheid sowel as sy verskeidenheid nasionale monumente en historiese geboue (Somerset-Oos Munisipaliteit, 2003).

Cradock is die hoofdorp van die Kaapse Middelland, en is een van die mees vooruitstrewende landelike dorpe (Cradock Munisipaliteit, 2003). Cradock het in 1813 as 'n grenspos teen die Groot-Visrivier ontstaan, en 'n jaar later is dit na die Kaapse goewerneur, Sir John Cradock, vernoem. Grensboere het egter al dekades vroeër besef hoe kosbaar die goeie weiding, volop water en gunstige klimaat is, en het hulle suksesvol hier gevestig. Cradock is vandag die middelpunt van 'n vooruitstrewende landbougemeenskap, wat veral bekend is vir sy wol, sybokhaar en veeboerdery. Die area is 'n baie gesogte toeriste-oord, aangesien daar, onder andere, verskeie private wildparke is vir besigtiging en jag. Die Oos-Kaapse jagvelde lok grootwildjagters van oor die hele wêreld (Cradock Toerismeburo, 2003).

4.2.2 Die bevolking

Cradock en Somerset-Oos se bevolkings is, volgens die 1996-sensus, onderskeidelik 34 894 en 27 620, 'n totaal van 62 514 vir beide distrikte, soos in Tabel 4.1 aangedui. Die swart bevolking is die grootste deel van die totale bevolking, en die 1996-syfer staan op 36 393 (58%) in totaal vir beide distrikte, waarvan ongeveer 36,6% van die bevolking verstedelik is.

Tabel 4.1: Die 1996 bevolking van Somerset-Oos en Cradock

Swart bevolking		Bruin bevolking*		Wit bevolking		Totaal	
Somerset-Oos	Cradock	Somerset-Oos	Cradock	Somerset-Oos	Cradock	Somerset-Oos	Cradock
15925	20468	8789	10032	2905	4394	27619	34894

* Vir praktiese redes is die klein persentasie (0,3%) Asiërs by die Bruin bevolking getel.

Bron: Statistiek Suid-Afrika 1996.


Figuur 4.1 en Tabel 4.2 gee die bevolkingsgroei van die twee distrikte sedert 1980 en 1960 onderskeidelik. In die distrikte as geheel is al die bevolkingsgroepe besig om te daal. Die stedelike swart bevolking styg egter deurlopend, maar die landelike bevolking het skerp gedaal, veral die swart landelike bevolking. Dit dui daarop dat sommige swart mense na die plaaslike dorpe migreer, maar baie meer verlaat die distrikte, terwyl MIV/VIGS ook 'n rol speel.

Tabel 4.2: Bevolkingsgroei: Cradock en Somerset-Oos: 1960-1996

		1960	g*	1980	g	1991	g	1996
Stedelik	Swart	15933	1.94	23420	1.14	26527	2.18	29545
	Bruin	7632	2.04	11440	1.55	13549	0.98	14225
	Wit	8205	-1.08	6600	-0.46	6275	-2.85	5429
	Totaal	31770	1.34	41460	1.02	46351	1.20	49199
Landelik	Swart	18386	-0.24	17540	-3.31	12114	-10.57	6929
	Bruin	8830	-2.48	5340	0.16	5437	-3.72	4499
	Wit	2962	-2.68	1720	1.38	2000	-1.16	1887
	Totaal	30178	-1.02	24600	-2.07	19551	-7.39	13315
Stedelik & Landelik	Swart	34319	0.89	40960	-0.53	38641	-1.15	36474
	Bruin	16462	0.10	16780	1.13	18986	-0.28	18724
	Wit	11167	-1.46	8320	-0.05	8275	-2.43	7316
	Totaal	61948	0.32	66060	-0.02	65902	-1.05	62514

* "g" is die jaarlikse groeikoers as persentasie. Bron: Verwerking van amptelike sensussyfers.

Figuur 4.1: Bevolkingsgroei: Cradock en Somerset-Oos: 1980-1996




Verwerking van amptelike sensussyfers.

Die feit dat die landelike bevolking besig is om sterk te daal, en dat daar minder as 7 000 swart persone in die landelike deel van die distrikte bly, beteken dat die vraag na landbougrond ook behoort te daal. Nogtans verteenwoordig die bykans 7 000 landelike persone ongeveer 1 400 families, wat nog steeds 'n groot aantal is wat moontlik in landbou sou belangstel.

4.2.3 Inkomste

Volgens Figuur 4.2 verdien die meeste swart en bruin mense minder as R1 500 per maand terwyl die meeste wit mense meer verdien.




Figuur 4.2: Inkomste: Cradock & Somerset-Wes
(Bron: Statistiek Suid-Afrika 1996)

Volgens Tabel en Figuur 4.3 is daar groot armoede onder die swart en bruin bevolking in die distrikte, selfs meer as in die Oos-Kaap en die land, want byna 82% van die swart gesinne en 69% van die bruin gesinne verdien minder as R1000 per maand.

Tabel 4.3: Persentasie huishoudings wat minder as R1 000/maand verdien

	Swartmense	Kleurlinge	Blankes	Totaal
Somerset-Oos & Cradock	81.67	68.80	14.06	67.79
Oos-Kaap	77.84	56.54	14.90	70.55
Suid-Afrika	66.29	47.81	12.31	54.10

(Bron: Statistiek Suid-Afrika 1996)



Figuur 4.3: Persentasie huishoudings wat minder as R1 000/maand verdien

(Bron: Statistiek Suid-Afrika 1996)

4.2.4 Werkstatus en indiensneming

Volgens Tabel 4.4 is meer as 35% van die swart mense en 31% van die bruin mense in die landbousektor. Vir die twee distrikte saam is dit 30% in totaal wat 3,4 maal hoër is as vir Suid-Afrika. Die groot persentasie in die landbousektor dui op swak ekonomiese vooruitsigte vir die distrikte, aangesien landbou nie alleen swak betaal nie, maar meestal indiensneming verminder weens meganisasie.

Die persentasies wit mense in die landbousektor is ook hoog (18,6%) wat dui op die relatief groot aantal kommersiële boere. Landbou is dus, soos hierbo aangedui, 'n groot diensverskaffer.


Tabel 4.4: Indiensneming volgens bevolkingsgroep – Cradock en Somerset-Oos

Indiensnemingsektor	Swartmense	Kleurlinge	Blankes	Totaal	RSA	Indeks*
Landbou, bosbou	35.48	31.21	18.62	30.60	8.99	3.40
Mynwese	0.00	0.00	0.00	0.00	5.73	0.00
Vervaardiging	3.80	3.47	3.31	3.58	12.20	0.29
Elektrisiteit / water	0.00	0.29	1.11	0.31	1.17	0.27
Konstruksie	6.66	5.37	2.19	5.33	6.06	0.88
Handel	4.76	8.09	13.96	7.68	12.04	0.64
Vervoer,	2.50	1.74	4.77	2.70	5.27	0.51
Finansiële dienste	2.80	1.74	11.00	4.33	7.49	0.58
Persoonlike dienste	12.50	20.57	27.53	18.09	17.32	1.04
Huishoudings	20.04	18.58	4.39	16.43	11.68	1.41
Ander	11.46	8.94	13.12	10.95	12.05	0.91
Totaal	100	100	100	100	100	

* Die indeks is die persentasie in elke sektor van die studie area relatief tot Suid-Afrika. (Bron: Statistiek Suid-Afrika 1996)

Tabel 4.5: Indiensneming van volwassenes – Cradock en Somerset-Oos
(Bron: Statistiek Suid-Afrika 1996)

Werkstatus	Swartmense	Kleurlinge	Blankes	Totaal
Persone wat werk	35.87	42.48	60.23	41.22
Werkloos	27.83	20.72	1.53	22.06
Werk nie/ander	36.30	36.27	38.24	36.55
Totaal	100.00	100.00	100.00	100.00



Figuur 4.4: Werkloosheidsverhouding* – Cradock en Somerset-Oos
(Bron: Statistiek Suid-Afrika 1996)

Tabel 4.6: Werkloosheidsverhouding*
(as persentasie van groep)

	Swartmense	Kleurlinge	Blankes	Totaal
Cradock en Somerset-Oos	43.70	32.78	2.48	34.86
Suid-Afrika	42.50	26.10	4.50	34.50


* Die werkloosheidsverhouding is die aantal mense wat werk soek, gedeel deur die wat werk soek plus die wat werk het, as persentasie uitgedruk. (Bron: Statistiek Suid-Afrika 1996.)

Werkloosheid is 'n groot probleem in die distrikte, want soos aangedui in Tabel 4.6 en Figuur 4.4 is die werkloosheidsverhouding 43,7% vir swart mense en 32,8% vir bruin mense. Soos blyk uit die tabel is die swart mense in die distrikte effens swakker af as die land as geheel, terwyl die bruin mense heelwat swakker af is. Nogtans is 'n werkloosheidsyfer van bykans 44% baie hoog, en dui dit op groot armoede en sosio-ekonomiese probleme.

4.2.5 Behuising en dienste

In die Cradock en Somerset-Oos distrikte woon ongeveer 24% van die swart mense en 9% van die bruin mense in informele huise (Figuur 4.5). In vergelyking met die met Suid-Afrika is dit nie besonder hoog nie, maar dit dui nogtans op 'n nypende behuisingsprobleem.

Met slegs 15,35% van die swart huishoudings wat spoelriolering het (Tabel 4.7), dui dit op 'n groot agterstand vir die twee distrikte. Watervoorsiening blyk beter te wees met slegs ongeveer 10% van swart en bruin huishoudings wat nie kraanwater in of naby die huis het nie (Tabel 4.9).



Figuur 4.5: Behuising – Cradock en Somerset-Oos

(Bron: Statistiek Suid-Afrika 1996)

Tabel 4.7: Persentasie van die bevolking met riolerings- en toiletgeriewe: Cradock en Somerset-Oos

	Swartmense	Kleurlinge	Blankes
Spoeltoilet	15.35	50.41	98.28
Put-latrine	14.7	20.5	0.43
Emmer-latrine	52.61	15.28	0.39
Geen van bogenoemde	16.75	13.6	0.39

(Bron: Statistiek Suid-Afrika 1996)

**Tabel 4.8: Persentasie huishoudings met watervoorsiening:
Cradock en Somerset-Oos**

	Swartmense	Kleurlinge	Blankes
Water in huis of op erf	56.13	81.78	95.78
Openbare kraan	32.92	6.64	0.39
Ander	10.95	11.58	3.83

(Bron: Statistiek Suid-Afrika 1996)

4.3 GEVOLGTREKKINGS

Uit die sosio-ekonomiese analise blyk dat daar verskeie probleme is wat die herverdeling van grond aan die een kant noodsaaklik maak, maar aan die ander kant ook moeiliker. Die belangrikste probleme van die distrikte Cradock en Somerset-Oos is geïdentifiseer as MIV/VIGS, armoede (81% van swart gesinne verdien minder as R1000 per maand) en werkloosheid (werkloosheidsverhouding: 43% vir swart mense, 32% vir bruin mense).

In die lig van die herverdeling van landbougrond, is dit veral die landelike bevolking van ongeveer 7 000 swart mense en 4 500 bruin mense wat ter sake is. As aanvaar word dat ongeveer 50% van dié bevolking (dit is die werkloos en dié tans in die landboubedryf) in aanmerking kan kom vir die herverdeling van grond, en as aanvaar word dat daar vyf persone per gesin is, dui dit op omtrent 700 swart gesinne en 450 bruin gesinne wat kan baat by die herverdeling van grond. Dit is groot getalle in vergelyking met wat reeds bereik is met die herverdeling van grond, en die waarskynlikheid is groot dat slegs 'n klein persentasie van dié gesinne geholpe sal raak met landbougrond. Hieruit is dit duidelik dat ander vorme van sosio-ekonomiese opheffing parallel met grondhervorming sal moet geskied.

Die feit dat die landboubevolking oor die laaste dekade sterk gedaal het, mag die druk op grond herverdeling moontlik effens verlig. Volgens die statistieke hierbo ontleed, sal die afname slegs 'n klein invloed hê op die sosio-ekonomiese probleme van die distrikte. Buitendien word die probleme in 'n groot mate net verplaas van die landelike dele na die stede en dorpe.

5: GEVALLESTUDIES

5.1 INLEIDING

Ten einde die effektiwiteit van grondhervorming in die Cradock en Somerset-Oos distrikte te ondersoek en te bestudeer, sal daar na spesifieke gevalle gekyk word. Die eerste gevallestudie handel oor 'n suksesverhaal, naamlik Temengo Brothers BK, maar die tweede gevallestudie handel oor 'n minder suksesvolle geval waarvan die naam vir konfidensialiteit nie verstrekk sal word nie. Die derde gevallestudie is 'n kort uiteensetting van die mentorskap-program van mnr. Chris Wilken, plaasbestuurder van die plaas Prinsloo in die Somerset-Oos distrik, wat gebruik kan word om grondhervorming in die Oos-Kaap, en Suid-Afrika, te laat slaag.

5.2 GEVALLESTUDIE 1: TEMENGO BROTHERS BK

Temengo Brothers bestaan uit familieledede, waarvan die vader, Izak Temengo, die hooflid is. Die plaas se koopprys was R185 654, en die familie het 'n lening van R70 000 by Cradock Landbank aangegaan (teen 10% rente), en het R115 654 van die Regering ontvang. Die plaas van 530 hektaar het 'n drakrag van 1/14, wat beteken dat slegs 38 grootvee-eenhede aangehou kon word. Bates op die plaas was 'n volledige woonhuis, vier boorgate en 'n windpomp, 'n sementdam, drinkbakke, vyf kampe, en een boorgat met 'n enjin. Die Temengo-familie se eie bydraes het bestaan uit 24 beeste en 200 skape. Die plaas is officieel op hul naam geregistreer op 31 Desember 2001.

Die plaas het egter te klein geword, en die familie wou graag nog grond bekom om hul boerdery uit te brei. Grond aangrensend tot die Temengos se grond, het in die mark gekom, en 'n tweede lening is aangegaan onder 'n ander naam, die Meyer Familie, saam met die Temengo-familie. Temengo Brothers BK het verander na Kareebult Boerdery BK.

Kareebult, 746 ha, was nie in 'n baie goeie toestand nie. Die koopprys was R400 000, en die familie het R170 000 by Cradock Landbank geleen. Hul boerdery het uitgebrei na 235 dorperooie, 3 -ramme en 66 -lammers. Verder boer hulle met vleisbeeste: 25 koeie, 2 bulle en 18 kalwers. Izak Temengo het 3 ha uie en 1 ha knoffel geplant, en die boerdery brei net verder uit. Hulle boer tans teen 'n skuldverhouding van 35%, wat dui op die verhouding van die bates teenoor die laste. Mnr Temengo (sr.) is 'n baie suksesvolle boer, maar dit het tyd geneem om te kom waar hy en sy gesin vandag is.

Daar is verskeie moontlike redes vir hierdie suksesverhaal. Die belangrikste is dat Izak Temengo en sy seuns oor vorige ondervinding van boerdery asook 'n goeie kennis van veeboerdery beskik. Hy en sy seuns is hardwerkend en konstruktief, en dit kan moontlik

daaraan toegeskryf word dat hulle familie is, en nie vreemdelinge is wat saam boer nie. Dit sluit aan by Deininger et al (soos aangehaal in De Janvry 2001:413) se siening dat families harder en beter saamwerk, aangesien hulle gesamentlike voordeel trek, en ook die risiko's deel.

Die vee wat hulle bygedra het tot die boerdery, is van goeie gehalte. Die Landbank lê gereeld daar besoek af om seker te maak dat alles vlot verloop en Kareebult Boerdery BK se skuld word konstant vereffen.

5.3 GEVALLESTUDIE 2: GRONDHERVORMING VOLGENS DIE OU SISTEEM

Die plaas van die tweede gevallestudie is bekom volgens die ou sisteem van grondhervorming, kort na 1994. Die plaas is gekoop deur 60 onverwante lede, wat elk R16 000 van die Regering ontvang het, om 'n totaal van R900 000 te versamel. Die plaas se koopprys was R1,2 miljoen, wat implemente en 40 melkkoeie ingesluit het. Die plaas is 305 hektaar groot (103 ha besproeiingsgrond teenaan die Groot Visrivier, en 202 ha weiveld). Die lede het 'n verbandlening van R500 000 by Cradock Landbank aangegaan, teen 10% rente.

Die plaas was egter nie in 'n goeie toestand nie en die implemente was blykbaar nie op standaard nie, en dus het die nuwe lede met 'n agterstand begin boer, aangesien lande weer hervestig moes word en verskeie van die oorgekoopte implemente nie in werkende toestand was nie (sien foto's in Bylae oor die verskil tussen hoe lande behoort uit te sien, en hoe dit egter tans uitsien). Die lede was van mening dat die vorige wit eienaar hulle onkunde uitgebuit het en die plaas aan hulle verkoop het teen 'n hoër prys as wat dit eintlik werd was. Die lede het nie oor die nodige kapitaal of kennis van boerdery beskik nie, en die meeste het vinnig die harde realiteite van boerdery besef en wou nie verder boer nie. Die skuld moes egter gedelg word, en gevolglik is die plaas verhuur aan twee van die oorspronklike lede en twee nuwe lede, wat graag wou boer en wat wel vorige ondervinding van boerdery het. Die ander oorspronklike 58 lede verkry tans geen wins uit die plaas nie.

Die huidige vier boere probeer hul bes om vooruit te boer, maar die geld wat hulle uit hul produkte verkry, kan slegs aangewend word om hul verpligtinge te dek, daar is geen wins om terug te ploeg in die boerdery nie. 'n Verdere probleem is die feit dat besproeiingsboerdery arbeids- en kapitaal intensief is. Die ander 58 lede is tans werkloos, maar tydens 'n kursus in landbou, wat deur 'n Amerikaner aangebied is, het slegs een opgedaag om meer te wete te kom oor boerdery. Die huidige vier boere beskryf die ander lede as lui en ongemotiveer om te leer.

Tydens 'n onderhoud met een van die 58 lede (sien Bylae, onderhoud met Mnr. C van plaas B), het dit geblyk dat die meeste van hulle onder die indruk was dat wit boere ryk is. Hulle het hoë verwagtinge van boerdery gehad. Gevolglik wou hulle ook boer. Die realiteit was egter ietwat anders, en hulle het nie die nodige kennis en werkende implemente gehad om 'n sukses van die boerdery te maak nie. Hulle het al die geld wat hulle deur die subsidie verkry het, gebruik om die plaas aan te koop. Daar was geen ekstra kapitaal om stukkende implemente te herstel, saad en vee te koop, of selfs net daaglik te oorleef nie. Hulle het gevoel dat dit te lank sou neem vir die plaas om net weer 'n opbrengs te lewer sodat hulle geld kon kry, en hulle het besluit om die plaas te verlaat.

'n Probleem was dat die lede almal onverwant is, en tot wantroue en probleme met leierskap gelei het. Dit sluit aan by Deininger *et al* se siening (soos aangehaal in De Janvry *et al*, 2001:413) dat kollektiewe grondbesit nie effektief is nie. Sommige lede voel dat hulle harder as ander werk, maar almal kry gelyke vergoeding vir hul werk. Dit kan moontlik ook verder te wyte wees aan die feit dat hierdie mense nooit voorheen die geleentheid gehad het om in 'n markgeoriënteerde samelewing te ontwikkel nie. Hulle kort bestuursvaardighede om groot besighede te kan hanteer, en opleiding in hoe om die finansiële aspekte van boerdery te bedryf.

5.4 GEVALLESTUDIE 3: MENTORSKAP DEUR CHRIS WILKEN

Alhoewel daar verskeie gevalle is waar grondhervorming in die Oos-Kaap wel suksesvol was, is daar ook verskeie gevalle waar dit minder of glad nie suksesvol was nie en waar landelike armes bloot in verdere armoede gedompel is. Mnr. Chris Wilken, projekontwikkelaar van die Zama Ukuphila Trust op die plaas Prinsloo (sien foto in Bylae), is van mening dat daar sekere foute in die sisteem is wat aangespreek moet word, en gevolglik kan die volgende vrae gestel word: Wat is die huidige suksesverhouding om bestaansboerderyprojekte sowel as kommersiële boerderyprojekte vol te hou? Hoeveel geld en harde werk is reeds gemors binne 'n sisteem wat die belangrikste sukses-element kortkom? Dus, wat is die redes vir die mislukkings, en hoe kan mentors bydra tot die sukses van grondhervorming?

Die geskiedenis van die plaas Prinsloo gaan sover terug as 1750. Dit het eers aan Willem Prinsloo behoort en later aan die Van Niekerk familie wat dit vir vyf geslagte geboer het. Destyds, en vandag nog, word Prinsloo gesien as die beste plaas in die distrik.

Met die implementering van die Wet op Grondhervorming, Wet 1995 van 1996, het die destydse Minister van Landbou, mnr. Derek Hanekom, ingestem dat die plase Prinsloo en

Karkotskraal gekoop word vir herverdeling aan opkomende kommersiële boere. 'n Lys van bykans 400 begunstigdes is opgestel. Die Minister besluit om die plase te koop, ongeag die groot aantal begunstigdes. Dit was eers later dat die regering besluit het dat daar te veel begunstigdes was, en 'n Trust is aangewys om die aantal lede tot 'n meer sinvolle getal te verminder. Hierdie wysiging het ongeveer vier jaar geneem om te voltooi. Gedurende daardie tyd is die plase bestuur deur die Trust, wat uit elf lede bestaan het, en deur die begunstigdes self verkies is. In die afgelope vier jaar het verskeie van die oorspronklike applikante behuisingssubsidies van die regering verkry, terwyl ander applikante na ander dorpe verhuis het of oorlede is.

In Julie 2000 het die Trust besluit om 'n bestuurder aan te stel om die lys van lede te finaliseer, asook die plase en die sake van die Trust te bestuur. Die Departement Grondsake het gehelp om die Trust te bestuur. Gevolglik is Mnr. Chris Wilken in September 2000 aangestel. Hy was 'n Landbou-beampte ('Agricultural Extension Officer') met tien jaar ondervinding van praktiese boerdery. Gedurende daardie tydperk was hy bestuurder van 'n besigheid, waar hy 'n landboukonsultant was. Mev. Margie Lazarus was die afgelope vier jaar die voorsitter van die Trust. Na vele besprekings van die Trust-raad, is daar besluit om die Trust volgens 'n behoorlike sakeplan te bestuur, en dus is die lys van begunstigdes gefinaliseer, en bestaan tans uit 50 lede.

Die Trust het die plaas suksesvol bestuur as kommersiële landbougrond, met 'n totale inkomste van R400 000 vir die finansiële jaar wat in Maart 2002 geëindig het (Chris Wilken, onderhoud 2003). Dit was egter soms nodig om hierdie sakeplan aan te pas, aangesien meer praktiese oplossings dikwels gevind moes word. Die Trust bevorder deelname deur al die lede, ongeag geslag, sosiale status of akademiese kwalifikasies, met spesiale klem op die bemagtiging van die voorheen benadeelde lede van die gemeenskap. Dit het ook ten doel om volhoubare self-indiensneming te skep, sodat mense vir hulself en hul huishoudings 'n inkomste kan genereer. Begunstigdes word opgelei om uiteindelik produktiewe klein- en kommersiële boere te wees (Wilken, 2002:12).

Die begunstigdes het saam besluit dat die plaas Prinsloo nie aan hulle oorgedra sal word nie, maar dat dit die eiendom van Regering sal bly. Hulle sal egter voortgaan om die plaas van die Regering te huur, en 'n verdere ooreenkoms tussen die Zama Ukuphila Trust en Lovedale Kollege het die voorbeeld gestel om hoë kwaliteit opleiding te voorsien – nie slegs vir boerderyvaardighede nie, maar ook opleiding in ander lewensvaardighede.

Die aspek wat kortkom, is die onderste en mees praktiese skakel in die proses van grondhervorming. Wanneer begunstigdes die nuwe plaas bekom, voorsien die regering nie genoeg bykomende insette om volhoubaarheid te verseker nie (sien Bylae: onderhoude met mnre Xolisa Banda en Vuyisile Lena). Dit is op hierdie vlak waar mentors 'n positiewe bydrae kan maak. 'n Mentor moet die boerdery help fasiliteer, leiding gee aan opkomende boere oor belangrike besluite, en vaardighede aan hulle leer. Die mentor vervul die rol van 'n ontwikkelingsagent, wat verantwoordelik is vir die opstel van 'n besigheidsplan vir 'n voorgestelde boerderyprojek, wat prakties uitvoerbaar moet wees. Dit is slegs moontlik deur die samewerking tussen die mentor, Departement van Grondsake en die Landbank.

'n Belangrike rede vir die mislukking van sommige projekte is dat die momentum van die projekte verlore raak sodra die plaas oorgedra is na die begunstigdes. Dit gebeur omdat daar nie mentors beskikbaar is nie, en omdat finansiële hulp en beskikbare kennis nie suksesvol aan boere oorgedra word nie.

Meneer Wilken (Onderhoud, 2003) het verskeie riglyne vir die suksesvolle vestiging van opkomende boere voorgestel, aspekte wat dikwels afgeskeep word.

- Opleidingskonsultante in die openbare sektor, sonder enige praktiese ervaring en met min kennis oor hul onderwerp, word deur die Regering aangestel om opleiding op 'n *ad hoc* basis te doen. Opleiding is meestal van 'n lae standaard en laat diegene wat opleiding ontvang het, sonder enige opvolg. Groot bedrae geld word op hierdie manier vermors. Dit sal beter wees om eerder opleiers vanaf geakkrediteerde instellings soos byvoorbeeld Fort Hare, Lovedale Kollege en Rhodes Universiteit, of regeringsamptenare met gespesialiseerde vaardighede, aan te stel.
- Dit is baie belangrik om opleiding op te volg, en die mentor is die aangewese persoon om opvolg-opleiding vir 'n die spesifieke projek te doen.
- Dit is belangrik om opkomende boere te organiseer om praktiese opleiding te ondergaan. Mentors is verantwoordelik daarvoor om vervoer te organiseer en te verseker dat boere opdaag vir opleiding.
- Taalgebruik is dikwels 'n groot probleem, en dus moet opleiers in staat wees om die toepaslike taal te kan praat, hetsy Afrikaans, Engels of Xhosa, en moet 'n tolk gebruik, waar nodig.
- Ongeletterdheid is 'n verdere probleem wat opleiding bemoeilik, deurdat dit meestal ouer mense is wat kwalifiseer as opkomende boere. Meeste van hulle het geen formele skoolopleiding gehad nie. Sulke mense moet nie na formele opleidingsentrums gestuur

word nie, maar na praktiese instellings, soos byvoorbeeld die plaas Prinsloo, waar daar voldoende fasiliteite is om mense prakties op te lei.

Elke projek benodig 'n mentor aangesien elke plaas sy eie unieke probleme het. Individuele aandag aan elke projek is baie belangrik, en die mentor moet spesifieke probleme en behoeftes kan identifiseer en aanspreek. Opkomende boere neig om onrealistiese hoë verwagtinge oor boerdery te hê en verwag dat boerdery al hulle finansiële probleme sal oplos. Hulle word egter ontugter deur die stadige vordering van die projekte, en uiteindelik verlaat hulle die projek. Mentors kan help om opkomende boere van die stadige proses bewus te maak, asook van die ander slaggate van boerdery.

Dit sou ideaal wees om bestaande kommersiële boere as mentors aan te stel, maar dit kan egter ook probleme meebring. Daar is bewyse van gevalle waar gevestigde kommersiële boere suksesvol as mentors vir opkomende boere opgetree het, maar mnr. Wilken glo dat 95% van kommersiële boere nie oor die tyd of finansiële kapasiteit beskik om projekte te mentor nie. Dus kan hulle moontlik gebruik word om voltydse mentors by te staan, sodat projekte na almal se voordeel geskik kan word.

Die verlede het bewys dat dit nie suksesvol is om vorige plaaseienaars aan te stel as voltydse mentors op hul eie plase nie, maar hulle kan gebruik word as assistent-mentors, aangesien hulle die plaas ken met al sy voor- en nadele. Dus, sodra die Regering plase aan mense voorsien het, moet mentors aangestel word om te verseker dat projekte behoorlik bestuur word. Dit kan groei en ontwikkeling verseker tot op 'n punt waar die begunstigdes of individue hul eie plase onafhanklik bestuur.

Mentors moet egter aan sekere kriteria voldoen: Kandidate moet vriendelik en goedgemanierd wees met goeie rasseverhoudinge, en moet in 'n span kan saamwerk – dikwels onder druk en volgens 'n buigsame tydskaal. Iemand wat vorige ondervinding het in die lewering van bystandsdienste, dienste wat begunstigdes assisteer, tesame met 'n goeie praktiese kennis oor die meeste plaasaktiwiteite, sal die mees geskikte kandidaat vir die werk wees. Menseverhoudinge is baie belangrik, en die persoon moet met mense kan kommunikeer, hulle motiveer en konflik kan beheer. Die mentor moet mense kan organiseer vir opleiding en vergaderings, moet verskeie projekte gelyktydig kan hanteer, en moet netwerke vorm met ander instellings soos die Landbank en munisipaliteite. Hy moet sy vaardighede aan begunstigdes kan oordra en moet oor die nodige kennis beskik om vennootskappe te beplan.

Die kandidaat moet basiese berekeninge kan doen, en moet oor die vaardigheid beskik om 'n boekhoustelsiem en 'n besigheidsplan op te stel. Verder moet die persoon rekenaargeletterd wees, met die vaardighede om maandelikse en jaarlikse verslae oor elke projek af te handel, asook basiese wetlike kennis oor trusts en kontrakte. Die mentors beskik nie noodwendig oor al die kennis oor die redes vir suksesse of mislukkings nie, maar omdat hulle op grondvlak werksaam is en prakties met gemeenskappe en projekte werk, kan mentors raad gee oor die belangrikste aspekte van gemeenskapsprojekte.

'n Verdere groot probleem is dat daar nie genoeg bedryfskapitaal beskikbaar is om projekte vol te hou nie. Daar is probleme met die subsidies wat beskikbaar is om 'n opkomende kommersiële boer te vestig. Hierdie stelling kan gestaaf word deur die statistieke van eiendomsagente in die Somerset-Oos distrik, wat dui op die aantal plase wat gedurende 2002 verkoop is: Soos in Tabel 5.1 bereken, is kapitaal van R1 840 000 nodig om 'n opkomende boer op die gemiddelde plaas van 1 400 hektaar te vestig. Bitter min mense kan genoeg kapitaal bymekaarmaak, selfs met die hulp van Regering, om so 'n eenheid te bekom. Die huidige fondse wat beskikbaar is, stel mense slegs in staat om minder produktiewe klein eenhede te koop, en dus word die idee om kommersiële boere in die ware sin van die woord te vestig, nie bewaarheid nie.

Tabel 5.1: Bedryfskoste van plase

Item	Prys in R / eenheid	Totaal Rand
Grond: Plaas van 1 400 hektaar	1 000	1 400 000
100 GVE'e* 60% vroulike diere = 60 GVE'e	4 000	240 000
Voertuie: Bakkie, trekker, basiese implemente	80 000	80 000
Bedryfskapitaal per maand, vir een jaar	10 000	120 000
Totale kapitaal wat benodig word		1 840 000

* GVE'e = Grootvee eenhede. (Bron: Mnr. Chris Wilken, Onderhoud, 2003)

Die enigste manier om hierdie probleem te verbeter is om die glyskaal, wat tans gebruik word om die subsidie te bepaal, te verander. Tans is die glyskaal ten gunste van groter subsidies vir minder insette, en omgekeerd. Dit moet verander word sodat dit ten gunste is van groter subsidies vir individue wat meer tyd en geld in die projekte belê (Chris Wilken, Onderhoud, 2003). Dit kan egter daartoe lei dat slegs sekere meer gegoede individue plase kan bekom,

terwyl die armstes nie sal kan bekostig om plase te bekom nie, en dan is die hele idee van grondhervorming se vermindering van armoede, verloën.

6. SINTESE EN GEVOLGTREKKINGS

6.1 SINTESE

Beleide wat in die verlede geformuleer is, het meerendeels bygedra tot die huidige toestand van armoede onder die grootste gedeelte van die swart bevolking. Huidige eienaarskap van grond en patrone rakende die ontwikkeling van grond, weerspieël nog steeds grootliks die politieke en ekonomiese toestande geskep in die koloniale en Apartheid tydperke. Die feit dat slegs 13% van landbougrond aan die swart bevolking toegeken is, illustreer die toedrag van sake.

Dit was dus te verstane dat grondhervorming en die herverdeling van landbougrond een van die hoekstene van die beleid van die eerste demokratiese regering was, wat in 1994 aan bewind gekom het. Grondhervorming het nie alleen 'n meer regverdigte verdeling van grond ten doel gehad nie, maar ook om die voorheen benadeeldes op te hef, en hul sosio-ekonomiese probleme van armoede te verminder.

Uit die navorsing blyk dit dat grondhervorming en die herverdeling van grond 'n ingewikkelde probleem is wat wêreldwyd bespreek word. Daar is verskeie wyd-uiteenlopende opinies oor die doel van grondhervorming en hoe dit toegepas moet word, en selfs of dit wenslik is of nie. Die Regering se beleid het in sy kort bestaan van minder as 10 jaar gewissel, en die Wêreldbank het ook sy opinie oor die saak drasties verander.

Die belangrikste kenmerk van die eerste fase van die Regering se beleid, soos toegepas deur die destydse Minister van Grondsake, mnr Derek Hanekom, (seksie 2.4) was dat R15 000 per aansoeker geskenk is vir die aankoop van grond, en alles wat met boerdery gepaard gaan. Hierdie bedrag kon met lenings van die Landbank aangevul word. Duidelik was dit te min geld om 'n plaas in bedryf te koop en 'n landboubedryf te vestig. Gevolglik moes voornemende boere in groepe hulle toekennings saamgooi om genoeg kapitaal te kry. Dit het bestuurs- en verhoudingsprobleme meegebring, bo en behalwe die probleem dat die inkomste uit so 'n bedryf deur baie gedeel moes word, en soms te min was vir 'n redelike bestaan.

Met die nuwe (Mbeki) regering wat in 1999 verkies is, het 'n nuwe Minister van Grondsake, Thoko Didiza, die beleid aansienlik aangepas. Die mikpunt vir die herverdeling van 30% van die landbougrond is nou uitgestel tot 2015. Verder kan aansoekers nou soveel as R100 000 kry, afhangende van hoeveel hulle self kan bydra in geld en ervaring. Dié beleid, die 'Grondherverdelingsprogram vir die Ontwikkeling van Landbou' het egter ook tekortkominge. Een klage is dat beter-af aansoekers 'n groter kans staan om groter lenings te

kry as arm aansoekers. Dit ondergrawe een van die oorspronklike doeleindes van grondhervorming, naamlik om arm mense op te hef. Volgens dié kritici fokus die Program te veel op kommersiële landbou, en te min op armer mense wat belang stel in bestaansboerdery en 'n plek om te bly.

Die Wêreldbank is ten gunste van 'n markgebaseerde sisteem vir grondhervorming wat fokus op kleinskaalse boerdery. Tog het navorsing getoon dat ontwikkeling in 'n vrye-markstelsel, nie die behoeftes van armes sal aanspreek nie. Kleinboere beskik ook nie altyd oor hul eie kapitaal om groter plase lewensvatbaar te bestuur en onderhou nie. Verder wil nie alle landelike armes grond bekom vir kommersiële boerdery nie. Hulle wil soms net genoeg grond hê vir 'n huis en om kos vir hul huishoudings te produseer.

Daar is verskeie argumente vir en teen grondhervorming, asook verskeie teorieë rondom die hele kwessie van armoede, ontwikkeling en grondhervorming (Hoofstuk 3). Die meeste hiervan stel dit dat ontwikkeling gepaardgaan met ekonomiese groei, maar navorsing het getoon dat dit nie noodwendig die geval is nie. Ekonomiese groei alleen vergroot dikwels net die gaping tussen die armes en die élite, deurdat slegs die élite's toegang het tot hulpbronne

Die ekonomiese argument van Rashid (2000) teen grondhervorming stel dat geen demokrasie daardie spesifieke soort grondhervorming kan voorsien wat nodig is vir vrede en stabiliteit nie, en dat die huidige tendens van grondhervorming eintlik oneffektief is. Markgebaseerde grondhervorming is nie altyd suksesvol nie, aangesien die markstelsel meestal net die rykes insluit. Dit impliseer die uitsluiting van arm groepe van die samelewing, wat die kwessie van armoede kan vererger.

Uit die sosio-ekonomiese analise van die Cradock en Somerset-Oos distrikte (Hoofstuk 4) blyk dit dat daar 'n groot mate van armoede en werkloosheid is (81% van swart gesinne het 'n inkomste onder R1 000 per maand en die werkloosheidsverhouding is 43% vir swart mense). Die landelike bevolking het egter sterk gedaal oor die afgelope dekade. Nogtans was daar in 1996 7 000 swart mense en 4 500 bruin mense in die landelike deel van dié distrikte. Dit dui, volgens berekening, dat altesaam ongeveer 1 150 gesinne moontlik kan baat by grondherverdeling. Dit is egter nie werklik moontlik om so 'n groot aantal kleinboere in hierdie distrikte te vestig nie, omdat die grond 'n lae drakrag het, wat groot plase verg.

Die streekproef van drie gevalle (Hoofstuk 5) was te klein om enige statisties verantwoordbare gevolgtrekkings te maak. Tog dek hulle drie uiteenlopende gevalle, en het

van die probleme wat in die beleid (Hoofstuk 2) en teorie (Hoofstuk 3) oor grondhervorming aan die lig gekom het, gedemonstreer.

Gevallestudie 1 was van 'n transformasie wat suksesvolle verloop het, hoofsaaklik omdat die begunstigdes 'n familie is met vorige ondervinding van landbou. Gevallestudie 2 het misluk, hoofsaaklik omdat 60 aansoekers, meeste sonder enige landbou ondervinding, saam die plaas gekoop het. Die derde geval gaan oor die rol van mentors.

6.2 AFLEIDINGS

Uit die navorsing en die gevallestudies het 'n aantal belangrike aspekte na vore gekom wat nodig is vir die suksesvolle implementering van die Regering se beleid oor grondhervorming, en die suksesvolle vestiging van opkomende boere. Die belangrikste van die aspekte sal hier gelys word.

Ondersteuningsdienste: Grondhervorming kan slegs suksesvol wees mits die Regering ondersteuningsdienste, soos opleiding en deurlopende inligting, aan begunstigdes verleen om hulle in staat te stel om die plaas effektief te bestuur, en help met die aankope van implemente, vee en saad.

Dit is veral ter sake waar die nuwe boere min ondervinding van landbou het. Die regering moet bestuur op grondvlak toepas, om sodoende die momentum van projekte te behou. Sodra grond aan die begunstigdes verskaf is, moet seker gemaak word dat die projek behoorlik bestuur word, tot 'n punt waar begunstigdes self die projek kan bestuur.

Mentorskappe: 'n Effektiewe manier van ondersteuning is deur 'n mentor aan te stel wat 'n nuwe boer bystaan. Die bystand van kommersiële boere in die omgewing as mentors kan 'n belangrike bydrae lewer. 'n Mentorskap vorm die praktiese skakel in die proses van grondhervorming aangesien 'n mentor help om die boerdery te fasiliteer, leiding te gee oor belangrike besluite, en help om nuwe boerderyvaardighede oor te dra. Mentors moet ook help met die opstel van besigheidsplanne vir 'n voorgestelde boerderyprojek. Hy/sy fasiliteer ook skakeling tussen die nuwe boer, die Departement Grondsake en die Landbank.

Finansiering: Dit is duidelik dat fondse om 'n boerdery op dreef te kry, veral in die eerste paar jaar, 'n groot probleem is. Dit is 'n aspek wat deskundige aandag moet kry, want duidelik is fondse nie onbeperk nie.

Samewerking van owerhede: Die sosiale, ekonomiese en politieke aspekte van armoede is onlosmaakbaar deel van mekaar, en armoede moet in al drie hierdie dimensies aangespreek word. Nasionale-, provinsiale- en plaaslike sferes moet saamwerk in 'n konstruktiewe vennootskap om grondhervorming suksesvol te implementeer. Ook vennootskappe tussen die staat, private- en nie-regeringsektore is noodsaaklik.

Die debat oor of groter of kleiner plase die aangewese weg is om te volg, sal nie hier herhaal word nie, want die moontlikheid van kleiner plase is nie werklik in die Cradock en Somerset-Oos distrikte haalbaar nie. Die drakrag van die grond is baie laag, en dit is nie prakties om op klein plase te boer nie, nie eens vir bestaansboerdery nie.

Grondhervorming maak 'n belangrike deel van landelike ontwikkeling uit, en behoort deel te wees van 'n breër, integrerende benadering wat gebaseer is op die skep van welvaart deur, onder andere, die ontwikkeling van vaardighede en bemagtiging van gemeenskappe. Indien die verkoop van grond plaasvind op die basis van gewillige kopers en gewillige verkopers, kan dit bydra tot nasionale stabiliteit en vrede. Daar moet onderskeid getref word tussen mense se regte en hul pligte. Dit is die enigste manier hoe grondhervorming wel daartoe kan bydra om armoede en ander sosio-ekonomiese probleme te verminder.

6.3 TER AFSLUITING

Die doel van hierdie werkstuk was om die potensiele impak van grondhervorming en grondherverdeling op die sosio-ekonomiese ontwikkeling, en veral armoede-verligting van die landelike bevolking van twee distrikte in die Oos-Kaap, naamlik Somerset-Oos en Cradock, na te vors. Daar is ook gekyk na hoe die implementering van grondhervorming en grondherverdeling moontlik kan bydra tot, of afbreuk doen aan die sosio-ekonomiese welvaart van die landelike bevolking van die Cradock- en Somerset-Oos- distrikte. Dit is gedoen aan die hand van die regering se beleid oor grondhervorming en die teorieë daarvoor.

'n Duidelike gevolgtrekking is dat die beleid tot dusver min impak op die distrikte gehad het, en dat, weens die lae potensiaal van die distrikte, dit waarskynlik min impak in die toekoms sal hê. Nogtans kan die effektiewe toepassing van grondhervorming 'n positiewe bydrae lewer tot die sosio-ekonomiese opheffing van die bevolking, terwyl die swak toepassing daarvan armoede en ellende kan vererger.

Dit is duidelik dat daar nog verdeeldheid is oor die aard en omvang wat grondherverdeling behoort aan te neem. Dit lyk asof 'n praktiese benadering, wat nie die markmeganisme ignoreer nie, meer kans op sukses het as 'n sosialistiese benadering. Die punte hierbo gelys

kan bydra tot verbetering van die sisteem. Feit is egter dat landbou 'n kwynende sektor van die ekonomie is wat slegs 'n klein bydrae kan lewer tot die uitwissing van armoede.

Ek sluit af met die volgende kwotasie van President Abraham Lincoln (Lincoln, ongedateer):

“You cannot strengthen the weak

By weakening the strong.

You cannot help small men

By tearing down big men.

You cannot help the poor

By destroying the rich.

You cannot help the wage earner

By pulling down the wage payer.

You cannot keep out of trouble

By spending more than your income.

You cannot further the brotherhood of man

By inciting class hatreds.

You cannot establish security on borrowed money.

You cannot build character and courage

By taking away a man's initiative and independence.

You cannot help men permanently

By doing for them what they

Could and should do for themselves.”

VERWYSINGS

- African National Congress (ANC) 1994: **The reconstruction and development programme**. ABC Book Printers, Cape Town.
- Afrikanerbond, Die: **Standpundokument oor landelike ontwikkeling**. 16 Junie 2000. [<http://www.afrikanerbond.org.za/StandLandOntw16%206%2000.pdf>].
- Bernstein, H. 2003. In **Transformation: Critical perspectives on Southern Africa**. Focus on Land Reform. Programme of Economic History. University of Natal.
- Bonti-Ankomah, S. & Fox, G. 2000. Property Rights and Land Use Regulation: A Comparative Evaluation. **Agrekon**. Volume 39 (3). September 2000.
- Botma, B. 2000. **Grondhervorming moet slaag**. [<http://www.landbou.co.za/LandbouWeekblad/Grond/0,5471,129413101299779,00.html>].
- Burkey, S. 1993. **People first – A guide to self-reliant, participatory rural development**. Zed Books: London.
- Claassen, P E. 2002. **The role of environmental management (spatial planning, development planning & conservation of the natural environment) in promoting sustainable development in South Africa**. NRF Research Project, School for Public Management and Planning, University of Stellenbosch
- Coetzee, J. K., Graaff, J., Hendricks, F. & Wood, G. (Eds.). 2001. **Development theory, policy and practice**. Oxford University Press: Oxford.
- Cradock Munisipaliteit. 2003. [<http://www.cradock.co.za>].
- Cradock Toerismeburo. 2003. Persoonlike onderhoud.
- De Janvry, A., Gordillo, G., Platteau, J.P. & Sadoulet, E. 2001. **Access to land, rural poverty and public action**. A study prepared for the World Institute for Development Economic Research of the United Nations University. Oxford University Press: Oxford.
- Deininger, K. & May, J. 2000. **Is there scope for growth with equity? The case of land reform in South Africa**. School of Development Studies. University of Natal. Durban. [<http://www.ids.ac.uk/eldis/equity.htm>].
- Departement Grondsake. 1997. **Witskrif op Grondhervorming in Suid-Afrika**. [http://www.polity.org.za/html/govdocs/white_papers/landwp02.html].
- Departement Landbou. 2003. **Die huidige werklikheid van die Suid-Afrikaanse landbou**. [<http://www.nda.agric.za>].
- Departement Landbou en Grondsake. 1997. **Food security policy for South Africa: A discussion document**. Food security Working Group.

- Department of Agriculture. 2002. **Policy framework for the LRAD support package**. 1 September. Pretoria.
- Department of Land Affairs. 1998. **Annual report**. [http://www.land.pwv.gov.za/publications/Annual_Report/98_Annualreport/Chapter3.html].
- Department of Land Affairs. 2001. **Land redistribution for agricultural development: A sub-programme of the land redistribution programme**.
- Didiza, T. 2002. The importance of successful land reform in South Africa. **LANDinfo**. Volume 9 (1):4-6.
- Dithlake. 1998. In **Transformation: Critical perspectives on Southern Africa**. Focus on Land Reform. Programme of Economic History. University of Natal.
- Du Preez, J. 2002. **Spanpoging nodig vir grondhervorming**. [http://www.landbou.com/-LandbouWeekblad/LandbouWeekbladArticle/0,5471,1294_1288028,00.html].
- Ebedes, G. 2002. Landbou NEPAD se kragbron. **Landbouweekblad**. 20 Desember 2002.
- Fouché, J. 2002. **Grondhervorming 'n prioriteit**. [http://www.landbou.com/LandbouWeekblad/LandbouWeekbladArticle/0,5471,1294_1278763,00.html].
- Giddings, B., Hopwood, B. & O'Brien, G. 2002. Environment, economy and society: Fitting them together into sustainable development. **Sustainable development**. Volume 10 (4). Sustainable Cities Research Institute. Newcastle upon Tyne.
- Gelderbloem, J. 2003. Blink toekoms lê voor – beter om te deel as later alles te verloor. **Die Burger**. 2 Desember 2003.
- Godden G. F. 1977. In Page, D. 1982. **Strategies and guidelines for the physical development of the Republic of Ciskei**. Institute for Planning Research. University of Stellenbosch.
- Hendricks, F. 2001. Land Policies and democracy. Chapter 17 in Coetzee, J. K., Graaff, J., Hendricks, F. & Wood, G. (Eds.). 2001. **Development theory, policy and practice**. Oxford University Press: Oxford.
- Institute for African Development. 2000. [http://www.inadev.org/profile - south_africa.htm].
- Johnson, R. N. 2003. **Nozick: The entitlement theory**. [<http://www.missouri.edu/~philrnj/nozick.html>].
- Kassier, E. 2002. Swart middelklas noodsaaklik. **Landbouweekblad**. 20 Desember 2002.
- Kilcullen, R. J. 1996. **Robert Nozick: Against distributive justice**. [<http://www.humanities.mq.edu.au/Ockham/y64117.html>].
- Kirsten, J.F. 1994. **Agricultural support programmes in the developing areas of South Africa**. Unpublished PhD dissertation. University of Pretoria. Pretoria.

- Kirsten, J. & Sartorius, K. 2002. Linking agribusiness and small-scale farmers in developing countries: is there a new role for contract farming?. **Development South Africa**. Volume 19(4). October 2002.
- Lahiff, E. 2001. **Transformation: Critical perspectives on Southern Africa**. Focus on Land Reform. Programme of Economic History. University of Natal.
- Lewies, W. 2002. Help nuwe boere, of verloor alles. **Landbouweekblad**. 20 Desember.
- Lincoln, A. Ongedateer. Direkte aanhaling vanaf Cardies geskenk-kaartjie.
- Mapadimeng, M. S. 2003. In **Transformation: Critical perspectives on Southern Africa**. Focus on Land Reform. Programme of Economic History. University of Natal.
- Marais, J. 2003. Persoonlike onderhoud by Cradock Landbank op 15 Januarie 2003.
- Martinez, E. & Garcia, A. 2000. **What is "New Liberalism?" – A Brief Definition**. [<http://www.globalexchange.org/campaigns/econ101/neoliberalDefined.html.pdf>].
- Matlala, M. 2002. Land central to humanity, dignity and survival. **LANDinfo**. Department of Land Affairs. Volume 9(2).
- Mkhondo, R. 2002. **Banking on land reform**. [<http://www.leadership.co.za/issues-/2002feb/articles/landbank.html>].
- Mohr, P., Fourie, L. & associates. 2000. **Economics for South African students**. Van Scaik publishers.
- Mokoena, R. 2001. **The interaction between the Land Redistribution Programme and the land market in South Africa: A perspective on the willing-buyer/willing-seller approach**. Cape Town: Programme for Land and Agrarian Studies. University of the Western Cape.
- Muller, A. 2003. Persoonlike klasnotas, Skool vir Openbare Bestuur en Beplanning, Universiteit Stellenbosch.
- Mullins, D. 2001. **Land reform, poverty reduction and HIV/AIDS**. Paper presented at the SARPN conference on Land Reform and Poverty Alleviation in Southern Africa. Pretoria.
- Neumayer, E. 1999. **Weak versus strong sustainability: Exploring the limits of two opposing paradigms**. Elgar: Cheltenham.
- Ngqangweni, S., Kirsten, J. F. & Delgado, C. 1999. Exploring Growth linkages in a South African smallholder farming area. **Agrekon**. Volume 38 (4):585-586, 592. December 1999.
- Nieuwoudt, R. 2003. Persoonlike onderhoud.

- O'Connor, J. 1994. Is sustainable capitalism possible? In **Is capitalism sustainable?** O'Connor, M. (Ed). Guilford: New York.
- Odoro, K. 2002. **Land reform and regional development in Zimbabwe**. Department of Rural and Urban Planning. University of Zimbabwe.
- Page, D. 1982. **Strategy and guidelines for the physical development of the Republic of Ciskei**. Institute for Planning and Research. University of Stellenbosch.
- Panos Institute. 2002. **Reducing Poverty – Is the World Bank's strategy working?**. Report No.45. London.
- Peele, K. 2002. Tap alle beskikbare kennis. **Landbouweekblad**. 6 Desember 2002, p12.
- Prinsloo, H. 2003. Departement Grondsake. Port-Elizabeth. E-pos onderhoud op 29 Junie 2003.
- Radio Pretoria Nuuskomentaar. **Grondhervorming**. 16 April 1998. [http://www.proagri.co.za/uitgawe_17/17-15_Grondhervorming.htm].
- Rashid, S. 2000. **Is land reform viable under democratic capitalism?** University of Illinois. [<http://www.cba.uiuc.edu/research/000127paper.pdf>].
- Readers Digest. 1988. **Illustrated history of South Africa – The real story**. Reader's Digest Association. South Africa. Cape Town. (Consultative editor Christopher Saunders et al).
- Republic of Ciskei. 1983. **Report of the commission of enquiry into the economic development of the Republic of Ciskei**. Office of the Presidency. 4 December 1983.
- Riad El-Ghonemy, M. 1990. **The political economy of rural poverty: The case for land reform**. Routledge: New York.
- SENWES. 2000. **Grondbesit – politici moet konflikpotensiaal ontloot**. Oktober 2002. [http://www.senwes.co.za/senwester/articles/2002/0210_grondbesit.htm].
- Slabbert, L. Persoonlike onderhoud met boer van Aberdeen in Julie 2003.
- Sobhan, R. 1993. **Agrarian reform and social transformation – Preconditions for development**. Zed books: London
- Somerset-Oos Munisipaliteit. 2003. [<http://www.somerseteast.co.za/sew.htm>].
- Statistiek Suid-Afrika. 2000 [<http://www.statssa.gov.za>].
- Statistiek Suid-Afrika 1996: **Sensus 1996**. SuperSTAR sensusprogram. Verwerkte inligting.
- Swilling, M. 2003. Persoonlike klasnotas. Skool vir Openbare Bestuur en Beplanning, Universiteit van Stellenbosch.
- Theron, F. 2001. Persoonlike klasnotas. Skool vir Openbare Bestuur en Beplanning, Universiteit Stellenbosch.

- Trainer, T. 2002. Development, charity and poverty: The appropriate development perspective. **International Journal of Social Economics**. Volume 29 (1). University of New South Wales. Sydney. Australia.
- Treanor, P. 2003. **The politics of John Rawls**. [<http://web.inter.nl.net/users/Paul.Treanor/rawls.html>].
- Turner, S. 2002. **Land and agrarian reform in South-Africa: A status report**. Programme for Land and Agrarian Studies. Norwegian Institute of Human Rights. Norway.
- Union of South Africa 1955. **Commission for the socio-economic development of the Bantu areas within the Union of South Africa**. Government Printer, Pretoria.
- Van der Veen. 2003. Afrika. **Die Burger**. 24 Mei 2003:16.
- Van Eck H J (Chairman) 1944: **Regional and town planning**. Social and Economic Planning Council, Pretoria.
- Van Rooyen, C. & Groenewald, A. 2002. **Grondhervorming móet slaag**. [http://www.landbou.co.za/LandbouWeekblad/Grond/0,5471,12941310_1299779,00.html].
- Van Zyl, J., Kirsten, J. & Binswanger, H. P. (Eds.). 1996. **Agricultural land reform in South Africa: Policies, markets and mechanisms**. Oxford University Press. Cape Town.
- Vink, N. & Tregurtha, N. 2002. **Poverty and development**. Department of Agricultural Economics. University of Stellenbosch.
- Von Blankenburg, P. 1994. **Large commercial farmers and land reform in Africa: The case of Zimbabwe**. Institute of Socio-Economic Agricultural Development. University of Berlin. Avebury.
- Weber, W. Help nuwe boere, of verloor alles. **Landbouweekblad**. 20 Desember 2002.
- Wilken, C. J. 2002. **Mentorship in the western region of the Eastern Cape**. Somerset East.
- Wilken, C. J. 2003. **Zama Ukuphila Trust: 2002 Comments on project planning**. Personal notes. Somerset East.
- Williams, G. 2000. **Policies and prospects: Land reform in South Africa**. Workshop on the Politics of Land Reform in the New South Africa. Development Studies Institute (DESTIN). London School of Economics. London.
- Windfuhr, M. 2000. **Agrarian reform: A human rights obligation**. [http://www.fian.org/english-version/arc_do2.htm].
- Winter, K, & Oelofse, C. 2001. **Oxford senior atlas for Southern Africa**. Oxford University Press.

Workshop on Urban Sustainability. 2000. **Towards a comprehensive geographical perspective on urban sustainability.** Rutgers University. New Brunswick. NJ.

World Bank. 2003. **Poverty issues.** [<http://www.worldbank.org>].

BYLAE

Vraelys aan Regeringsamptenare

- 1 Wat is die huidige probleem met die grondhervormingsituasie in die Oos-Kaap?
- 2 Is u van mening dat die huidige grondhervormingsprogram werklik in sy sosio-ekonomiese doel slaag, naamlik om die armstes in die gemeenskap aan te spreek en armoede te verminder?
- 3 Tot watter mate word gevalle van grondhervorming opgevolg deur dorpstigting?
- 4 Hoe kan instansies betrokke by grondhervorming hierdie implikasies verminder/elimineer?
- 5 Hoeveel aansoeke kry u gemiddeld per jaar?
- 6 Hoeveel aansoeke word toegestaan?
- 7 Hoeveel boerderyopogings is werklik suksesvol?
- 8 Tot watter mate verskaf u addisionele befondsing vir byvoorbeeld die aankoop van trekkers en saad?
- 9 Wat word gedoen om suksesvolle boerdery te verseker?
- 10 Word persone met MIV/VIGS uitgesluit van die grondhervormingsprogram?
- 11 Bied u tans enige bystand in terme van opleiding vir nuwe boere?
- 12 Hoeveel aansoeke vir grond is goedgekeur in spesifiek die Cradock- en Somerset-Oos distrikte?
- 13 Hoeveel van hierdie aansoekers het 'n sukses van die nuwe plaas/onderneming gemaak?

Antwoorde van Mnr. Henk Prinsloo, Departement Grondsake, Port-Elizabeth

- 1 Die vraag voorveronderstel 'n probleem met die program, maar ja, daar is verskeie dinge wat as uitdagings gesien kan word, terwyl daar ook verskeie suksesse, ens. is. Ek sou sê die grootste knelpunte wentel rondom hulpbronne, dit wil sê personeel en finansies. Ons het tans 30 grondhervormingsbeamptes in die Oos-Kaap en almal van hulle word maar in diens opgelei – alhoewel hulle almal een of ander tersiêre kwalifikasie het, is daar geen kursus wat regtig 'n noemenswaardige deel van wat van so 'n beampte verwag word nie. Dit neem dus minstens 'n jaar tot drie in diens voordat 'n beampte die werk behoorlik kan doen. Verder is ons tans besig om vinnig te beweeg in 'n rigting waar ons nie meer geld beskikbaar gaan hê vir onmiddellike implementering van projekte nie – projekte sal basies op 'n “waglys” geplaas word vir befondsing, omdat die (simplisties gestel) Regering tans nie genoeg geld het vir grondhervorming opsy sit nie – ons hoop egter dit sal verander. 'n Derde knelpunt wentel om die feit dat baie mense wat aansoek doen vir die subsidie om grond te koop, nie die nodige kennis en vaardighede het om volskaals op hulle eie te boer nie. Vierdens is die subsidie so gestruktureer dat dit mense bevoordeel wat reeds 'n paar bates opgebou het ('n paar stuks vee en/of implemente ens.). Dit is dus moeiliker vir die heel armes om grond te bekom, alhoewel ons darem heelwat sulke projekte het.

- 2 Ja, beslis, alhoewel dit reeds 'n verskil maak in baie mense se lewens, dink ek dat werklike voordele nie op die kort en medium termyn gemeet sal kan word nie. Dit sal in baie gevalle 'n generasie of twee neem vir mense om werklik die sigbare sosio-ekonomiese voordele te realiseer – grootliks vanweë mense se beperkte vaardighede en visie.
- 3 Nee, ek weet nie of jy vra of grondhervormingsprojekte tot onbeplande nedersettings lei nie? As dit jou vraag is: Dit gebeur nie in die Oos-Kaap nie. Grondhervorming maak egter voorsiening vir die aankoop van grond vir dorpsstigting asook finansiering vir grootmaat dienste. In die Oos-Kaap spandeer ons 'n groot deel van ons begroting op sulke projekte.
- 4 Nie van toepassing in die Oos-Kaap nie, maar waar dit 'n probleem is, sou ek sê hulle moet grond voorsien vir dorpsstigting en behuising op 'n geordende basis.
- 5 Dit hang natuurlik af van hoe jy "aansoek" definieer – baie navrae/aansoeke bly bloot navrae of kwalifiseer nie in terme van ons kriteria nie. Ek sou sê rofweg 'n 250 na 350 per jaar, waarvan ons so 100 na 180 per jaar afhandel, afhangende van wat jy alles tel. Wanneer Tenure Reform met ESTA en Title Adjustments ingesluit word, gaan dit seker na 250 projekte toe, wat afgehandel word.
- 6 Sien die antwoord hierbo.
- 7 Sien my antwoord by vraag 2. Dit hang weereens af van hoe jy sukses sal definieer. Tans is ons kriteria vir goedkeuring baie strenger vanweë die beperktheid van fondse, en daarom is die kwaliteit van projekte oor die algemeen beter. Jammer, dit is maar 'n vae antwoord, maar ek dink 'n mens kan nie op hierdie stadium (minder as twee of drie jaar na die afskop van 'n projek sê of dit 'n sukses of mislukking is of gaan wees nie, en ons glo hulle gaan meestal, indien nie almal nie, suksesvol wees).
- 8 Dit gebeur dikwels en hang alles af van die struktuur en aard van die projek.
- 9 Eerstens ons streng keuringskriteria, vervolgens kyk ons na vaardighede en ervaring in die groep, help met die aanstel van mentors of bestuurders indien nodig, sorg dat die Departement van Landbou hulp en advies verleen en reël ook vir opleiding indien nodig.
- 10 Nee, ons probeer tans juis spesiale moeite doen om sulke projekte van stapel te stuur.
- 11 Sien vraag 9. Ons finansier dit egter nie self nie, maar reël met die Departement van Arbeid en ander instansies. In sekere gevalle finansier ons direk 'n beperkte mate van opleiding, wat kan deurgaans as fasilitering van projekte en soms betaal ons vir die aanstel van 'n mentor.
- 12 Die aantal aansoeke is ietwat moeilik om te sê – dit hang alles af van hoe jy 'n aansoek definieer. Maar amptelik volgens ons lys van projekte, was daar 6 aansoeke vir Somerset-Oos en 7 vir Cradock. Ses van die aansoeke is goedgekeur – drie in elkeen van die distrikte.
- 13 Sukses...wat is sukses? Hoe meet jy dit en oor watter tydperk? 'n Jaar, drie jaar, 'n dekade of eerder in terme van 'n generasie? Maar om te probeer antwoord: al ses die projekte is aktief en die mense is op die grond besig, sommige meer suksesvol as andere, maar dit sal baie tyd en plek neem om dit in meer detail te bespreek.

Vraelys aan begunstigdes

- 1 Waarom wou u die grond besit en hoe het u die grond bekom?
- 2 Hoeveel begunstigdes “besit” tans die grond?
- 3 Hoeveel van hierdie eienaars/begunstigdes bewerk fisies die grond?
- 4 Het u enige vorige opleiding in boerdery?
- 5 Word enige addisionele fondse verkry van byvoorbeeld die Departement Grondsake?
- 6 Dink u dat die huidige grondhervormingsbeleide armoede verlaag, en tree die Regering in belang van die armes of homself op?
- 7 Boer u uit vrye keuse of as gevolg van materiële gebrek?
- 8 Het u moderne toerusting om die grond te bewerk? Indien wel, het u die nodige kennis om nuwe tegnieke/toerusting suksesvol te gebruik?
- 9 Het u ‘n mate van selfrespek tydens hierdie leerproses ontwikkel?
- 10 Hoe dink u behoort grondhervorming plaas te vind (stadiger/vinniger)?

Antwoorde: Eienaar A van plaas B

- 1 Die plaas was in die mark en ons het aansoek gedoen by die Landbank.
- 2 Ons was 60 begunstigdes, maar 58 woon en werk nie meer op die plaas nie. Ons is slegs twee wat oor is van die oorspronklike eienaars, met twee nuwe eienaars, wat gesamentlik die grond huur.
- 3 Ons vier huurders, saam met my vrou, wat help met die voer van die vee en by die melkery.
- 4 Ek het ‘n paar jaar by die Cradock Proefplaas gewerk, en het dus redelik ondervinding daar opgedoen.
- 5 Nee. Ons kan seker nog ‘n lening by die Landbank uitneem, maar ons het alreeds ‘n groot lening aangegaan en betaal te swaar af aan die rente.
- 6 Die nuwe beleid werk seker beter as die vorige een, maar die regering moet ekstra geld bygee, buiten die subsidies, sodat ons kan voer en vee koop. Net om ons bietjie op die been te kry. Die regering het baie grond, maar stel dit nie beskikbaar nie. Ek dink nie die wittes se grond moet afgevat word nie, tensy hulle baie skuld op die plaas het of nie ekonomies vooruit boer nie. Dan moet iemand anders die kans kry om te boer.
- 7 Ek is weg by die Cradock Proefplaas, en wou nie ledig sit nie. Ek was gewoon aan hard werk, en toe kom die plaas in die mark en ek besluit om aansoek te doen vir die subsidie. Dus het ek uit vrye wil begin boer, maar met al die skuld, sukkel dit maar. Ek is oud, en dis harde werk. Maar ons skuld te veel geld en kan dit nie nou net los en die plaas tot niet laat gaan nie, dan verloor ons alles wat ons al in die plaas ingesit het.
- 8 Nee. Die implemente wat ons saam met die plaas moes koop, was stukkend, en ons het nie van beter geweet nie. Die Landbank moes ons gehelp het om te kyk of byvoorbeeld die ploeg reg werk, maar niemand het ons bygestaan nie, en ons het aanvaar alles is in werkende toestand. Toe koop ons die stukkende goed. Ons het nie geld vir nuwes nie. Ons kan soms die trekker van Padwerke

leen, maar dis nou net as hulle nie paaie maak nie. Ander boere help ons ook met implemente, maar ons kan dit slegs huur as hulle nie self besig is om te ploeg nie. En dikwels is ons oeste saam met hulle s'n ryp, en dan verloor ons groot dele van die oes, omdat ons nie die toerusting het om dit van die lande af te kry nie. Ek glo ek kan nuwe tegnieke toepas, want ek het lank op die Proefplaas gewerk.

- 9 Ja. Ek het geleer dat harde werk goed is vir my. Ek kan nie rondsit nie. Dis lekker om te sien hoe die lusern groei, maar dan sien ek ook die onkruid wat tussenin opkom, en ons het nie geld vir pesdoders of genoeg werkers om die land te skoffel nie. Dit breek my moed.
- 10 Grondhervorming moet vinniger plaasvind, maar wit boere se grond moenie net afgevat word soos in Zimbabwe nie. Grond moet vinniger beskikbaar gestel word, maar die leerproses moet stadiger plaasvind. Mense moenie plase kry as hulle nie wil werk nie. Dis harde werk. Ek dink mentors is 'n manier om mense te leer om vir hulle self te sorg.

Antwoorde: Mnr. C van plaas B

- 1 Ek het gedink ek gaan baie geld maak as ek 'n plaas het. Ek het aansoek gedoen by Landbank.
- 2 Ons was 60, maar 58 van ons wou nie meer verder boer nie, toe kom ons terug dorp toe. Daar is nou net twee van die oorspronklike eienaars oor, saam met twee nuwe huurders.
- 3 Ek weet nou nie.
- 4 Nee.
- 5 Ons het nie geld gekry aan die begin nie. Dis hoekom ons so gesukkel het.
- 6 Dit het nie onse armoede verlaag nie. Ek het die geld gekry, ons het die plaas gekoop, nou sit ek weer sonder die geld en sonder die plaas. Ek weet nie.
- 7 Ek wou boer omdat ek nie geld en werk gehad het nie.
- 8 Die implemente wat ons saam met die plaas gekoop het, was stukkend. Niemand het ons gesê nie. Ek weet nie hoe om daarmee te werk nie.
- 9 Ek weet nie.
- 10 Ek weet nie. Ek wil die grond hê, maar ek weet nie hoe om dit te bewerk nie en hoe om die geld te kry nie.

Antwoorde: Mnr. Vuyisile Lena (begunstigde op Prinsloo)

- 1 Die Staat het die grond gekoop, ek het gehoor daarvan en aansoek gedoen. Ek was 'n kantoorwerker, maar die winkel het toegemaak en ek kon nie my familie onderhou nie. Toe sien ek die kos op die lande, en wou graag fisies hard werk om vir ons 'n lewe op te bou.
- 2 Daar is 50 aansoekers, waarvan 18 vrouens en een 'n jong seun is.
- 3 Ons almal.
- 4 Nee, ek het maar eers hierso kom leer.
- 5 Amerika help met geld, maar dit moet weer alles terugbetaal word met rente.

- 6 Ja, maar net as die mense werk vir hulle geld.
- 7 Ek het materiële gebrek gelei, maar ek boer uit vrye keuse ook.
- 8 Nee, ons het nie eers 'n trekker nie.
- 9 Ja, definitief!
- 10 Mense moet eers leer voordat hulle kan plase kry. Landbou kan arm mense help wat wil gehelp wees en wil werk, maar iemand moet eers help en hulle leer en bystaan.

Antwoorde: Mnr. Xolisa Banda (begunstigde op Prinsloo)

- 1 Ons het aansoek gedoen by Mnr. Wilken, dit is goedgekeur. Ons het aanvanklik met hoenders begin boer, maar dit het nie gewerk nie. Toe het ons begin gewasse plant en met vier beeste begin boer, wat ook nie baie suksesvol was nie. Ek het nog altyd 'n begeerte gehad om grond te hê en 'n plaas te hê. Werk is skaars op die dorp. Toe hoor ek van die grond en ek weet dat ledigheid is die duiwel se oorkussing, en ek wou hard werk, maar is nog nooit die voorreg gegee nie.
- 2 Ons is 50 aansoekers.
- 3 Ons werk nog almal, slegs dié wat dood is, is weg.
- 4 Ja, ons moet agter die goed kyk, doseer en self melk.
- 5 Amerika help met geld, maar ons moet alles weer terugbetaal met rente. Mnr. Wilken doen ons boeke.
- 6 Ja en nee. Dit sal armoede bietjie verlig. Regering help die armes.
- 7 Ja, ek boer uit vrye keuse.
- 8 Nee, ons het geen trekker, moet huur.
- 9 Ja, ons het trots opgebou. Niemand kan net ons grond afvat nie.
- 10 Dit moet 'n lang proses wees, nie soos in Zimbabwe.

Antwoorde: Mev. Margie Lazarus (Voorsitter van Zama Ukuphila Trust)

- 1 Ek is 'n begunstigde, maar werk nie self op die plaas nie. Ouers het 'n kleinhoewe gehad, maar dit is ons ontnem, en ek het betrokke geraak by die Restitusieprogram.
- 2 50 begunstigdes.
- 3 Almal werk op die grond.
- 4 Nie formele opleiding in boerdery nie, maar doen 'n opleiding deur die pos oor hoe om grond te bewerk.
- 5 Baie beloftes vanaf Regering – die MEC van die Oos-Kaap beloop geld vir 'n nuwe trekker, maar ons het nog niks gekry nie. Alles neem te veel tyd.
- 6 Mense verarm deurdat hulle geen kennis het nie. Hou blanke boere op grond – huur hom om te help. Dit kan positief wees indien Regering grondhervorming reg aanpak. Geld is grond! Regering maak beloftes van grond, geld, ens. Om stemme te werf vir die opkomende verkiesing.

- 7 NVT
- 8 “Land of Lakes” in Amerika wil mense oplei om bokmelkkaas te maak – moet gereedskap aankoop, en dit word alles geborg deur Amerika. Einde Augustus word almal geleer – dit moet bemark word in byvoorbeeld groot stede soos Sandton, en Amerika behartig die bemarking.
- 9 Sommiges inherent lui van geaardheid (drink), maar ander voel hulle baat daarby. Ek probeer die mense dissiplineer, maar dis makliker om met die vroue te werk. Ek probeer hulle bietjie vasvat, en hulle besig hou, deur byvoorbeeld deur tuin te maak. Hulle drink te veel.
- 10 Iemand moet toesig hou en die mense oplei. Dis ‘n onding om plase net af te vat – dit kan net werk met die regte leiding. Dit gaan daarvoor om self te leer. Gesindhede moet verander – wees trots op wie en wat jy is.